

**OORSAKE VAN LEERMISLUKKING IN DIE JUNIOR
PRIMêRE FASE VAN SKOLE IN DIE WINDHOEK
STADSGBIED**

deur

HENDRIKA CLOETE

**voorgelê ter vervulling van die vereiste vir
die graad**

MAGISTER EDUCATIONIS

in die vak

SPESIALEBEHOEFTESONDERWYS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV E I LANDSBERG

NOVEMBER 2001

371.285096881 CLOE



0001947038

Verklaring

“Ek verklaar hiermee dat *Oorsake van leermislukking in die junior primêre fase van skole in die Windhoek stadsgebied* my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het”

H Cloete

.....
HANDTEKENING

(Mej H Cloete)

2002-02-21

.....
DATUM

TITEL: OORSAKE VAN LEERMISLUKKING IN DIE JUNIOR PRIMÊRE
FASE VAN SKOLE IN DIE WINDHOEK STADSGEBIED

DEUR: MEJ H CLOETE

GRAAD: MAGISTER EDUCATIONIS

VAK: SPESIALEBEHOEFTESONDERWYS

STUDIELEIER: MEV EI LANDSBERG

OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek is om die ekstrinsieke en intrinsieke oorsake van leermislukking met spesifieke verwysing na skole in die Windhoek stadsgebied te bepaal en om aanbevelings te doen hoe om leermislukking teen te werk.

Leermislukking en druipling is onrusbarend hoog in skole in die Windhoek stadsgebied. Nadat die Ministerie van Onderwys die semi-outomatiese promoveringstelsel ingestel het, het druipling afgeneem maar leermislukking het toegeneem omdat leerders gepromoveer word sonder dat hulle sukses in die vorige graad behaal het. Volgens die literatuurstudie lê die oorsake van leermislukking by die ouerhuis, die skool, die omgewing en in die leerder self.

Die empiriese ondersoek toon ooreenkomste met die literatuurstudie wat betref die oorsake van leermislukking. Om die oorsake teen te werk

- moet onderwysers beter opgelei word
- moet die ouers meer bewus gemaak word van hulle rol in die leersukses van hulle kinders.
- is meer skoolgeboue en onderwysers nodig om kleiner klasse te bewerkstellig.

TITLE: CAUSES OF LEARNING FAILURE IN THE JUNIOR PRIMARY SCHOOL PHASE IN THE WINDHOEK MUNICIPAL AREA

BY: MS H CLOETE

DEGREE: MAGISTER EDUCATIONIS

SUBJECT: SPECIAL NEEDS EDUCATION

SUPERVISOR: MS EI LANDSBERG

ABSTRACT

The purpose of this research is to establish the extrinsic and intrinsic causes of learning failure with specific reference to schools in the Windhoek municipal area and to make recommendations to counteract learning failure.

Learning failure and grade failing are disconcertingly high in schools in the Windhoek municipal area. After the Ministry of Education implemented the semi-automatic promotion system, grade failing decreased, but learning failure increased because learners are promoted without achieving success in a prior grade. According to the literature study, the causes of learning failure are to be found in the home, the school, the environment, and the learner.

Similarities regarding the causes of learning failure were found in the empirical investigation and the literature study. To counteract these causes

- teachers should be better trained
- parents should become more aware of their role in the learning success of their children
- more school buildings and teachers are needed to limit class sizes.

Key terms

learning failure; semi-automatic promotion; underachievement; extrinsic causes of learning failure; parental styles; school problems; cultural problems; learning difficulties; environmental problems; health problems.

Dankbetuigings

Ek wil hiermee graag my opregte dank uitspreek vir die ondersteuning en bystand wat ek ontvang het tydens my studies. Ek noem graag:

- * **Dr A Dednam**, my voormalige studieleier, vir gewaardeerde hulp en motivering
- * **Mev E Landsberg**, my studieleier, my opregte dank vir haar professionele hulp en leiding
- * **Karliën de Beer** van die UNISA Biblioteek in Pretoria vir die bron-uitdrukke, vriendelike diens en versending van studiemateriaal na Windhoek
- * **Elmarie Kruger** vir die taalversorging
- * **My kollegas** vir bemoediging en morele ondersteuning
- * **HJ** vir sy begrip en volgehoue geloof in my
- * **Aan my familie en vriende** vir hul gebede en aanmoediging
- * **Spesiale erkenning en waardering** aan die skoolhoofde en onderwysers van die gekose skole in die Windhoek stadsgebied
- * **Alle eer en dank** aan my Hemelse Vader vir gesondheid, krag en Sy liefde.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	BLADSY
HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN NAVORSINGSPROGRAM	
1 INLEIDING EN AKTUALITEIT VAN STUDIE	1
1.2 NAVORSINGSPERSPEKTIEF	4
1.3 BEGRIPSVERKLARING	5
1.3.1 Juniorprimêreskool-leerders in Namibië	5
1.3.2 Skolastiese prestasie	6
1.3.3 Skolastiese onderprestasie	7
1.3.4 Leermislukking	8
1.3.5 Druiping	8
1.4 PROBLEEMSTELLING	10
1.4.1 Inleiding	10
1.4.2 Agtergrond tot die probleem	11
1.4.2.1 Die invloed van die semi-outomatiese promoveringsbeleid van die Departement van Onderwys	11
1.4.3 Probleemformulering	12
1.5 DOEL VAN STUDIE	13
1.6 METODE VAN STUDIE	13
1.7 AFBAKENING VAN NAVORSINGSVELD	14
1.8 VERLOOP VAN STUDIE	14
1.9 VOORUITSKOU	15

HOOFSTUK 2: OORSAKE VAN LEERMISLUKKING IN DIE ALGEMEEN, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA LEERDERS IN DIE WINDHOEK STADSGBIED

2.1	INLEIDING	16
2.2	FAKTORE WAT TOT LEERMISLUKKING KAN LEI	17
2.2.1	Ekstrinsieke faktore	17
2.2.1.1	Gesin	17
2.2.1.2	Kultuur	30
2.2.1.3	Omgewing	32
2.2.1.4	Skool	33
2.2.1.5	Portuur	42
2.2.2	Intrinsieke faktore	44
2.2.2.1	Fisieke probleme	44
2.2.2.2	Leergestremdheid	46
2.2.2.3	Intellektuele gestremdheid	53
2.2.2.4	Persoonlikheid	54
2.3	SAMEVATTING	55
2.4	VOORUITSKOU	56

HOOFSTUK 3 NAVORSINGSVERLOOP

3.1	INLEIDING	57
3.2	NAVORSINGSONTWERP	57
3.3	NAVORSINGSDOELSTELLINGS	57
3.3.1	Algemene doelstellings	57
3.3.2	Spesifieke doelstelling	58
3.3.3	Probleemstelling	58
3.4	AFBAKENING VAN NAVORSINGSVELD	58
3.4.1	Steekproefneming	58
3.4.2	Afbakening van navorsingsveld	58

3.4.2.1	Woongebied A	59
3.4.2.2	Woongebied B	59
3.4.2.3	Woongebied C	60
3.4.3	Toestemming van die Ministerie van Onderwys, Sport en Kultuur	60
3.4.4	Vertroulikheid van inligting en anonimiteit van respondente	60
3.4.5	Keuse van respondente	61
3.5	DATA-INSAMELINGSMETODE	62
3.5.1	Die vraelys as insamelingsmetode	62
3.5.2	Data-analise	64
3.5.3	Geldigheid en betroubaarheid van die vraelys	65
3.6	SAMEVATTING	65
3.7	VOORUITSKOU	66

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE 67

4.1	INLEIDING	67
4.2	ADMINISTRASIE VAN DIE VRAELYS	67
4.3	DATA-ANALISE	67
4.3.1	Persoonlike inligting van respondente	67
4.3.1.1	Hoogste onderwyskwalifikasie van respondente	68
4.3.1.2	Onderwyservaring van respondente	68
4.3.1.3	Onderwysers se huistaal	69
4.3.1.4	Voertaal van die skool	69
4.3.1.5	Algemene gevolgtrekking	70
4.3.2	Ekstrinsieke oorsake van leermislukking	71
4.3.2.1	Huislike en gesinsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee	71
4.3.2.2	Die rol van die skool in die leerders se leermislukking	87
4.3.2.3	Omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding gee	109
4.3.3	Intrinsieke oorsake van leermislukking	113
4.3.3.1	Faktore wat in die leerder self geleë is	113

4.3.3.2	Wyses waarvolgens leergestremdhede hanteer kan word	119
4.4.	SAMEVATTING	120
4.5	VOORUITSKOU	120

HOOFSTUK 5: BESPREKING VAN BEVINDINGE

5.1	INLEIDING	121
5.2	PERSOONLIKE INLIGTING VAN RESPONDENTE	122
5.3	EKSTRINSIEKE OORSAKE VAN LEERMISLUKKING	122
5.3.1	Huislike en gesinsfaktore wat tot leermislukking aanleiding kan gee . . .	123
5.3.1.1	Inleiding	123
5.3.1.2	Bevindinge uit die literatuur	123
5.3.1.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	124
5.3.1.4	Gevolgtrekking	124
5.3.2	Invloed van opvoedingstyle van ouers op leerders se emosionele, sosiale en skolastiese vordering	125
5.3.2.1	Inleiding	125
5.3.2.2	Bevindinge uit die literatuur	126
5.3.2.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	127
5.3.2.4	Gevolgtrekking	128
5.3.3	Die invloed van gebroke gesinne op leerders se leermislukking	128
5.3.3.1	Inleiding	128
5.3.3.2	Bevindinge uit die literatuur	128
5.3.3.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	129
5.3.3.4	Gevolgtrekking	130
5.3.4	Die invloed van die huistaal op die leerders se amptelike onderrigtaal . .	131
5.3.4.1	Inleiding	131
5.3.4.2	Bevindinge uit die literatuur	131
5.3.4.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	133
5.3.4.4	Gevolgtrekking	134
5.3.5	Die rol van die skool in die leerders se leermislukking	134

5.3.5.1	Inleiding	134
5.3.5.2	Bevindinge uit die literatuur	134
5.3.5.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	135
5.3.5.4	Gevolgtrekking	137
5.3.6	Toename van kultuurgroepe in die skoolpopulasie	137
5.3.6.1	Inleiding	137
5.3.6.2	Bevindinge uit die literatuur	137
5.3.6.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	138
5.3.6.4	Gevolgtrekking	139
5.3.7	Die bestuurstyl van skole wat tot leermislukking aanleiding kan gee ...	139
5.3.7.1	Inleiding	139
5.3.7.2	Bevindinge uit die literatuur	139
5.3.7.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	140
5.3.7.4	Gevolgtrekking	140
5.3.8	Die rol van die onderwyser	140
5.3.8.1	Inleiding	140
5.3.8.2	Bevindinge uit die literatuur	141
5.3.8.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	142
5.3.8.4	Gevolgtrekking	143
5.3.9	Omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee	143
5.3.9.1	Inleiding	143
5.3.9.2	Bevindinge uit die literatuur	143
5.3.9.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	144
5.3.9.4	Gevolgtrekking	145
5.3.10	Samevattende gevolgtrekking	145
5.4	INTRINSIEKE OORSAKE VAN LEERMISLUKKING	146
5.4.1	Inleiding	146
5.4.1.2	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	148
5.4.1.3	Gevolgtrekking	148
5.4.2	Die manifestasies van leergestremdheid by leerders	148
5.4.2.1	Inleiding	148

5.4.2.2	Bevindinge uit die literatuur	149
5.4.2.3	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	150
5.4.2.4	Gevogtrekking	151
5.4.2.5	Samevattende gevolgtrekking	151
5.5	SAMEVATTING	151
5.6	VOORUITSKOU	152

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	153
6.2	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	153
6.3	METODE VAN NAVORSING	153
6.4	NAVORSINGSBEVINDINGE	154
6.4.1	Bevindinge uit die literatuur	154
6.4.2	Bevindinge uit die empiriese ondersoek	157
6.4.3	Gevolgtrekking	159
6.5	TEKORTKOMINGE IN DIE NAVORSING	159
6.6	AANBEVELINGS	160
6.6.1	Aanbevelings wat voortspruit uit die navorsing	160
6.6.2	Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing	162
6.7	SLOT	162

BIBLIOGRAFIE	165
---------------------------	------------

BYLAE A	
----------------------	--

BYLAE B	
----------------------	--

BYLAE C	Toestemmingsbrief van die Ministerie van Basiese Onderwys en Kultuur	
----------------	--	--

BYLAE D	Toestemmingsbrief aan skoolhoofde om navorsing te doen	
----------------	--	--

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN NAVORSINGSPROGRAM

1.1 INLEIDING EN AKTUALITEIT VAN STUDIE

Die lewensjare vanaf sewe tot tien jaar is uiters belangrik in die lewe van ontwikkelende kinders. Hulle is gewoonlik in die juniorprimêreskool-fase wat die grondslagfase vir suksesvolle vordering op skool is.

Hierdie lewensjare is veral, op opvoedings- en skolastiese gebied, deurslaggewend vir toekomstige skolastiese vordering, en dien as barometer vir menige leerders vir hul toekomstige vordering in die skool. Verdere skoolvordering hang dan ook in menige gevalle af van vordering in hierdie belangrike vormingsjare. Botha, van Ede en Piek (1992:243-245) wys daarop dat die kinders se belangstellings, waardes, selfbegrip en algemene vermoëns aansienlik ontwikkel gedurende hierdie tydperk.

Dit is 'n universele verskynsel dat talle juniorprimêreskool-leerders wat oënskynlik oor gemiddelde intellektuele vermoëns beskik om hul skoolloopbane suksesvol te voltooi, reeds voor die voltooiing van hierdie skoolfase die skool verlaat as gevolg van leermislukkings. In hierdie opsig is Namibië geen uitsondering nie. So, byvoorbeeld, was die gemiddelde persentasie skoolverlaters tussen graad 1 en graad 4, tussen die jare 1991 en 1993 (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1994:65) soos volg:

1991: 6,0%

1992: 6,6%

1993: 4,4%

Dit is veral opvallend en kommerwekkend dat 12,5% van die graad 1 leerders in 1991 die skool verlaat het. Druiping blyk in menige opsig die hooforsaak van skoolverlating te wees. Hoewel die Namibiese Ministerie van Onderwys sedert 1 Januarie 1995 die beleid van semi-outomatiese promovering begin toepas het waar leerders in graad 1 tot 4 hulle graad slegs een keer kan herhaal en vandaar

oorgeplaas word as hulle sou “druip” of nie aan die slaagvereistes voldoen het nie, dien dit nie as ‘n oplossing vir die probleem. Leerders word aangeskuif na ‘n volgende graad net om, as gevolg van moedeloosheid oor die feit dat hulle in hulle leer misluk en nie self kan vorder nie, die skool op ‘n vroeë stadium te verlaat voordat hulle hulle skoolopleiding voltooi het.

Die aanname dat druipling onder primêreskoolleerders (graad 1-4) sorgwekkend hoog is, word geïllustreer deur tabel 1.1 wat die druipsyfer in primêre skole in die Windhoek stadsgebied vir die jare 1994-1997 weergee (Namibia, Ministry of Education and Culture 1994-1997).

TABEL 1.1: DRUIPSYFER (%) IN PRIMÊRE SKOLE 1994-1997 (GRAAD 1-4)

Grade	Jaartal			
	1994	1995	1996	1997
1	11.3	10.9	11.2	10.4
2	8.3	9.6	6.8	7.8
3	7.5	8.1	6.1	4.7
4	12.6	13.2	11.3	4.7

‘n Ontleding van tabel 1.1 dui daarop dat die gemiddelde druipsyfer van graad 1-4 in die primêre skool oor die vier jaar (1994-1997) soos volg uitsien.

Graad 1: 10.9%
2: 8.1%
3: 6.6%
4: 10.5%

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat druipling vanaf 1994 tot 1997 afgeneem het. Dit kan toegeskryf word aan die semi-outomatiese promovering. Tog ervaar onderwysers in hierdie grade dat leermislukking nie afgeneem het nie, maar

toegeneem het omdat meer leerders wat nie die mas in die vorige graad opgekom het nie, na 'n volgende graad gepromoveer word. Die gevolg is dat meer leerders in hul huidige grade sukkel.

Leerders verlaat dikwels die skool omdat hulle dit as 'n keerpunt in die skoolsituasie beskou as gevolg van herhaalde druiping, swak onderrig, swak huislike omstandighede en 'n omgewing wat nie bevorderlik vir leer is nie. Dit word dikwels as struikelblokke tot hierdie leerder se suksesvolle leer gesien (South Africa 1997). Hierdie leerders kon met verdere suksesvolle skoolopleiding, waardevolle rolle in die gemeenskap gespeel het. Die probleem van leermislukking het egter, benewens die verliese op die gebied van mannekragpotensiaal, staatsfinansies en 'n beperking op die toegang deur ander leerders tot die onderwys, ook emosionele steurnisse tot gevolg wat nadelig mag inwerk op die ontwikkeling van die leerder in totaliteit. Enersyds gaan hul potensiaal verlore vir die gemeenskap en andersyds kan baie van hierdie vroeë skoolverlaters 'n las vir die gemeenskap word, onder andere, wanneer frustrasie en onbenutte potensiaal uiting vind in jeugmisdad (Koopman 1984:1).

In 'n snel ontwikkelende wêreld val die klem sterk op ontwikkeling en vordering op die gebied van die wetenskap en tegnologie. Elke land moet dus oor die nodige kundigheid beskik om tred te hou met hierdie wêreldwye tegnologiese en wetenskaplike ontwikkeling. Dit hou belangrike ekonomiese, sosiale en opvoedkundige implikasies in en is juis om hierdie rede van omvangryke opvoedkundige betekenis. 'n Ontwikkelende land soos Namibië kan dus om hierdie rede nie verliese van mannekragpotensiaal ly teen die huidige tempo as gevolg van druiping en vroeë skoolverlating nie.

Om die tegnologiese en wetenskaplike skeppinge van sy tyd effektief te beheer, moet die mens op opvoedkundige gebied tred hou met die veranderde wêreld en hiervoor het ons die nodige kennis en kundigheid nodig. Wanneer agterstande op hierdie terrein begin intree, sal dit waarskynlik lei tot swak sosiale en gemeenskaplike aanpassing, met kettingreaksies van mislukking en agterstande wat op verskeie gebiede tot afwykende gedrag soos misdad en velerlei ander wanoptredes lei. Die

kumulatiewe nadelige uitwerking wat druiwing op leerders in die juniorprimêre-skool (graad 1-4) in die Windhoek stadsgebied kan hê, rig 'n appél om nagevors te word.

1.2 NAVORSINGSPERSPEKTIEF

Ortopedagogiek was vir twee tot drie dekades die algemeen aanvaarde term vir die bestudering van die problematiek rondom leerders wat nie toereikend leer nie. Dit was geskoei op die mediese model waarvolgens leerders na gelang van hulle besondere gestremdheid of probleme na 'n volledige mediese en/of psigologiese ondersoek in skole geplaas is wat voorsiening maak vir leerders met dié bepaalde gestremdheid. Hier is dan hoofsaaklik op die leerder se probleemareas gekonsentreer. In hierdie situasie is die leerders se sterk hoedanighede grootliks agterweë gelaat. Die invloed van die huis en omgewing is as van minder belang beskou (Du Toit 1997:13). Hierdie model het leerders met probleme uitgesonder en dit het gelei tot die etikettering van hierdie leerders.

Vanaf die laat sewentiger jare is daar egter voorkeur begin gee aan die term *leerders met spesiale onderwysbehoefte* [vergelyk die Warnockverslag in Engeland (1978) en die Salamancaverslag (1994)]. Die klem het verskuif na die leerders se spesiale behoeftes eerder as op die oorsake van die behoeftes. In Suid-Afrika het die gesamentlike verslag van die *National Commission on Special Needs in Education and Training en National Commission on Support Services* (voortaan die NCSNET/NCESS verslag genoem) egter die benaming *learners who experience barriers to learning and development* aanbeveel. Die klem val dan op die struikelblokke wat leerders in hulle leer en ontwikkeling kan ondervind. Die verslag (South Africa 1997) noem dat die spesiale behoeftes van die leerders deur oorsake binne die persoon self, die kurrikulum, die leersentrum (byvoorbeeld die skool), die onderwysstelsel en die breër sosiale konteks veroorsaak kan word. Ten einde die leerder in staat te stel om optimaal te vorder, moet hierdie struikelblokke dus verminder of verwyder word. Hierdie struikelblokke manifesteer op verskillende wyses, byvoorbeeld wanneer

- leer skipbreuk ly
- leerders uitsak uit die stelsel
- leerders uitgesluit word uit die gewone onderwysstelsel

Die neiging is dus nou om oor te beweeg na 'n filosofie van *onderwys vir almal*. Hierdie filosofie lê die klem op die waarde van alle mense, die erkenning van hul regte en dat hulle met respek behandel moet word (Burden 1995:53). Dit beteken dat alle leerders die reg het om in die hoofstroom van die onderwys hulle skoolopleiding te kan ontvang. Onderwysers moet dus bereid wees om 'n diversiteit van leerders in hulle klaskamers te aanvaar. Dit is egter nodig dat onderwysers hulle onderrigstrategieë moet verbeter en aanpas om 'n diversiteit van leerders (ook leerders met leerprobleme) te onderrig. Dit is reeds bewys (Gross 1993:3) dat verbeterde skoolprogramme leermislukking kan teëwerk en dus die druipeyfer van leerders kan laat daal. Onderwysers het egter ook 'n netwerk van ondersteuners nodig, te wete onderwysondersteuningsdienste, die staat, ouers, die gemeenskap en ander organisasies, soos CHAIN (Children with Handicap Action in Namibia) en CLASH (Children with learning and speech and hearing problems) om hulle te ondersteun in hulle onderrig aan 'n verskeidenheid leerders.

In hierdie studie sal die klem hoofsaaklik val op dié leerders in die juniorprimêreskool-fase wat leerprobleme ondervind en as gevolg daarvan leermislukking beleef ten spyte van die semi-outomatiese promovoring wat in Namibië sedert 1 Januarie 1995 toegepas word.

1.3 BEGRIPSVERKLARING

1.3.1 Juniorprimêreskool-leerders in Namibië

Die juniorprimêreskool-leerder wat in hierdie navorsing betrek word, word beskryf aan die hand van die huidige beleid ten opsigte van Namibiese primêre skole. Die minimum ouderdomsvereiste vir skooltoetrede is 'n ouderdom van ses jaar, terwyl die juniorprimêreskool-jare strek vanaf graad 1 tot graad 4. Dit bring mee dat die normale

skoolouderdom vir hierdie groepe leerders in Namibië min of meer vanaf ses jaar tot tien jaar strek.

TABEL 1.2: INSKRYWING VAN LEERDERS IN DIE JUNIORPRIMÊRESKOOL-FASE VAN DIE WINDHOEK STADSGEBIED: 1999

GRADE			
1	2	3	4
5685	4919	4822	4272

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat daar 'n afname in leerdergetalle vanaf graad 1 na graad 4 is (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1999:15).

1.3.2 Skolastiese prestasie

Wanneer daar sprake van skolastiese prestasie is, word die aanname gemaak dat 'n leerder so goed sal presteer as waartoe hy in staat is. Enige vorm van prestasie moet egter teen 'n bepaalde verwagte standaard gemeet word. Dit is dus belangrik dat daar deeglik rekening gehou moet word met die presiese omvang van 'n standaard wat gestel word. Wanneer daar norme of standaarde gestel word waarteen skolastiese prestasie gemeet word, moet ons aanvaar dat daar sekere faktore sal wees wat hierdie prestasie sal beïnvloed.

Skolastiese prestasie word gewoonlik by wyse van gestandaardiseerde skolastiese toetse of deur middel van formele eksamens of informele assessering bepaal. Die kwaliteit van toetse en prestasie word vir die skolastiese toetse en eksaminering kwantitatief deur middel van syfers of deur informele assessering met behulp van kwalitatiewe beskrywings uitgedruk, byvoorbeeld, deur die uitreik van rapporte en die skryf van verslae.

1.3.3 Skolastiese onderprestasie

Uit wat onder skolastiese prestasie gesê is, kan skolastiese onderprestasie dus beskou word as prestasie wat aansienlik benede die vlak van 'n persoon se vermoë is om te leer, om sekere toepassings te maak en om take suksesvol binne sy vermoë te voltooi. Skolastiese onderprestasie verskil van leerder tot leerder afhangende van elkeen se unieke omstandighede. Daar is bepaalde aspekte wat in oorweging geneem moet word by die identifisering van akademiese onderpresteerders. Die volgende moontlikhede kan voorkom wanneer akademiese onderprestasie ondersoek word.

■ **Graadonderprestasie**

Sommige leerders is geneig om in terme van die betrokke **graad** waarin hul hulself bevind, met betrekking tot hul totale eksamenpunt, onder te presteer. Hierna word verwys as **graadonderpresteerders**. Hierdie onderprestasie word dan ook in meeste gevalle beskou as die kriterium op grond waarvan 'n leerder 'n graad druipe of slaag.

Pierson en Connell (1992:300) wys byvoorbeeld op die strenger bevorderingsbeleid van leerders op skool wat in 1985 by een-en-dertig state in Amerika ingevoer is ten einde die dalende nasionale prestasies van leerders en die versnellende skoolverlating van leerders aan te spreek. Die algemene tendens het posgevat dat slegs daardie leerders wat aan die maksimum akademiese vereistes voldoen het, na 'n volgende graad bevorder moet word. Diegene wat nie hieraan voldoen het nie, word geag graadonderpresteerders te wees.

■ **Vakonderprestasie**

Sommige leerders ondervind spesifieke probleme met betrekking tot sekere vakke, soos wiskunde, wetenskap of die tale (soms ten opsigte van sekere

komponente van 'n vak byvoorbeeld taal: lees, spel en begrip). Wanneer probleme lei tot onderprestasie in 'n betrokke vak, is daar sprake van vakonderprestasie. Die wyse waarop leerbenadering plaasvind sodat 'n leerder die inhoud sy eie kan maak (verwerking), moet dus aandag geniet.

1.3.4 Leermislukking

Leermislukking by leerders kan daarop dui dat hulle onsuksesvol in hulle leer mag wees en dit kan die meeste van die tyd tot druipling aanleiding gee. Leermislukking word veroorsaak deur 'n aantal faktore wat wedersyds op mekaar inwerk.

Leerprobleme kan ekstrinsieke oorsake hê soos ontoereikende sosiale en omgewingsinvloede soos byvoorbeeld 'n swak huislike opvoedingsomgewing wat meestal eie is aan swak sosio-ekonomiese omstandighede, en 'n swak onderrigomgewing wat mank gaan aan voldoende en doeltreffende fisiese toerusting en 'n bevorderlike opvoedings- en onderrigklimaat.

Intrinsieke faktore wat tot leermislukking aanleiding kan gee is volgens Du Toit (1991:28) en Derbyshire (1991:187) die leerder se fisieke en gesondheidstoestand, sy stadige ontwikkeling wat gevolglik sy skoolgereedheid vertraag, en/of sy onvermoë om aandag te gee wat hiperaktiwiteit of hipoaktiwiteit tot gevolg kan hê.

Hieronder val ook die verstandelik liggestremde leerders, omdat dit moeilik is om hulle altyd korrek te identifiseer. Die oorkoepelende verwysing wat gevolglik vir hierdie studie gebruik sal word is leerders wat in hulle leer misluk het en dus die skool verlaat voordat hulle die kurrikulum voltooi het. Die ekstrinsieke sowel as die intrinsieke oorsake van leermislukking sal breedvoerig in hoofstuk 2 bespreek word.

1.3.5 Druiping

Die pedagogiese standpunt is dat elke individu opgevoed moet word om eendag 'n

selfstandige lewe te kan lei en om 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap te maak waarin hy hom bevind. Die uniekheid van leerders se persoonlikheidseienskappe bring mee dat hulle nie almal oor dieselfde vermoëns beskik nie. Almal kan dus nie dieselfde ontwikkelingsvlak op 'n gegewe tyd bereik nie. Leerders wat voortdurend leermislukking en leerprobleme ervaar kan aan die einde van die skooljaar druiwing ervaar en sal dan 'n graad moet herhaal.

Sekere minimum neergelegde slaagvereistes, soos voorgeskryf deur die Ministerie van Onderwys in Namibië en soos bepaal deur deurlopende assessering, wys gewoonlik of 'n leerder van een graad tot die volgende sal vorder. Gebeur dit dat 'n leerder nie aan hierdie vereistes voldoen nie, "druip" hy en moet hy die daaropvolgende jaar dieselfde graad herhaal. Druiping kom dus daarop neer dat 'n volle jaar se onderwys en die leerpoging van 'n bepaalde leerder misluk het.

Dit is duidelik dat nadat die semi-outomatiese promovering in 1995 ingestel is, daar in grade 1-4 deurgaans 'n daling in druiwing te bespeur is. (Vergelyk tabel 1.1.). Alhoewel dit die geval mag wees dat leerders steeds na die volgende graad oorgeplaas word, gebeur dit soos reeds in afdeling 1.1 aangedui dat leermislukking steeds toeneem. Die leerders se agterstande in hulle skoolwerk neem toe en na vele mislukkings in die klas, kom vroeë skoolverlating voor.

In 1994, voordat semi-outomatiese promovering geïmplementeer is, was die druiwsyfer onder leerders van die juniorprimêreskool-fase in Namibië soos volg (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1995(c):50).

Graad	1: 27089	(34,4%)
	2: 18494	(28,4%)
	3: 13010	(22,6%)
	4: <u>15054</u>	(28,2%)

73647---totaal van almal wat gedruip het

Dit beteken dat 'n totaal van agt en twintig persent leerders in die juniorprimêreskool-fase in 1994 gedruip het (Namibia, Ministry of Basic Education and Training 1995(c):50). Voordat die semi-outomatiese promovingsbeleid geïmplimenteer is, was die algemene tendens om leerders wat nie volgens verwagtinge vorder nie, in graad 1 te laat druipe. Die verandering in beleid van die Ministerie asook die verandering in slaagvereistes, wys daarop dat die druipeyfer oor die vier jaar afgeneem het en in 1997 die laagste was, maar dat die leerders al hoe minder opgewasse is vir die graad waarin hulle is. Die probleem van leermislukking word hiermee net meer geaksentueer.

As in aanmerking geneem word dat die per capita besteding oor hierdie tydperk gemiddeld N\$ 1039 (Chuard, Jarousse en Mingat 1995:67) in die primêre skool beloop het, beteken dit 'n totale verlies vir die staat van N\$76 519 233 aan finansies alleen. Dan is die morele verliese en die nadelige invloed op kinders se persoonsontwikkeling, sowel as die uitwerking op die gemeenskapslewe, nog nie in berekening gebring nie.

1.4 PROBLEEMSTELLING

1.4.1 Inleiding

Die statistiek rondom leermislukking en skoolverlating in grade 1 tot 4 in die Windhoek stadsgebied is die primêre motivering vir hierdie ondersoek en die onderwerp van intensiewe studie. Opvoedkundig gesproke is die ideaal dat elke leerder se potensiaal sover moontlik gerealiseer moet word.

Omdat leermislukking so baie in die Windhoekse skole voorkom, is daar besluit om aan die hand van 'n literatuuroorsig na die algemene oorsake van leermislukking te kyk en watter van hierdie oorsake die juniorprimêreskool-leerders van die Windhoekse skole raak.

1.4.2 Agtergrond tot die probleem

Soos reeds genoem, het leerders voor die semi-outomatiese promovering aan die einde van 1994 “gedruip” as hulle nie die werk van die huidige graad waarin hulle was kon bemeester nie. Vanaf 1995 het druipling afgeneem soos aangedui in tabel 1.1, omdat leerders bevorder word sonder dat hulle geslaag het. Uit gesprekke met onderwysers in die Windhoek stadsgebied kom dit voor dat ten spyte van die afname in druipling, leermislukking steeds voorkom en dat leerders steeds die skool verlaat voordat hulle kursus voltooi is. Dit dien dus nie ‘n doel om die simptoom naamlik druipling te “dokter” nie, maar die situasie noodsaak dit dat die oorsake nagevors moet word en ‘n oplossing daarvoor gevind moet word.

Leermislukking en skoolverlating moet plek maak vir onderwyssukses want dit vorm die grondslag van alle fasette van die menslike bestaan. Suksesvolle opvoeding en onderwys vorm die grondslag van die mens se sin vir waardes, norme, standarde en verantwoordelikheid, dit bepaal sy arbeidsprestasie en ontsluit sy potensiële leierskapseienskappe. Mislukking van die opvoeding en onderwys kan presies die teenoorgestelde tot gevolg hê.

1.4.2.1 Die invloed van die semi-outomatiese promoveringsbeleid van die Departement van Onderwys

Die beleid wys daarop dat leerders in graad 1-4 hulle grade slegs een keer mag herhaal en verder oorgeplaas moet word. Die aanname dat druipling onder juniorprimêreskool-leerders (graad 1-4) sorgwekkend hoog was, en daarna ‘n verbetering toon, word geïllustreer deur tabel 1.3 wat die slaagsyfer in die juniorprimêreskole in Namibië vir die jare 1994-1997 weergee (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1994:65).

TABEL 1.3 SLAAGSYFER (%) IN PRIMÊRE SKOLE VIR GRADE 1-4 (1994-1997)

Grade	Jaartal				
		1994	1995	1996	1997
1	Totaal	84.4	88.6	89.5	88.3
	Seuns	83.1	86.8	87.7	85.2
	Dogters	85.8	92.4	91.3	91.6
2	Totaal	90.0	91.0	94.5	92.5
	Seuns	88.2	87.3	92.0	91.7
	Dogters	91.7	94.9	97.0	93.4
3	Totaal	93.1	91.9	92.2	97.5
	Seuns	91.1	91.2	90.8	96.2
	Dogters	95.2	92.7	93.4	98.7
4	Totaal	84.7	86.3	91.5	94.9
	Seuns	81.7	83.9	89.4	93.0
	Dogters	87.7	88.9	93.6	96.8

Uit bogenoemde blyk dit dat sedert die implimentering van die semi-outomatiese promoveringsbeleid daar 'n algemene styging in die slaagsyfer in die grade 3-4 te bespeur is. Dit is ook opvallend dat regdeur al die grade die slaagsyfer by dogters hoër is as by seuns.

1.4.3 Probleemformulering

Volgens die literatuur (Du Toit 1991: 28; en South Africa 1997) verlaat leerders die skool as gevolg van herhaalde druiing, swak onderrig, swak huislike omstandighede en omgewings wat nie bevorderlik vir leer is nie. Daarom is dit nodig om vas te stel of die oorsake soos uit die literatuur verkry, ook op die Windhoek stadsgebied van toepassing is. As die oorsake en manifestasies van leermislukking vasgestel is, kan riglyne opgestel word om onderwyser(s) te help om die oorsake en manifestasies van leermislukking vroegtydig uit te ken en om aan daardie leerders besondere hulp te

verleen sodat leermislukking en gevolglik druipling kan verminder.

Die navorsing gaan aan die hand van die volgende vraag gedoen word:

- Watter algemene faktore lei tot leermislukking en druipling in die juniorprimêreskool-fase in enkele skole in die Windhoek stadsgebied, volgens enkele onderwysers?

1.5 DOEL VAN STUDIE

Die doel van hierdie studie is gemik op die volgende:

- Om ondersoek in te stel na die oorsake van leermislukking in die algemeen met spesifieke verwysing na die Windhoek stadsgebied.
- Om aanbevelings te maak wat kan help om leermislukking teen te werk.

1.6 METODE VAN STUDIE

Die navorsingsmetode wat gevolg word, sal in die eerste plek gerig wees op 'n literatuurverkenning oor die voorkoms en oorsake van leermislukking in die algemeen met verwysing na leerders in die Windhoek stadsgebied. In hierdie opsig sal die navorsing dus beskrywend van aard wees.

Tydens die empiriese navorsing sal onderwysers uit verskillende skole in drie woonareas van die Windhoek stadsgebied geïdentifiseer word om vraelyste te beantwoord. Hulle sal verteenwoordigend van hul omgewing (skole in hul woonarea) wat betref hul kultuuragtergronde, sosio-ekonomiese omstandighede en taalindeling wees. Die navorsingsinstrument wat aangewend sal word, sal volledig in hoofstuk drie (empiriese ondersoek) beskryf word.

1.7 AFBAKENING VAN NAVORSINGSVELD

Die navorsing is gerig op die leermislukking van leerders in graad 1 tot 4 in die juniorprimêreskool-fase in die Windhoek stadsgebied. Die juniorprimêreskool-fase strek vanaf graad 1-4 (met ander woorde vanaf die leerder se eerste tot sy vierde skooljaar indien sy vordering normaal verloop). Geografies sal slegs juniorprimêreskool-leerders in die Windhoek stadsgebied betrek word.

Die keuse het op hierdie geografiese gebied geval omdat hierdie gebied, histories nog altyd die beste daartoe toegerus was om effektiewe onderwys aan te bied. Dit is hier waar die beste opvoedingsatmosfeer bestaan, die beste fasiliteite en toerusting en die beste gekwalifiseerde onderwysers voorkom. In sommige plattelandse en verafgeleë gebiede is daar byvoorbeeld soveel ongekwalifiseerde onderwysers in diens dat die ewewig tussen goeie toerusting en die gehalte van die onderwys mekaar nie doeltreffend genoeg kan aanvul ten einde 'n betroubare beeld te verkry nie. Ten spyte van die meer voordelige onderwys in die stadsgebied, kom leermislukking en druipling ook hier op 'n groot skaal voor.

1.8 VERLOOP VAN STUDIE

Die verdere verloop van hierdie navorsing sien soos volg daar uit.

In hoofstuk twee sal daar 'n ontleding gegee word van die oorsake van leermislukking in die algemeen, met spesifieke verwysing na leerders in die juniorprimêreskool-fase van die Windhoek stadsgebied.

In hoofstuk drie sal die empiriese ondersoek beskryf word, wat gaan lei tot 'n ontleding van die oorsake van leermislukking in die verskillende skole van die Windhoek stadsgebied.

'n Ontleding van die resultate soos verkry uit die ondersoek in hoofstuk drie, sal in hoofstuk vier onderneem word.

In hoofstuk vyf sal die bespreking van bevindinge soos in hoofstuk vier verkry gedoen word.

In hoofstuk ses sal 'n samevatting en aanbevelings oor die navorsing gegee word.

1.9 VOORUITSKOU

In hoofstuk 2 sal daar na oorsake van leermislukking in die algemeen gekyk word met spesifieke verwysing na leerders in die juniorprimêreskool-fase in enkele skole van die Windhoek stadsgebied.

HOOFSTUK 2

OORSAKE VAN LEERMISLUKKING IN DIE ALGEMEEN, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA LEERDERS IN DIE WINDHOEK STADSGBIED

2.1 INLEIDING

Die leerhandeling is 'n omvattende en ingrypende gebeure en om sukses daarmee te behaal beteken dit dat die leerder sy moontlikhede moet realiseer. Dit bring mee dat daar toenemend ontwikkeling in die leerder se omgang met die werklikheid moet wees en dat sy eie leefwêreld al hoe ryker en omvangryker word. Enige tekort of remming wat 'n leerder ondervind sal hom op elke vlak beïnvloed en dus sy totale menswees en ontwikkeling raak.

As die leerder in die leersituasie om die een of ander rede moeilikhede ervaar wat hy nie kan oorbrug nie, ontwikkel hy 'n leerprobleem wat kan aanleiding gee tot leermislukking en die vermyding van die leersituasie. 'n Leerprobleem by 'n leerder word veroorsaak deur 'n aantal faktore wat wedersyds op mekaar inwerk. In sy eie, unieke omstandigheid is elke leerder se leerprobleme en faktore wat dit beïnvloed uniek en eiesoortig.

Op die een of ander stadium kom elke leerder voor 'n probleem of opgawe te staan waaraan hy nie kan voldoen nie weens beperkte kennis, insigte, vaardighede, aanleg en vermoëns. Of hierdie situasie 'n krisissituasie sal wees, word grootliks bepaal deur die leerder se intelligensie, aanleg, emosionaliteit, belangstelling, sosiale milieu, leermilieu...trouens deur sy totale lewensituasie en persoonseienskappe. Die leerder beland dan in 'n situasie waar hy op addisionele hulp aangewese is en sy probleem word ook 'n probleem vir die onderwysers en ander opvoeders op wie hy aangewese is. Om dus hierdie leerprobleme aan te spreek moet daar begin word deur die ekstrinsieke en intrinsieke faktore wat moontlik aanleiding tot leermislukking en skoolverlating by die juniorprimêreskool-leerders kan gee, te ondersoek.

2.2 FAKTORE WAT TOT LEERMISLUKKING KAN LEI

Faktore wat tot leermislukking kan lei, kan ekstrinsiek wees, dit wil sê, wat vanuit die omgewing op die leerder inwerk en so leerprobleme by die leerder veroorsaak. Leermislukking kan ook deur intrinsieke faktore veroorsaak word — faktore wat vanuit die leerder self kom soos neurologiese probleme wat in leergestremdheid soos taal-, wiskunde- en gedragsprobleme manifesteer.

2.2.1 Ekstrinsieke faktore

Soos genoem, behels ekstrinsieke faktore daardie invloede wat van buite af op 'n leerder inwerk en sy leerprestasie op positiewe of negatiewe wyse beïnvloed. Hoewel hierdie faktore van buite af inwerk, kan dit intrinsieke probleme soos emosionele spanning veroorsaak wat neerslag vind in angstigheid, vrees, depressie of eensaamheid.

Vervolgens word daar na verskillende ekstrinsieke faktore gekyk wat 'n invloed op leerders mag uitoefen en tot leermislukking en vroeë skoolverlating kan aanleiding gee. Daar sal ook gekyk word na die rol wat hierdie faktore moontlik op die Namibiese kind in die Windhoek stadsgebied kan speel.

2.2.1.1 Gesin

Die primêre opvoeding van die kind vind in die ouerhuis en gesin plaas. Daarom is die invloed wat van die ouerhuis uitgaan, van kardinale belang vir die kind se totale ontwikkeling. Derbyshire (1989:64) beskryf die gesin soos volg: "It is a kingship grouping which provides for the rearing of children and for certain other human needs". Seismeer (Derbyshire 1989:64) beskryf weer die gesin soos volg: "It is two or more persons by blood, marriage, or adoption who often live together in the same household". Donald, Lazarus en Lolwana (1997:184) verwys na die gesin as nie net na die moeder, vader en kinders wat as model dien soos in die meeste Westerse

gemeenskappe nie. Grootouers en ander familie speel ook 'n rol in die opvoeding van die kind. Dit is 'n verskynsel wat algemeen in Afrika voorkom en ook in Namibië die geval is.

'n Gesin is egter meer as net die saamwoon van verwante persone. Dit omvat 'n komplekse samestelling van lede wat in ingewikkelde verhoudinge tot mekaar staan en waar daar onderlinge verbande heers en invloede op mekaar inspeel. Die belangrikste komponente van die gesin is die volwassenes en die kinders. Elkeen van die lede het rolle om te vervul omdat dit belangrik is vir die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind. Hierdie rolle verander van tyd tot tyd na gelang van die behoeftes en samestelling van die gesin.

a) Die enkelouergesin

Steyn (1989:96) toon aan dat die situasie van die enkelouergesin deur 'n bepaalde sosiale gebeurtenis tot stand kan kom, waaronder die volgende die belangrikste is:

- verlies as gevolg van die dood van een van die ouers
- egskeiding deur die wettige ontbinding van die huwelik
- ongehude moederskap waar die moeder besluit om die kind te behou

Ongenoegsame aandag deur die enkelouer aan die kinders dra daartoe by dat baie van hulle emosioneel afgeskeep voel. In die geval van 'n egskeiding of ongehude moederskap word die band tussen die kind en die een ouer wat nie in die huis is nie, gewoonlik die vader, erg verswak weens die gebrek aan min of geen kontak met hierdie ouer (McLanahan en Sandefur 1994:3). Landsberg (1994:55) wys verder daarop dat as gevolg van die feit dat die moeder nou die broodwinner word, sy as enkelouer gewoonlik te veel verantwoordelikhede het. Dit bring mee dat die kind(ers) nie genoegsame aandag van die moeder ontvang nie.

Ook in die geval van buite-egtelikheid is die moeder gewoonlik die enkelouer in so 'n gesin. Miller (1992:11) verwys na die situasie van ongehude moederskap in die

Verenigde State van Amerika en voer aan dat, terwyl die geboortesyfer binne die huwelik aansienlik afgeneem het, geboortes buite die huwelik die hoogste syfers in onlangse tye bereik het. In die Afrikakultuur word die geboorte van 'n baba of 'n swangerskap as vereiste gestel voordat 'n huwelik kan plaasvind. Grootseksuele losbandigheid en die hoë syfer van verkragting wat plaasvind dra ook by tot hoë syfers van buite- egtelikegeboortes in Afrika (Jordaan, Tshabalala & Mfono 1991:27).

In huise waar kinders voortdurend mishandel word, waar ouers aan drank verslaaf is en waar een ouer afwesig is vir lang periodes, werk dit stremmend in op die kind se intellektuele, akademiese en sosiale ontwikkeling.

b) Die volledige gesin

Die volledige gesin bestaan uit die teenwoordigheid van beide ouers. Elkeen van die ouers het 'n geslags- en identiteitsrol om te vervul om die behoud van die gesin te verseker. Navorsing het bewys dat kinders wat in 'n huishouding waar beide biologiese ouers teenwoordig is opgroei, beter daaraan toe is ongeag of die ouers getroud was of nie toe die kind gebore is (McLanahan & Sandefur 1994:1). 'n Geslaagde huwelik bring mee dat die ouers 'n positiewe model vir hulle kinders ten opsigte van wederkerige ondersteuning en probleemoplossing daarstel (Gerdes & van Ede 1992:531).

Verder kan die ouers se gedrag 'n invloed op die kind se emosionele en sosiale gedrag en sy vordering op skool hê. Indirek kan die ouers se onderlinge verhouding dus ook 'n invloed op die kind se leer hê. Reeds op 'n vroeë ouderdom word kinders se gedrag deur hierdie verhouding beïnvloed. Steyn (1989:96) wys daarop dat "kinders in die ouderdomsperiode van drie tot vyf jaar 'n sterk besitlike gehegtheid teenoor die ouer van die teenoorgestelde geslag ontwikkel, asook 'n gepaardgaande begeerte om die rol van dieselfde geslag oor te neem". Waar hierdie verhouding versteur word, openbaar kinders dikwels emosionele en gedragsprobleme wat tot

leerprobleme kan aanleiding gee.

Alhoewel daar verbande getrek kan word tussen die opvoedingstyle van die ouers, is elke ouer se opvoedingstyl met elke spesifieke kind in die gesin uniek. Die korrelate in die opvoeding van kinders word deur die kultuurgroep waaraan die gesin behoort bepaal, asook die omgewing waar hulle woon en die sosio-ekonomiese status van die gesin.

Vervolgens sal kortliks gekyk word na die verskillende opvoedingstyle wat by ouers kan voorkom. Hierna sal net gekyk word na opvoedingstyle en persoonseenskappe wat leermislukking tot gevolg kan hê.

Opvoedingstyle van ouers wat tot leermislukking by hulle kinders kan lei

Opvoedingstyle word bepaal deur die ouers se persoonseenskappe. Navorsing het getoon dat verskillende opvoedingstyle van ouers die persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van die kind kan beïnvloed (Santrock 1995:237) en dus ook die kind se ontwikkeling en sy vermoë om suksesvol te leer.

Die volgende opvoedingstyle word onderskei:

- **Outoritêre ouerskap** verwys na "A restrictive, punitive style, that exhorts the child to follow the parent's directions and to respect work and effort. The authoritarian parent places firm limits and controls on the child with little verbal exchange allowed" (Santrock 1995:237). Outoritêre ouerskap bring mee dat hierdie kinders onveilig voel in hul huislike opset en sukkel om aan te pas, en om met maats te sosialiseer. Weens die angstigheids wat die kind in homself omdra is hy te bang om te waag en dit lei tot swak kommunikasievaardighede. In die klaskamer gaan inhoud by die leerder verlore weens hierdie angstigheids wat die konsentrasie van die kind affekteer en tot leerprobleme in die skool mag lei. In ondersoekes by skole in Khomasdal, Katutura en die Windhoek

stadsgebied is gevind dat ouers van leerders met leerprobleme die leerprobleem as luiheid by hul kinders sien. Hulle probeer dit regstel met strenger dissipline, meer straf en meer beloning vir sukses (Namibia, Ministry of Basic Education & Culture 1999:1-6).

- **Permissief- onverskillige ouerskap** is 'n styl waar ouers baie onbetrokke in die lewe van hulle kind/kinders is. Die kinders ontvang baie min of geen stimulering tuis. Die kind is geneig om 'n traak-my-nie-agtige houding in te neem, omdat die huisreëls hom vrye teuels gee om te doen wat hy wil. Hierdie kinders het probleme om aan te pas en het nie kontrole oor hulle selfbeheersing in die teenwoordigheid van maats nie. Die kinders van ouers met hierdie opvoedingstyl mag verworpe voel, omdat dit vir hulle kan voorkom dat die ouers nie vir hulle omgee nie. Die probleme wat hieruit kan voortspruit is dat die kind ongemotiveerd kan raak, belangstelling verloor in sy skoolwerk en kan begin stokkiesdraai. Sulke kinders raak meestal agter in hul skoolwerk sonder dat die ouers dit agterkom (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1994:155).

- **Permissief-toegeeflike ouerskap** verwys na ouers wat betrokke by hulle kinders se doen en late is maar weinig kontrole oor hulle kinders uitoefen of weinig eise aan hulle stel. Hierdie kinders hoef nie verantwoordelikheid vir eie besluite te aanvaar nie. Hulle bly afhanklik vir raad en ondersteuning van ander. Hulle is dikwels maklik vatbaar vir negatiewe beïnvloeding. Soms bly hulle afhanklik van ander tot in hulle volwasse lewe (Santrock 1995:238). Selfs in die klassituasie sal hulle geneig wees om nie ten volle deel te neem aan klasaktiwiteite nie, omdat hulle voortdurend verwag om deur hulle onderwyser of maats gehelp te word. Hierdie houding kan tot leerprobleme in die skoolopset lei (Namibia Ministry of Basic Education & Culture, Referral Form 1996: 1-6).

- **Koue opvoedingstyl.** Hierdie houding van ouers ten opsigte van hulle kinders is oppervlakkig en onverskillig, negatief en soms selfs vyandig. Die ouers toon geen begrip vir die kind nie, en is selde beskikbaar vir die kind. Van 'n vertrouensverhouding en ondersteuning is daar dan ook geen sprake nie. Die ouers bestee min tyd aan die kind en neem die kind selde saam uit. Die kind kan nie probleme met sy ouers uitpraat nie. 'n Gesellige gesinsatmosfeer ontbreek dus. Die kind voel onveilig, oorangstig, vrees sy ouers en is ongemotiveerd. Hy voel onseker in sy optrede en toon min waagmoed.

In die klaskamer mag die leerder onverskillig teenoor sy skoolwerk staan. Sy huiswerk mag daaronder ly. Omdat dit tuis nie opgevolg word nie, mag hy selfs negatief teenoor sy skoolwerk wees (Le Roux 1992:27-28).

- **Die dominante opvoedingstyl.** Hierdie ouer vertoon 'n bepaalde besitsneiging ten opsigte van die kind. Die kind geniet min vryheid. Die ouers wil hom voortdurend in al sy handelingne kontroleer en korrigeer. Sommige ouers stel hoë eise aan hul kinders en probeer die kind volgens hulle beskouinge groot maak. Hierdie opvoedingstyl kom in sekere mate ooreen met die outoritêre opvoeding en soms word dwang in die opvoedingsproses gebruik.

Hierdie kinders ontwikkel 'n gevoel van minderwaardigheid en 'n swak selfbeeld, omdat hulle in die opvoeding min of geen geleenthede gegun word om ook self standpunt in te neem en uiting aan hul gevoelens en denke te gee nie. In die klas mag die kind te bang wees dat hy verkeerd mag werk. Die kind werk in isolasie en voel nie vry om probleme met sy onderwyser te bespreek nie. Hierdie gebrek aan waagmoed mag 'n negatiewe invloed op sy skoolwerk hê (Le Roux 1992: 28-29).

Die volgende ontoereikende persoonseienskappe van ouers kan hulle kinders se prestasies op skool beïnvloed:

- **Oorbeskermende ouers** laat weinig of geen inisiatief aan hulle kinders oor. Sulke ouers doen feitlik alles vir hul kinders in die huis en vertrou geen takies aan hul kinders self toe nie. Op skool is die kinders bang om self te probeer en steun sterk op die onderwysers en ander kinders. Hulle is geneig om ander na te volg sonder om enige eie inisiatief self te neem.
- **Teruggetrokke en skugter ouers** is nie noodwendig onbekwaam, onwillig of ongeïnteresseerd in hulle kinders nie. As gevolg van hul teruggetrokke persoonlikheid, gebrek aan selfvertroue, spruitend uit negatiewe prestasies en mislukking in hulle verlede, is hulle huiwerig om ten volle betrokke te raak by hul kinders se opvoeding. Gewoonlik ly sulke ouers aan 'n minderwaardigheidsgevoel en word hulle hierdeur weerhou om ten volle deel te hê aan hul kinders se skoolopvoeding. Die kinders dra hierdie onsekerheid na die skool oor. Hulle voel onveilig en minderwaardig en huiwer om aan besprekings in die skool deel te neem.
- **Onbevoegde en afhanklike ouers** is onseker van hulleself en is gewoonlik onbewus van hul kinders se opvoedingsbehoefte. Hulle is nie noodwendig negatief ingestel teenoor hul kinders se opvoeding nie, maar voel dat hulleself nie oor die nodige insig beskik om 'n bydrae te lewer tot hul kinders se skoolopvoeding nie (Lion-Cachet 1992:28).

Die negatiewe opvoedingstyle en persoonseienskappe wat hierbo aangespreek is, mag oor die algemeen negatiewe invloede op die kind se prestasie op skool meebring. Die leerder sonder selfvertroue, wat onveilig voel, vreesagtig en angstig is, se skoolvordering word in besonder hierdeur geraak.

c) Interpersoonlike verhoudinge binne die gesin

Persoonlikheidsfaktore wat verband hou met die leermislukking van die leerder is geleë in sy interpersoonlike verhoudinge met die mense wat hom omring. In die geval van die juniorprimêrskool-leerder bestaan sy sosiale interaksie veral uit sy

onmiddellike gesin, sy vriende en sy onderwysers. Hierdie interaksie speel 'n belangrike rol in die leerder se eie identiteitsvorming wat weer 'n ewe belangrike rol speel in 'n persoon se houding teenoor leer.

Derbyshire (1989:66-67) toon aan dat gesprek, dialoog, interaksie en kontak tussen die lede van 'n gesin alleen moontlik is as daar sprake van 'n verhouding is. Volgens Le Roux (1992:34-35) ontwikkel die persoonlikheid van die leerder onder direkte invloed van die opvoeding. Veral die ouers, maar ook ander persone, soos ouer broers en susters of grootouers wat deel van die huishouding uitmaak, oefen 'n groot invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind uit. Die gesinsopvoeding vind plaas deur die direkte persoonlike kommunikasie tussen ouers en kinders. Sou daar dus 'n gaping wees, byvoorbeeld weens te besige ouers kan dit 'n negatiewe invloed op die kind se opvoeding en hulle verhouding hê. Die kind mag sy toevlug tot maats neem met die bespreking van probleme wat hom nie noodwendig die regte leiding mag gee nie. So 'n leerder mag onseker en ongemotiveerd oor homself voel. Wanneer hy in die klassituasie moet deelneem aan gesprekvoering en debattering is sy deelname beperk tot kort antwoorde op direkte vrae.

Ingrypende verskille tussen ouers se opvoedingsbenadering, soos byvoorbeeld wanneer ouers voortdurend rusies het en een ouer inkonsekwent optree, kan lei tot verwarring, onsekerheid en 'n gevoel van onveiligheid by kinders. Dit kan aanleiding tot voortdurende leermislukking gee wat weer later tot vroeë skoolverlating aanleiding kan gee (Derbyshire 1989:66-67).

Koopman (1993:142-153) wys daarop dat waar daar 'n leerder in die huis is wat swak presteer, die ander broers en susters meestal oorbeskermend en jammer vir hierdie broer of suster voel. Hierdie negatiewe invloede op die leerder maak hom nog meer ongemotiveerd in sy skoolwerk en laat hom minderwaardig voel. Sy waagmoed neem af en hy begin onderpresteer.

Voortdurende interpersoonlike konflik soos voortdurende rusies en selfs geweld

tussen ouers in die gesin kan onsekerheid en onveiligheid by 'n jong kind skep, wat daartoe aanleiding gee dat hy hom tot sy maats op straat wend. Dit kan weer aanleiding gee tot swak skoolbywoning en tot jeugmisdaad.

As gevolg van die negatiewe omstandighede tuis, kan die kind, in sy omgang met klasmaats, huiwerig en onseker voel om volle deelname aan sy klasaktiwiteite te hê. Agterstande in sy skoolwerk kan opbou wat swak prestasie of selfs druiping tot gevolg mag hê.

(i) *Versteurde basiese gesinsverhoudinge*

Soos reeds genoem, behoort die gesin wat uit ouers, broers en susters bestaan, as 'n gelukkige, liefdevolle en ondersteunende eenheid saam te woon. Donald et al (1997:184) wys daarop dat die basiese funksionering van die gesin in Afrika oor die algemeen versteur is. Soos in die res van Afrika, is gesinne in Suidelike Afrika (waarby Namibië ingesluit is) deur faktore soos verwestering, verstedeliking, migrasiewette, en ander diskriminerende maatreëls versteur. Volgens Eccles en Harold (1996:7) is die beskikbaarheid van sosiale en psigologiese bronne, soos byvoorbeeld sosiale ondersteuningsnetwerke, die algemene psigiese en fisieke gesondheidstoestand van die ouers en hul algemene beheerstrategieë, van die uiterste belang vir die gesonde opvoeding van hulle kinders. Ouers in stedelike gebiede het die sosiale ondersteuningsnetwerke van grootouers en ander familieledes wat bydra tot die opvoeding van hulle kinders tot 'n groot mate verloor. Die verstedeliking bring mee dat die ouers moet werk vir finansiële sorg. Die gevolg is dat beide ouers die huis vroeg soggens verlaat. Die kinders word alleen of in die sorg van onbelangstellende grootouers of sonder die toesig van enige volwassene gelaat. In baie gevalle is die vader 'n trekarbeider wat op die myne ver van die huis werk en slegs een keer per jaar huis toe gaan. Daar vind dus weinig emosionele binding tussen die vader en sy kinders plaas. Hierdie faktore dra in 'n groot mate by tot die verbrokkeling van gesinne. Saam met die invloed van armoede het dit die funksionering van gesinne al hoe meer bemoeilik.

Versteurings binne die gesin bring dus mee dat daar versteuring van interpersoonlike verhoudinge is. Donald et al (1997:185) is van mening dat wanneer kinders sosiale en interpersoonlike probleme ondervind, hulle op korttermyn oorlewingsdoelwitte aangewese is en gevolglik identifiseer met maats wat buite gesinsverband geleë is.

Donald et al (1997:185) verwys ook na die rol van die individuele kind in interpersoonlike verhouding en raak die volgende twee punte aan:

- Die kind word nie net passief en eensydig geaffekteer deur dit wat binne gesinsverband plaasvind nie, maar vorm altyd 'n aktiewe deel daarvan. Dit impliseer dat die kind as individu en in sy leer direk geaffekteer kan word.
- Gewoonlik het interpersoonlike probleme hul oorsprong in ontwikkelingservaringe gedurende die kinderjare, maar dit kom eers na vore gedurende die laat kinderjare en adolessensie. Behoeftes soos byvoorbeeld selfaanvaarding en begrip verkeer voortdurend in interaksie met die kind se spesifieke vermoëns, emosionele behoeftes en sy verhouding in 'n spesifieke konteks waarin hy hom bevind. As die kind onsuksesvol in sy leer is weens die feit dat sy behoeftes nie bevredig word nie, mag dit lei tot druijing en vroeë skoolverlating.

Daar moet onthou word dat individuele interpersoonlike verhoudinge 'n vasgelegde patroon volg wat meestal binne gesinsverband vorm aanneem. So byvoorbeeld, sal 'n kind wat voortdurend binne gesinsverband gekritiseer word, 'n swak selfbeeld ondervind wat hy of sy oordra na probleme in ander interpersoonlike verhoudings binne sy portuurgroep, skoolverband en in die gemeenskap. Kinders wat hulself in sulke situasies bevind, is geneig om later aggressief te reageer ten einde te vergoed vir hul gevoel van onbekwaamheid. Hulle gee soms hieraan uiting in die vorm van drankmisbruik, verdowingsmiddels en publieke geweld.

Weens die werklas het baie ouers min tyd om saam met hulle kinders deur te bring gedurende 'n werksdag. Ook die televisie bring mee dat daar minder interaksie tussen die gesinslede is. Die tyd wat kinders alleen moet deurbring of oorgelaat is aan oppassers het in die laaste tyd toegeneem (Shea 1991:6-7). Hierdie kinders moet soms belangrike besluitneming alleen behartig waarvoor hulle nie opgewasse is nie.

(ii) *Sosio-ekonomiese status van die gesin*

Die sosio-ekonomiese status van 'n gesin word bepaal deur hul materiële besittings en beskikbaarheid van lewensmiddele. Gesinne word geklassifiseer as lae, middel of hoë sosio-ekonomiese groepe volgens inkomste, lewenstandaard en beroep en die opvoedingspeil van die broodwinners. Koopman (1993:155) wys daarop dat die sosio-ekonomiese status van 'n gesin meestal bepaal word deur die beroep van die hoofbroodwinner.

Waar die inkomste van die hoofbroodwinner goed is, mag dit lei tot 'n beter lewenstandaard. Waar daar egter 'n swak inkomste is en selfs werkloosheid, kan dit aanleiding gee tot velerlei probleme soos swak en oorbewoonde huisvesting, lae lewenstandaard wat 'n lae kultuuroopvoedkundige vlak, lae toekomsaspirasies en gevolglik swak skoolastiese vordering tot gevolg het.

Feitlik die hele vasteland van Afrika val onder die ontwikkelende lande van die wêreld wat dui op 'n lae sosiale ontwikkelingsstand van die meerderheid van die bevolking. Volgens Le Roux en Gildenhuys (1994:32) tel die bevolking in Afrika onder die armstes van die wêreld se armes. Drie uit elke vyf lede van die bevolking kan as ondervoed beskou word. Ondervoeding by die jonger kind lei tot onderontwikkeling van die brein (Brierly 1987:35) en by skooltoetredes sukkel die honger leerder om te konsentreer. Kindersterftes van 120 uit elke duisend kom voor die eerste verjaardag voor. Weinig families het toegang tot veilige water vir menslike gebruik, die res gebruik afloopwater wat siektetoestande soos cholera vermeerder.

Die Namibiese sosio-ekonomiese situasie verskil nie veel van die res van Afrika nie waar armoede en al die negatiewe gevolge wat daarmee gepaard gaan, hoogty vier. Baie van die leerders in die juniorprimêreskool-fase in skole in Namibië is afkomstig uit die middel- en lae sosio-ekonomiese groepe (Namibia, Ministry Basic Education and Culture 1991(a):55).

Wat Namibië betref, gee die 1993/94 sensusopname (Namibia, National Planning Commission 1994:80-82) belangrike informasie oor die huislike toestande: Ongeveer 50% van die huiseenhede in die land bestaan uit krale of hutte waarin 50% van die populasie gehuisves word. Op die platteland maak hierdie tipe behuising ongeveer 75% van alle wooneenhede uit. In die stedelike gebied maak afsonderlike konvensioneelgeboude woonstelle 80% van alle wooneenhede uit en bied dit woongeriewe aan 34% van die land se bevolking. Dit bring mee dat die geriewe in die huise in die stedelike gebiede baie beter is as op die platteland. 'n Verdere vergelyking (Namibia, National Planning Commission 1994:83) dui daarop dat as die hoof van die huishouding 'n manlike persoon is ('n volledige gesin) is die ekonomiese omstandighede van die gesin beter as wat die geval is as die hoof van die huishouding 'n vrou is (die enkelouer). Volgens die 1993/94 sensusopname is die gemiddelde ledetal per huishouding 5.2 persone. Dit bring mee dat daar huishoudings van 6-7 persone, 8-9 persone en selfs tot 10+ persone in die huishoudingspopulasie voorkom. Wat die beskikbaarheid van veilige drinkwater en ander fasiliteite betref, is die situasie soos volg (Namibia, National Planning Commission 1994:59-61): 59% van die populasie (62% stedelik en 43% landelik) het toegang tot veilige drinkwater: 57% van alle huishoudings in die land beskik oor elektrisiteit vir beligting.

'n Groot meerderheid van die inwoners van Namibië val in die laer inkomstegroepe en dra daartoe by dat die onderwys van hulle kinders nie as die belangrikste faktor in hulle lewens gesien word nie. Statistiek (Namibia, National Planning Commission 1996:49-50) wys ook dat tot vyf en sestig persent van die Namibiese bevolking geen sekondêreskoolopleiding ontvang het nie. In dertig persent van die Namibiese huishoudings het die hoof van die huishouding geen formele skoolopleiding ontvang

nie, terwyl in ongeveer sestig persent van die huishoudings, die hoof van die huishouding slegs primêreskoolonderwys ontvang het. Dit bring mee dat ouers hulle kinders nie motiveer om onderwys te ontvang nie, hulle kinders dus nie gereeld skool toe stuur nie, en ook nie in hulle kinders se finansiële behoeftes op skool kan voorsien nie. Die kinders het nie hoë ideale op die akademiese gebied nie en stel min in die skool en skoolwerk belang. Radio's, televisie en literatuur wat die algemene kennis van leerders uitbrei en hulle geleentheid gee tot selfstudie, kom baie min in hierdie omstandighede voor en dra daartoe by dat die leerder nie na wense op skool presteer nie. Ouers wat nie oor voertuie beskik nie mag 'n probleem hê om die kind by skoolaktiwiteite te kry. Die kind kan aktiwiteite soos spesiale naskoolse programme mis, en as gevolg daarvan, leerprobleme ondervind (Roberts, Smith & Bryce 1995:50-51). Hierdie leerders mag minderwaardig teenoor hul maats voel. Hulle belangstelling en konsentrasie in hulle skoolwerk is dus laag.

In sommige gevalle moet die ouer dogters na die jonger kinders omsien terwyl die ouers albei werk. Op die platteland moet seuns op vroeë ouderdom reeds as plaasarbeiders werk. Hierdie leerders toon min motivering wanneer hulle wel die skool bywoon, en dit mag aanleiding tot leerprobleme en selfs tot vroeë skoolverlating gee.

Alhoewel stedelike leerders feitlik aan dieselfde omgewingstoestande onderworpe is as in die platteland, is hierdie leerders meestal meer blootgestel aan plakkersbehuising, geraas en misdaad. Laasgenoemde elemente kan bydra dat die leerders nie genoegsame rus mag kry nie, en met verdeelde aandag in die klas mag sit. Die leerders kan ook deur misdaadselemente beïnvloed word, wat aanleiding kan gee tot stokkiesdraai en vroeë skoolverlating (Landsberg 1994:49).

Swak voeding en kleding tuis dryf die leerder na buite, en lei tot diefstal en inbrake in die Windhoek stadsgebied. Dit is daagliks in die media te bespeur. Vroeë skoolverlating as gevolg van hierdie optrede lei tot die verskynsel van straatkinders (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1991(a):51).

In omstandighede waar die geldtekort 'n groot probleem is kan daar nie in die daaglikse behoeftes van die leerder voorsien word nie. Gereelde mediese ondersoeke mag ontbreek waaronder tandartsbesoeke, oogkundige besoeke en immunisering mag val. Dit lei tot swak gesondheid van die leerder, en as gevolg daarvan, swak skoolbywoning en mettertyd tot swak skoolprestasie, druijing en vroeë skoolverlating.

2.2.1.2 Kultuur

Kultuur omsluit die universele, tradisionele gebruike, produkte, waardes en onderskeidende karaktertrekke van 'n bepaalde menslike samelewing. Materiële kultuur sluit in tegnologie en kunste, terwyl nie-materiële kultuur verwys na taal en ander simbole, vaardighede, geloof en norme (Le Roux 1992:9).

Volgens Davey (1994:125) is opvoeding en onderwys kultuurgebonde. Dit beteken dat elke groep mense hulle eie kultuur deur middel van opvoeding aan die kinders oordra. Aan die een kant word kultuur informeel deur die ouers en familie en deur die huislike omgewing aan die kinders oorgedra. Aan die ander kant word kultuur formeel deur onderwysers in skole oorgedra. Oor geslagte heen het 'n spesifieke gemeenskap dus geleer om hulle kultuurgoedere en hulle gewoontes en gebruike aan die jonger geslag oor te dra. Die probleem is egter dat die vaardighede, kennis en begrip wat die kulturele besitting van die een groep is nie altyd met die ander groep se kultuur ooreenstem nie. Dit kan beteken dat onderwysers van een kultuur die gedrag van leerders uit 'n ander kultuur soos om kritiese vrae te vra as steurend kan beleef terwyl kritiese denke en redenering in daardie kultuur heeltemal aanvaarbaar is.

'n Verdere kultuuraspek wat die skoolvordering van leerders grootliks beïnvloed, is die verskeidenheid van tale en dialekte wat in 'n land soos Namibië gepraat word. Die kind woon soms in 'n gemeenskap waar die meerderheid inwoners 'n ander taal as hulle huistaal praat. Soms gebeur dit ook dat ouers vanuit verskillende kulture kom en dus verskillende tradisies en gewoontes sowel as verskillende tale aan die kinders

oordra. Dit kan lei tot kultuur- en taalverwarring by die kind, en kan tot leerprobleme lei (Landsberg 1995:80).

Afrikaans en Oshiwambo is die oorheersende tale in Windhoek. Beide tale is die huistaal van omtrent sestig persent van die inwoners. Damara / Nama en Otjiherero is die huistaal van tien tot twaalf persent, terwyl Engels en Duits die huistaal van minder as tien persent van die inwoners is. Engels word as die land se amptelike taal beskou (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1991(b):218). Die Windhoek stadsgebied is dus die area waar die grootste verskeidenheid kulture en huistale binne een gebied in die land aanwesig is.

Die kultuur wat gereflekteer word in die kurrikulums, voorgeskrewe boeke en leesboeke waarmee die meeste leerders in aanraking kom is dus vir hulle onbekend omdat dit nie gebaseer is op hulle ervaringswêreld nie. So byvoorbeeld speel die toordokter nog 'n groot rol in sommige bevolkingsgroepe in Namibië. Die kurrikulum maak egter geen verwysing na die rol van die toordokter nie. Leerders kan dus "kultuurvreemde" onderrig in veral stedelike skole ontvang. Dieselfde geld vir leesboeke wat ver verwyderd van die kulturele lewe van die Namibiese leerder is.

Die ander kultuuraspek waarmee daar nie altyd rekening gehou word nie, is die diversiteit van kulture en tradisionele kulturele gebruike tussen die verskillende etniese groepe. Die verskillende groepe verskil in die opvoeding van hul kinders. Een kultuurgroep kan byvoorbeeld, meer voorkeur gee aan interpersoonlike verhoudinge as ander kultuurgroepe. Hulle is byvoorbeeld, meer persoonsgerig as taakgerig, hulle gee voorkeur aan 'n koöperatiewe omgewing bo 'n kompeterende omgewing. Verder gee hulle voorkeur aan intuïtiewe eerder as induktiewe redenering en aan beraamde eerder as noukeurige konsepte van ruimte, getal en tyd. As sulke leerders in 'n kultuuranderse omgewing onderwys ontvang waar kompetisie en prestasie 'n groot rol speel, mag dit aanleiding gee tot leerprobleme binne daardie kultuurgroep (Du Toit 1997:76-77).

Met die integrasie van skole na die onafhanklikheidswording van Namibië toon die skoolpopulasie 'n verskeidenheid van etniese samestellings met verskillende kulture en tradisies in skole. Landsberg (1994:52) wys daarop dat die skoolbeleid nie altyd voorsiening maak vir 'n verskeidenheid van kulturele waardes en tradisies nie. Die gevolg is dat kinders se huiskultuur wat betref tradisies, waardes, norme en gebruike onderling kan verskil en ook van die skoolkultuur kan verskil. Waar skoolreëls en gebruike bots met die tradisionele kultuur van die kind, kan dit lei tot negatiewe ingesteldheid teenoor die skool, ongemotiveerdheid in die klas en agterstande in die skoolwerk van leerders (Le Roux 1992:35-36). Die situasie in Namibië sluit hierby aan.

2.2.1.3 Omgewing

Omgewingsdeterminante kan ook 'n invloed op die leerders se vordering op skool uitoefen.

Die jong kind se omgang met mense is hoofsaaklik beperk tot sy ouerhuis. Namate die kind groot word, na buite beweeg en die skool begin bywoon, kom hy onder die invloed van sy sosiale omgewing. Hierdie invloede wat vanuit die sosiale omgewing op die kind uitgeoefen word, beïnvloed in 'n groot mate sy siening van sy eie omgang, sy aspirasies en sy wil om in die lewe te vorder. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die sosiale omgewing nie die kind soseer kan opvoed nie, maar dat dit hom slegs kan beïnvloed.

Maats en portuurgroep uit die omgewing het ook 'n invloed op die leerder. Omdat die kleuters geneig is om op hulle eie te speel wanneer hulle saam speel, is daar min invloed van maats wat op die klein kind inwerk. Soos die leerder ouer word en skooltoetrede bereik kom hy meer onder die invloed van sy portuurgroep wat hom positief of negatief kan beïnvloed (Landsberg 1995:82).

Die houding van sommige onderwysers is om die leerders se gedrag te assosieer met hulle sosiale milieu (Bakker & Ubachs 1993:20). Hoe beter die sosiale milieu waaruit die leerder kom, hoe hoër is die verwagtinge wat die onderwyser aan die leerder stel. Waar die leerder egter uit 'n swak omgewing met min stimulering kom, word van die leerder minder verwag en die onderwyser blameer die leerder vir sy swak prestasie of sy "swak" gedrag. Hierdie faktore beïnvloed die vorming van die leerder se selfkonsep. 'n Leerder met 'n swak selfkonsep verwag mislukking en gee gevolglik minder aandag weens òf angs òf 'n traak-my-nie-agtige houding.

Portuurgroepe oefen gewoonlik uitgebreide invloede wedersyds op mekaar uit en hierdeur word soms 'n hegte band gesluit wat ook wedersydse ondersteuning, aanmoediging en inspirasie tot gevolg kan hê. Aan die anderkant kan portuurgroepe ook 'n negatiewe invloed op leerders hê. Maats wat byvoorbeeld verdowingsmiddels gebruik mag 'n leerder aanpor/forseer om ook dwelms te gebruik. Dit lei tot swak vordering op skool, stokkiesdraai, soms tot diefstal om geld te bekom om dwelms mee te koop en mettertyd tot vroeë skoolverlating.

2.2.1.4 Skool

Wanneer daar van die skool gepraat word, word die departementele sowel as skoolbeleid daarby ingesluit.

a) Departementele beleid

Volgens die bepaling van die skoolbeleid word 'n leerder tot 'n skool toegelaat in die jaar waarin die leerder sewe jaar oud word. Dit gebeur egter dat sommige leerders ouer is by skooltoetrede. Die redes hiervoor kan velerlei van aard wees, soos byvoorbeeld dat leerders op plase bly waar daar nie 'n skool in die nabyheid is nie, of dat die ouers versuim om hulle kinders by 'n skool in te skryf. Volgens die skoolbeleid behoort leerders dus op tienjarige ouderdom die juniorprimêreskool-fase reeds deurloop het. Dit gebeur egter nie altyd nie en ouer leerders vanaf elf tot

twaaalfjarige ouderdom kom steeds in die juniorprimêreskool-fase voor. 'n Gevolg is dat skole dikwels met oorvol klasse sit.

Tot einde 1994 was die beleid dat as 'n leerder 'n bepaalde graad twee of meer male herhaal het, hy in 'n spesiale klas opgeneem kan word. Soos reeds in afdeling 1.1 genoem, is semi-outomatiese promovering vanaf 1 Januarie 1995 in Namibië ingestel. Leerders word nou oorgeplaas na 'n volgende graad na slegs een herhaling van 'n graad vanaf graad 1 tot graad 4 (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1996(b):33). 'n Leerder word dus oorgeplaas na die volgende graad ten spyte van die feit dat hy onsuksesvol in sy skoolwerk was. Sommige leerders wys vroeg in die nuwe jaar uit dat hulle nie instaat is om met die nuwe graad se werk by te hou nie. Baie van hierdie leerders moet nou noodwendig in 'n spesiale klas geplaas word omdat die gewone klasse te groot is, en hulle meer individuele aandag verg. Die aanvraag vir plasing in spesiale klasse het baie toegeneem na die implementering van semi-outomatiese promovering. Dit dui duidelik daarop dat semi-outomatiese promovering nie leermislukking en vroeë skoolverlating teenwerk nie. Weens die herhaalde mislukking wat voorkom, verlaat sommige leerders eerder die skool as om verdere mislukking in die gesig te staar.

b) Funksionering van die skool

'n Skoolbeleid sluit 'n wye spektrum van faktore soos taalbeleid, skoordisipliene, skoolorganisasie en bestuur in.

(i) Skoolbestuur

Die klimaat wat binne die skool heers, word in 'n groot mate bepaal deur die skoolbeleid en dra ook by tot 'n leerder se sukses of mislukking in sy leer (Kruger 1989:59). Ten spyte van die belangrike rol wat die skool in die kognitiewe, fisieke, geestelike en sosiale ontwikkeling van die leerder speel, slaag nie alle skole daarin om leerders suksesvol vir toetreding tot die volwassewêreld voor te berei nie (Le Roux

1992:100). Waar die bestuur outokraties by 'n skool is en dissipline te streng toegepas word, kan dit tot die leerder se swak prestasies aanleiding gee. Die onderwysers mag weinig insette gee oor dinge rakende die skool en die leerders word nie toegelaat om ook met voorstelle en deelname na vore te kom wat tot die voordeel van die skool mag strek nie. Waar die bestuur van die skool egter te permissief is en daar weinig reëls is wat nagekom moet word, gee dit aan onderwysers vrye reg om na goeiddunke op te tree. Dit bring mee dat daar nie 'n eenvormige beleid is nie. Dit verwar leerders en kan tot swak motivering by leerders aanleiding gee.

(ii) Taalbeleid van die skool

Hoewel die taalbeleid in Namibië bepaal dat moedertaalonderrig tot graad 3 geskied, gebruik die meeste skole Engels as voertaal reeds vanaf graad 1 (Namibia, Ministry of Basic Education, Sports and Culture 1999:1). Engels is egter die tweede of selfs die derde taal vir die meeste leerders. Aangesien die ouers in die huistaal kommunikeer, beteken dit dat die kinders in hierdie skole Engels slegs in die skool hoor en dat hulle Engels dus selde of ooit onder die knie kry. Taal vorm die basis vir die verstaan en vaslegging van begrippe, en daarom sal leerders wat nie Engels ten volle magtig is nie, sukkel om bevredigend op skool te vorder. Soms is die leerder se Engels so swak dat hy sukkel om dit wat hy in hierdie taal van onderrig leer werklik te verstaan. Daarby dra min blootstelling aan Engelse literatuur wat hom met woordeskatuitbreiding en kommunikasie in Engels kan help by tot sy swak beheer van Engels.

Die grammatika van Engels verskil grootliks van die van die leerder se huistaal. Die leerder vind dit dan moeilik om, byvoorbeeld, sinsbou of die gebruik van voorsetsels te verstaan. Basiese kennis van Engels is by sommige leerders so swak dat hulle nie veel baat vind by die onderrig wat daarin geskied nie.

Soms is die onderwysers wat die taal onderrig nie goed daarin opgelei nie, en die leerders moet leerstof memoriseer en oor en oor herhaal sonder dat hulle dit goed

verstaan. Hulle vergeet dus die inhoud maklik. Verder kan die swak uitspraak van Engelse woorde deur die onderwyser tot taalverwarring by leerders lei. Dit is 'n verdere bydraende faktor waarom leerders na jare in die juniorprimêreskool-fase onsuksesvol is in hul leer, en druiwing en skoolverlating die gevolg mag wees.

Baie ouers verkies ook om hul kinders reeds vanaf skooltoetrede deur medium van Engels te laat onderrig. Feitlik sonder uitsondering is die moedertaal van die meeste kinders by skooltoetrede 'n ander taal as Engels (kyk afdeling 2.2.1.3). Leerders wat egter in hul eie taal onderrig ontvang veral in die beginnerjare wanneer vaardighede soos lees, skryf en wiskunde aangeleer word het dus 'n voorsprong bo leerders wat in 'n tweede of selfs derde taal onderrig ontvang.

Aan die einde van graad 3 moet die leerder 'n goeie agtergrond van Engels hê omdat hulle verdere onderrig en eksaminering in Engels sal geskied. Die ideaal is dat skole ten minste twee tale as vakke sal aanbied, byvoorbeeld die moedertaal en Engels.

(iii) Skooldisziplinie

Waar te streng skooldisziplinie toegepas word kan die leerder ontuis voel. Die leerder mag die skool sien as 'n plek van streng kontrole, wantroue en straf. Leerders mag in sulke skole misluk omdat hulle nie ten volle kan konsentreer nie, omdat hulle vrees dat hulle verkeerd sou optree. Waar die skooldisziplinie minder streng is mag die leerder nie omgee om betyds by die skool op te daag nie. Sommige leerders doen nie gereeld hul huiswerk nie en 'n traak-my-nie-agtige houding kom in die klas voor, wat tot agterstande en leermislukking mag lei (Le Roux 1992:101-102). Waar die leerder mislukking beleef in die skool en die disiplinie nie na wense is nie kan die leerder sy skool as negatief beleef.

(iv) Die grootte van klasgroepe

Hoewel die onderwysbeleid voorsiening maak vir 'n bepaalde toekenning van leerders

per onderwyser (een onderwyser vir drie-en-dertig leerders), gebeur dit soms dat die skool daarvan afwyk en meer leerders per klas toelaat. Dit enersyds en die aantal druipepinge andersyds, is 'n algemene verskynsel in Namibië. Ook laat inskrywings by skole dra by tot oorvol klasse.

Dit bring mee dat die toegekende hoeveelhede banke, skryfbehoeftes, boeke en kaste te min is vir die aantal leerders in die klas. Dit gebeur dus dat tot drie leerders 'n bank moet deel. Handboeke moet gedeel word omdat skoolhoofde nie oor genoegsaam finansies beskik om meer boeke beskikbaar te stel nie.

Rigiede en outoritêre optredes deur onderwysers is dikwels 'n uitvloeisel van oorvol klasse. Min inisiatief word aan leerders oorgelaat en die uitkomst van lesse word selde met alle leerders bereik. Onderrig kan dus nie effektief geskied nie.

Hierdie oorvol klasse veroorsaak dat leerders nie voltyds op hul werk konsentreer nie. Hulle sukkel om ordentlik en netjies te kan skryf. Dit kan die leerders ongemotiveerd maak vir skoolgaan en daartoe bydra dat hulle sukkel om akademies na wense te presteer. Hulle kan as gevolg hiervan leerprobleme en kennisgapings ontwikkel. Leerders word dus die geleentheid ontnem om optimaal te presteer. Dit veroorsaak dat hulle ingesteldheid teenoor hulle skoolwerk negatief kan wees. Al hierdie faktore kan aanleiding tot druipeping en vroeë skoolverlating gee (Kruger 1989:59).

(v) Skooldrag

Volgens Koopman (1993:161) wek die voorkoms van die skoolgeboue, die skoolterrein en skooldrag wat deur 'n uniformiteit weerspeël word, 'n innerlike trots by leerders. In die meeste skole in die stadsgebied van Windhoek is die dra van 'n skooluniform by skooltoetreding 'n vereiste. Dit help ook die leerders om hul maats aan hul uniform uit te ken. Waar leerders by verkeerde skole opdaag en nie weet waar hul skool is nie, kan hulle aan hulle skooluniform herken word. Daar is sekere leerders wat weens armoede nie oor skooldrag beskik nie. Dit kan dus vir hulle 'n verleentheid

wees as hulle by die skool daarvoor aangespreek word. Hierdie leerders is bang om skool toe te gaan. Hulle draai eerder stokkies en dit mag tot leeragterstande lei.

(vi) Die rol van die onderwyser

Die onderwyser neem die rol van die ouers oor in die skool. Benewens akademiese begeleiding en hulpverlening, het die onderwyser ook 'n belangrike rol te vervul met betrekking tot die leerder se behoefte aan liefde, geluk, veiligheid, sekuriteit, aanmoediging en aanprysing. Leerders wil graag met hul onderwysers assosieer omdat hulle afhanklikheid van die volwassene veral in die juniorprimêreskool-fase sterk is. Hulle is nie in staat om op hierdie stadium onafhanklik van volwasse leiding te werk nie.

Binne die klaskamer het die onderwyser die geleentheid om 'n warm, intieme en vertroulike klasatmosfeer te skep. Hierbinne moet daar ruimte wees vir ervaring en beleving van 'n gevoel van onderlinge vertroue, wedersydse begrip en onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar. Ten opsigte van die leerder wat uit die staanspoor sukkel met die leerstof, is die onderwyser se verantwoordelikheid soveel groter. In hierdie verband huldig Gross (1996:1) die volgende mening:

"The first is to foster confidence, in all teachers, that they themselves can take effective steps to manage the **whole** range of abilities and needs within their classes. We must never forget how easily work with children who do not learn or behave well can sap adult confidence: their difficulty in learning makes teachers feel like failures too".

Opleiding van onderwysers is 'n belangrike faktor wat die kwaliteit van die onderwyser se onderrig beïnvloed. Swak gekwalifiseerde onderwysers beskik nie oor die nodige kennis van die wyse waarop onderrig behoort te geskied nie. Ook ontbreek hulle aan kennis van alternatiewe en bykomende strategieë om leerders met leerprobleme te ondersteun in leerareas waar hulle probleme mag ondervind. Dit mag tot verdere agterstande by leerders lei en selfs druiping en vroeë skoolverlating tot gevolg hê.

Wat die Namibiese situasie betref, was daar in 1996 28,8% van die onderwysers in staatskole wat oor geen formele onderwyskwalifikasie (slegs St. 8 en twee tot drie jaar opleiding) beskik het nie (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1996(c):94). Van die 2324 primêreskoolonderwysers in die Windhoek-onderwysstreek, het 14,3% oor geen formele onderwyskwalifikasies na matriek beskik nie.

Verder is onderwysers soms nie opgelei om onderrig in bepaalde vakke of onderwerpe te gee nie. Hulle verstaan soms self nie die inhoud van 'n vak nie en bestee dus min tyd aan voorbereiding. As gevolg hiervan word hulle lesse nie inhoudelik korrek aangebied nie. Die leerders sit passief en luister en ontwikkel nie-kreatiewe denke nie. So 'n leerder se probleem word nie betyds deur die onderwyser ontdek en aangespreek nie. Leerprobleme spruit dikwels voort uit die ongemotiveerdheid van die onderwyser en dit lei tot ongemotiveerdheid by die leerders.

Onderwysers is soms nie genoegsaam sensitief vir die behoeftes van die leerders in hul klasse nie. Hulle neem nie kennis van die verskillende ontwikkelingsvlakke van die verskillende leerders nie en slaan nie ag op watter leerstyl die leerder die beste pas nie. Die gevolg is dat die leerder wat 'n stadiger pas handhaaf of 'n ander leerstyl het nie in die klas geakkommodeer word nie (Tlale 1991:17). Onderwysers moet vir die leerders 'n voorbeeld wees. Waar die onderwyser nie geïnteresseerd is in die vakke wat hy aanbied nie, kan dit die leerders se ingesteldheid teenoor die werk nadelig beïnvloed.

In sommige skole gebeur dit dat onderwysers nie genoegsame samewerking van hul hoofde kry nie soos byvoorbeeld skoolhoofde wat hulle onderwysers nie toelaat om indiensopleidingsprogramme by te woon nie. Begunstiging van sommige onderwysers deur die skoolhoof maak die ander ongemotiveerd in hul werk.

Waar ongemotiveerde onderwysers voorkom word die voorbereiding nie altyd deeglik beplan nie, en die aanbieding van die leerstof is lukraak en ongeorden. Leerders se

werk word nie nagesien nie sodat hulle nie self hulle vordering kan bepaal nie.

Die onderwyser mag taal gebruik wat bo sommige leerders se vermoë is, veral as die onderwyser Engels goed magtig is en die leerders nie. Dit lei daartoe dat leerders sukkel om die les te volg. Inhoud en belangrike feite gaan dus by hulle verby. Dit dra daartoe by dat leerders belangstelling in die skoolwerk verloor. Hierdie leerders is ongemotiveerd om skool toe te kom. Agterstande mag ontstaan in hulle skoolwerk wat tot leerprobleme kan lei (Lemmer 1995:91).

Landsberg (1994:56-57) is van mening dat die onderwyser se houding en gedrag baie keer 'n negatiewe gesindheid by leerders kan kweek. Gedragsmanifestasies soos belangeloosheid, 'n volgehoue swak ingesteldheid teenoor leerders wat nie na wense presteer nie, onsimpatieke kritiek of die gebruik om 'n leerder bloot te ignoreer, dra by tot 'n negatiewe gesindheid by leerders. 'n Ontoeganklike en negatiewe houding van 'n onderwyser kan wantroue en 'n beleving van onsekerheid en angs by die leerders wek. Die natuurlike belangstelling van leerders in die leergebeure word gevolglik gerem. Gevoelens van onsekerheid, manifesteer dikwels in mislukte skoolprestasies. Leerders wat voortdurend met hulle skoolwerk sukkel as gevolg van die optrede van 'n onsimpatieke onderwyser kan die skool as 'n plek van mislukking en vergelding sien. Hulle verloor belangstelling en kan skoolverlating as 'n uitweg sien om van hulle onsekerheid en angs weg te kom (Le Roux 1992:101-102).

Onderwysers wat egter in hulleself en hulle onderrigmetodes glo, sal 'n leerder met leerprobleme as onderrigbaar beskou. Hierdie onderwyser sal ook alle aandag en inspanning as waardig ag. As die onderwyser deur outoritêre gedrag of negatiewe opmerkings die leerder onveilig laat voel, sal die leerder nie instaat wees om in die betrokke vak of vakke sy beste te lewer nie. Dit mag tot leerprobleme aanleiding gee, wat tot druiping kan lei (Du Toit 1997:72-73).

(vii) Klaskamerbestuur

Volgens Lewis en Doorlag (1995:190) is goeie klaskamerbestuurders beter in staat om hulle onderrig by die leerders met leerprobleme aan te pas. Sodoende is die onderwyser bewus van die aspekte wat tot aandag- en leerprobleme aanleiding kan gee. Ruimte in die klaskamer speel ook 'n belangrike rol in die bestuur van die klaskamer. Indien daar min leerders in 'n groot vertrek teenwoordig is, word hulle aandag byvoorbeeld moeilik behou. Dieselfde geld ook indien daar te veel leerders in 'n beperkte ruimte teenwoordig is. As die oorvol klaskamers in die Windhoek stadsgebied in ag geneem word, kan aangeneem word dat leermislukking en selfs vroeë skoolverlating in hierdie klaskamers kan voorkom.

Waar tafels en stoele in rye rangskik is mag dit gebeur dat die leerders wat voor en in die middel sit, meer aandag en tyd gee aan die voltooiing van hul take as leerders wat agter in die klas sit. Bogenoemde leerders mag min aandag gee aan klasbesprekings en dit mag tot leerprobleme lei (Lewis en Doorlag 1995:196).

Die gebruik van oudio-visuele apparaat soos oorhoofse projektors, kan hoogs motiverend wees indien dit korrek gebruik word, maar ook net so frustrerend indien dit nie korrek gebruik word nie. Indien die apparaat nie sonder onderbrekings ingeskakel kan word nie, verloor leerders belangstelling en kan dit tot ontwrigting van die klasdisipline lei. Leeragterstande kan as gevolg hiervan ontwikkel.

Klaskameradministrasie sluit verslaghouding en liassing van inligting in. Indien die onderwyser versuim om deur observasie of weeklikse toetse verslae oor die leerder se vordering op lêer te hou, mag dit gebeur dat die agteruitgang van die leerder nie betyds agtergekom of vasgestel kan word nie. Leerprobleme en agterstande in die leerder se skoolwerk mag hieruit voortspruit wat tot leermislukking en vroeë skoolverlating aanleiding mag gee.

(viii) Onderrigstyl van die onderwyser

Om 'n leerder met leerprobleme te help, verg eerstens dat die onderwyser 'n grondige kennis van onderrig en leer het. Verder word ook kennis van die hantering van leerders met leerprobleme, asook van verskillende hulpverleningsbenaderings van die onderwyser vereis. Onderwysers wat pas begin skoolhou, vind dit dikwels moeilik om met leerders met leerprobleme te werk weens hul gebrek aan onderwysondervinding.

Indien die onderwyser 'n te streng en 'n te rigiede onderrigstyl handhaaf (Kapp 1991:117) mag dit die leerders met leerprobleme nadelig beïnvloed. Hulle mag bang wees vir die onderwyser, dit mag hul konsentrasievermoë beïnvloed en lei tot 'n negatiewe houding teenoor hul skoolwerk. Hierdie leerders word nie geleer om selfstandig en op hulle eie te werk nie, wat tot leermisukking en skoolverlating aanleiding mag gee.

Die teenoorgestelde hiervan is 'n permissiewe onderrigstyl. Die onderwyser gee weinig leiding en rigting aan die leerders, 'n ordelike verloop van die aktiwiteite in die klaskamer ontbreek, te min onderrig geskied, deeglike beplanning ontbreek en te veel vryheid word toegelaat. Dit mag aanleiding gee tot leerprobleme.

Sommige leerders beleef onderrig in die klas as eentonig of ver bo hul vermoëns. Hulle verloor maklik belangstelling, speel in die klas en trek ander leerders se aandag van hul werk af. Sulke leerders voel onseker wanneer terugvoering verwag word, en dit lei dikwels tot mislukte skoolprestasies (Le Roux 1992:102).

2.2.1.5 Portuur

Maats en die portuurgroep uit die omgewing het 'n invloed op die leerder Le Roux (1994:16) beskryf die invloed van maats soos volg:

"The peer group functions like a mini-society and, by means of a common code

of conduct, meaningfully influences the norms, values and behavioural patterns of its members”.

Hierdie invloede raak die leerder se emosionele, morele en sosiale ontwikkeling en speel ook 'n belangrike rol in sy skoolvordering. Kompetisie binne so 'n portuurgroep strek ook so ver as skolastiese prestasie en kan dien as stimulasie om leersukses te bevorder. Dit kan egter die teenoorgestelde uitwerking hê as die portuurgroep nie op skoolwerk ingestel is nie, en sommige leerders beïnvloed om nie aandag aan hulle skoolwerk te gee nie.

Pierson en Connell (1992:302) merk hieroor soos volg op:

“Intuitively it can be argued that students who are asked to repeat a grade are academically incompetent relative to their peers. Most retentions, even those labeled as maturational, are proposed because the child is not working at the same rate, or as competently, as others in the class.”

Soos reeds genoem, opereer die skool in 'n sosiale opset. Veral in die geval van die juniorprimêreskool-leerder is die skool nie net vir die kind 'n nuwe tuiste nie, maar moet hy ook kennis maak met nuwe persone, nuwe maats en nuwe volwassenes wat vir hom onbekend is. Die kind kom na die skool met 'n idee omtrent homself en sy vermoëns. Die skool, veral die houding en optrede van onderwysers en maats het egter 'n baie belangrike rol te speel in die verdere ontwikkeling van die kind se persoonlikheid. Vertroue is, volgens Sullivan (Mwamwenda 1995:343 & 356) 'n belangrike aspek van persoonlikheidsontwikkeling.

Soos reeds genoem, begin die leerder teen die ouderdom van sewe jaar sy prestasie met sy maats vergelyk om sy eie vermoëns en selfwaarde te bepaal. As hy volgens hom, goed met sy portuur vergelyk sal hy 'n positiewe selfkonsep ontwikkel en sal hy genoeg selfvertroue openbaar om homself in die teenwoordigheid van sy maats te laat geld. Die teenoorgestelde hiervan is dat die leerder verwerping en mislukking deur die groep ervaar, as hy voortdurend aan sy leertekorte herinner word. Die swak

persepsie van homself as akademiese mislukker bly konstant deur die jare (Bear, Juvonen & McInerney 1993:133) en word dus 'n persoonlikheidseienskap.

2.2.2 Intrinsieke faktore

Ekstrinsieke probleme by die leerder kan lei tot intrinsieke probleme. Intrinsieke probleme kan ook 'n invloed hê op die leerder se ekstrinsieke vordering. Oor die algemeen kan leer en emosionele probleme voortspruit uit intrinsieke probleme van die leerder soos fisieke probleme, gestremdhedsvorme soos intelletuele gestremdheid en leergestremdheid en persoonlikheidstrekke van leerders.

Intrinsieke faktore wat aanleiding gee tot leermislukking is in die leerder self geleë en is in baie gevalle aangebore. Dit is miskien die moeilikste taak vir die onderwyser om ligter grade van intrinsieke probleme te identifiseer en af te grens, omdat hulle so dikwels versluierd is. Die leerder self het selde of ooit direkte beheer oor sy probleem of die oorsake daarvan. Dean (1996:27) wys daarop dat die tendens bestaan om weg te beweeg van die gebruik om die verskillende gestremdhede in aparte kompartemente te klassifiseer. So byvoorbeeld, mag kinders met fisieke gebreke ook spraakprobleme ervaar, en emosionele en gedragsprobleme mag aanleiding gee tot leerprobleme.

In Namibië word leerders met ligter grade van intrinsieke probleme in gewone skole opgeneem. Die erger grade van gestremdhede soos erge fisieke gestremdhede (leerders in rolstoele), blinde en dowe leerders word in spesiale skole onderrig. Hierdie afdeling bespreek leerders met ligter grade van gestremdhede wat wel in die gewone skool aangetref word, en wat leermislukking ondervind.

2.2.2.1 Fisieke probleme

Fisieke gestremdhede lê sekere beperkinge op kinders en bring mee dat spesiale hulp aan hulle verleen moet word, of dat toestande geskep moet word om hul taak in

die leeropgaaf te vergemaklik. Die term “fisieke gestremdhede” dek ‘n wye veld van liggaamlike toestande van die kind wat wissel van ‘n geringe mate van lompheid tot die kind wat in die rolstoel verkeer en hulp op ‘n daaglikse basis benodig (Dean 1996:107). Dean (1996:28-29) wys daarop dat daar kinders mag wees wie se spesifieke fisieke gestremdhede sekere aspekte van hul skoolwerk mag bemoeilik. So mag daar leerders met gehoorprobleme wees wat kan lei tot taalprobleme omdat die leerders nie al die spraakklanke behoorlik kan hoor nie. Hulle verstaan nie die spreker nie en om verleentheid te voorkom sonder die leerders hulself af en verbeur dus geleentheid om die gesproke taal te gebruik. Gebrekkige visuele skerpheid lei ook tot taal en leerprobleme omdat die basiese taalkonsepte ook deur middel van die visuele sintuig aangeleer word. Dit wat leerders sien, benoem hulle.

Seuns is geneig om fisiek stadiger te ontwikkel en kognitief stadiger te ontplooi. Hulle gee minder aandag wanneer hulle met nuwe konsepte te doen kry. Dit mag aanleiding gee tot leerprobleme by seuns in die juniorprimêreskool-fase.

Algemene liggaamlike gestremdhede soos byvoorbeeld abnormaliteit van die ledemate veroorsaak soms lompheid en soms mag leerders dit moeilik vind om te skryf. Die handelinge soos om te kan skryf, lees en spel is noodsaaklik vir die leerder se vordering op skool. Om agterstande hierin te hê mag tot leermislukking aanleiding gee.

Daar mag ook kinders wees wat spesifieke gesondheidsprobleme beleef soos epilepsie, hartsiektes, asma, diabetes mellitus of kanker. Kontak met hierdie kinders se ouers is dan nodig om kennis in te win oor die geskiedenis van die verloop van die siektetoestand en wat in noodgevalle gedoen moet word. Onderwysers wat nie kennis dra om leerders met hierdie siektetoestande in die klaskamer te hanteer nie, kan daartoe bydra dat hierdie leerders leermislukkings ervaar. As ‘n onderwyser byvoorbeeld nie weet hoe om ‘n leerder wat ‘n epileptiese toeval in die klas kry, te hanteer nie, kan hy of sy daartoe bydra dat die leerder deur die portuurgroep verwerp word. Die leerder kan ook onderbrekings in sy leerervaringe beleef wat tot

leermislukking aanleiding kan gee. Onderwysers versuim ook om die ander leerders in die klas te laat verstaan wat gebeur en hulle sodoende begrip te laat ontwikkel vir persone met fisieke gebreke.

Dean (1996:108) wys daarop dat leerders wat vir lang tye behandeling in die hospitaal ontvang min geleenthede het om na wense te presteer. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie faktore in ag geneem moet word in die klassituasie anders mag die leerder nie volgens vermoë presteer nie en onveilig en onseker voel om met soveel veranderinge gekonfronteer te word. Baie onderwysers in die Namibiese opset neem nie hierdie faktore in ag in hul daaglikse onderrig nie.

2.2.2.2 Leergestremdheid

Volgens Du Preez en Steenkamp (1986:1) en Hallahan en Kauffman (1991:124-126) verwys die term "leergestremdheid" na leerders wat oor 'n gemiddelde tot bogemiddelde verstandsvermoë beskik maar wat nie hulle potensiaal kan verwesenlik nie ten spyte van normale visie, gehoor en goeie onderwysgeleenthede. Die definisie wat die meeste in die VSA gebruik word, is die een wat in die *Federal Public Law 101-475*, die *Individuals with Disabilities Education Act or IDEA (1990)* opgeneem is (Lerner 1993:8-9) en lui soos volg:

"The term children with specific learning disabilities means those children who have a disorder in one or more of the basic psychological processes involved in understanding or in using language, spoken or written, which disorder may manifest itself in imperfect ability to listen, think, speak, read, write, spell, or to do mathematical calculations. Such disorders include such conditions as perceptual handicaps, brain injury, minimal brain dysfunction, dyslexia and developmental aphasia. Such term does not include children who have learning problems which are primarily the result of visual, hearing, or motor handicaps, of mental retardation, of emotional disturbance, or of environmental, cultural, or economic disadvantage."

Navorsers soos Mercer (1998:4-7) en Bender (1992:44-48) lê klem daarop dat die oorsake van leergestremdheid in die wanfunksionering van die brein of die agteruitgang of beskadiging van die sentrale senuweestelsel geleë kan wees.

Hallahan & Kauffman (1991:129) verdeel die oorsake van leergestremdheid in drie kategorieë, naamlik organies en biologies, geneties en omgewingsfaktore:

- Organiese en biologiese faktore sluit beskadiging aan die sentrale senuweestelsel in wat kan plaasvind voor geboorte (as gevolg van oormatige alkohol-en dwelmmisbruik deur die moeder tydens swangerskap, rubella, die neem van X-straalplate, ensovoorts), tydens geboorte (as gevolg van 'n te vroeë geboorte, wat beteken dat die fetus nog nie heeltemal volgroeï is nie, 'n te kort of 'n te lang geboorte, geelsug tydens geboorte, ensovoorts) en na geboorte (as gevolg van ongelukke en siektes). Biochemiese en metaboliese faktore soos 'n chemiese wanbalans wat dui op die onvermoë van die liggaam om sekere voedingstowwe soos proteïne en vitamïnes te verwerk word hierby ingesluit.
- Omgewingsfaktore verwys na omgewingsdeprivasie wat wan- en ondervoeding insluit, en kultuuranderse omgewings wat tot taal en sosialiseringsprobleme aanleiding kan gee. Hoewel omgewingsfaktore ekstrinsiek is, kan langdurige blootstelling van die kind aan hierdie faktore op 'n baie jong ouderdom tot leergestremdheid aanleiding gee.

Die ouderdom van die kind en waar die skade in die brein geleë is speel ook 'n belangrike rol. Hoe jonger die kind wanneer breïnskade opgedoen word, hoe beter die kans om te kompenseer vir die beskadigde breïnselle (Botha 1991:259). 'n Voorbeeld hiervan is motorongelukke, kopbeserings en kindermishandeling (Botha 1991:259).

Leergestremde leerders kom ook in Namibië voor, daarom is dit noodsaaklik dat onderwysers kennis sal dra van die moontlike oorsake en manifestasies van leergestremdheid sodat leerders met leergestremdhede geïdentifiseer kan word en die nodige hulpverlening kan ontvang.

a) Manifestasies van leergestremdheid

Leergestremdheid is 'n universele probleem wat in alle kulture en in alle lande in die wêreld voorkom (Lerner 1993:7). Verder is die skrywer van mening dat dit dikwels moeilik is om leerprobleme wat deur 'n kultureel diverse agtergrond veroorsaak word, van 'n leergestremdheid te onderskei (Lerner 1993:8).

Volgens Lerner (1993:20) sluit leergestremdheid "a cluster of disorders in," maar geen individu met leergestremdhede sal al die eienskappe openbaar nie.

Die gemeenskaplike eienskappe van leergestremdhede word deur Lerner (1993:20-21) soos volg groepeer.

- Aandagstoornisse: hiperaktiwiteit, afleibaarheid, swak konsentrasievermoë, kort aandagspan
- Onvermoë om kognitiewe strategieë vir leer te ontwikkel en te mobiliseer: probleme met aktiewe leer, metakognitiewe funksies en leerstyle
- Swak motoriese vermoëns: swak growwe en fyn motoriese koördinasie, algemene lompheid en onbeholpenheid, ruimtelike probleme
- Perseptuele en inligtingsprosesseringsprobleme: probleme met die onderskeiding tussen visuele en ouditiewe stimuli, ouditiewe en visuele sluiting en opeenvolging
- Mondelinge taalprobleme: probleme met luister, praat, woordeskat en

taalvaardighede

- Leesprobleme: probleme met dekodering, basiese leesvaardighede en leesbegrip
- Geskrewe taalprobleme: probleme met spelling, handskrif en geskrewe werk
- Wiskundige probleme: probleme met kwantitatiewe denke, reken, tyd, ruimte en berekeningsfeite
- Ontoepaslike sosiale gedrag: probleme met sosiale persepsie, emosionele gedrag, vestiging van sosiale verhoudings en persoonlikheidsprobleme

(i) Aandagstoornisse

Volgens Lerner (1993:20) word leerders met aandagstoornisse beskryf as impulsief in gesproke sowel as geskrewe taal. Hulle kom gejaagd en rusteloos voor. Hulle sukkel om hulle aandag by een taak te bepaal en om 'n taak te voltooi. Swak konsentrasie kom voor, hulle vind dit moeilik om instruksies te volg en moet voortdurend die aandag van die onderwyser opsoek.

Aandagstoornisse kan ook met hiperaktiwiteit gepaard gaan. Leerders met hiperaktiwiteit vertoon doellose en onplanmatige, growwe motoriese aktiwiteite soos hardloop, spring en klim. Hierdie leerders vind dit moeilik om hul beurt af te wag in speletjies of groeppaktiwiteite. Hulle vind dit moeilik om stil te sit wanneer dit van hul verwag word, hulle skree antwoorde uit nog voordat vrae klaar gestel is, en vind dit moeilik om stil te speel (Hallahan & Kauffman 1991:136-137). Dit is die kwaliteit van die motoriese gedrag wat die stoornis onderskei van ooraktiwiteit, omdat hiperaktiwiteit neig om swak georganiseerd en lukraak te wees.

(ii) Onvermoë om kognitiewe strategieë vir leer te ontwikkel en te mobiliseer

Kognitiewe vermoëns stel 'n persoon in staat om te onthou, te dink, om abstraksies te gebruik, te redeneer, te kritiseer en om kreatief te wees (Lerner 1993:192). Indien 'n leerder probleme in bogenoemde vermoëns sou hê, kan dit aanleiding tot leerprobleme gee. 'n Ander aspek waarmee leergestremde leerders probleme ervaar is hulle onvermoë om leerstrategieë doeltreffend toe te pas, dit wil sê om aan hulle denke rigting te gee sodat hulle suksesvol kan leer.

Volgens Hallahan & Kauffman (1991:142) glo leergestremde leerders dikwels nie in hulle eie moontlikhede nie. Hulle is nie bewus van strategieë wat hulle in hulle probleemoplossing kan help nie (swak metakognitiewe vaardighede) en die leerders is nie in staat om toepaslike leerstrategieë spontaan toe te pas nie.

Leergestremde leerders openbaar dikwels 'n impulsiewe leerstyl soos om te praat nog voordat hulle hul gedagtes georden het en om geskrewe werk vinnig af te handel, sonder om hul antwoorde te monitor. Impulsiewe leerders is geneig om te vinnig tot besluite te kom sonder om genoegsame tyd aan hul beantwoording te bestee. Dit kan die effektiwiteit van hulle leer nadelig beïnvloed (Lerner 1993:209, Landsberg 1995:180).

Die leergestremde leerder kan soms ook as 'n passiewe leerder beskou word. Weens vorige ervaring van leermislukking en frustrasie verloor leergestremde leerders belangstelling in die leerproses en raak hulle afhanklike leerders (Lerner 1993:209).

(iii) Swak motoriese vermoëns

Swak motoriese ontwikkeling lei tot leerprobleme by die leerder. Die leerder wat agterstande in oog-hand koördinasie, swak balans en swak handvaardigheid ervaar en wie se fynmotoriese vaardighede nie so goed ontwikkel het nie, mag probleme ondervind, soos, byvoorbeeld 'n swak handskrif.

(iv) Perseptuele en inligtingsprosesseringsprobleme

Persepsie is 'n funksie van die sentrale senuweestelsel. Dit is die betekenisgewing aan inligting wat deur die sintuie waargeneem is. Die volgende perseptuele tekorte word deur Lerner (1993:323-327) en Derbyshire (1991:401) onderskei: voorgrond-achtergrond onderskeiding, analise en sintese, geheue, sluiting, opeenvolging en ruimtelike verhoudinge. Tekorte in bogenoemde persepsies kan die leerder in sy totaliteit raak. Dit mag ook emosionele, sosiale en kognitiewe stremming by die leerder veroorsaak.

(v) Mondelinge taalprobleme

Taal is 'n middel tot kommunikasie en sosialisering met ander, en dit is 'n middel tot denke (Lerner 1993:347). Daar kan tussen mondelinge taal (luister en praat), lees en skryf onderskei word. 'n Kind begin taal aanleer deur mondelinge kommunikasie. 'n Taalgestremdheid mag 'n negatiewe uitwerking op die wording van die kind hê. Die leergestremde leerder se sinne is gewoonlik kort en swak geformuleer. So 'n leerder weet nie altyd wat om te sê nie en toon dikwels kommunikasieprobleme in gesprekke met ander.

(vi) Leesprobleme

Leesprobleme kom algemeen by leergestremde leerders voor. Woordherkenning en probleme met leesbegrip word algemeen deur die leergestremde ondervind (Lerner 1993:384). 'n Swak leesvermoë is die oorsaak van die meeste probleme by leergestremde leerders. Hulle ruil letters om terwyl hulle lees, en het weinig begrip van wat hulle lees.

(vii) Geskrewe taalprobleme

Die algemeenste spellingprobleme wat by hierdie leerders voorkom is letteromkering

soos die **b** en **d**, **p** en **g**. Hierdie leerders is geneig om letters weg te laat, of om letters by te voeg en foneties te spel. As die leerder se fynmotoriek nie goed ontwikkel is nie mag hy oor die lyne skryf, soms te groot of te klein. Dit lei tot 'n onleesbare handskrif. Die leergestremde leerder sukkel soms om sy gedagtes in skrif weer te gee. Dit lei daartoe dat die werk ongeorden en die sinskonstruksie swak is.

(viii) Wiskundige probleme

Nie alle leergestremde leerders het probleme met wiskunde nie. Dit kan egter gebeur dat leerders probleme ervaar met wiskundige bewerkinge (Lerner 1993:431). Hier speel faktore soos ruimtelike verhoudinge, taal, en 'n goeie konsep van tyd en rigting 'n belangrike rol. As die leerder probleme in hierdie en ander wiskundige begrippe ondervind sal hy dit moeilik vind om wiskunde te kan doen. Probleme wat algemeen in wiskunde voorkom is die lees van simbole, getalle of veelsyfer getalle. Sommige leerders vind dit ook moeilik om wiskundige idees te lees en te begryp en om hoofrekenings te doen. Baie leergestremde leerders vind optelling, aftrekking, deling en vermenigvuldiging moeilik om te voltooi.

(ix) Ontoepaslike sosiale gedrag

Die leergestremde toon 'n gebrek aan sensitiwiteit vir ander en 'n swak persepsie vir sosiale situasies. Die waarneembare eienskappe in sosiale persepsietekorte word deur Lerner (1993:515-517) soos volg uitgewys:

- **Versteurings in sosiale oordeel.** Die leergestremde se gedrag is dikwels taktloos en onsensitief (Lerner 1993:515).
- **Probleme met begrip vir ander se gevoelens.** Hierdie leerders sukkel om ander se gevoelens te peil, die gevolg is dat hulle dikwels onvanpaste opmerkings maak weens hul onsensitiwiteit vir ander.

- **Probleme met sosialisering en die stig van vriendskappe.** Leergestremde leerders tree dikwels soos jonger kinders op. Dit lei soms daartoe dat hulle deur hul maats vervelig gevind en ook geignoreer word.
- **Probleme met die stigting van gesinsbande.** Leergestremde leerders se gedrag word soms nie deur hul familie goedgekeur nie. Hulle gedrag is irriterend en aggressief.
- **Probleme met skoolverhoudinge.** Leergestremde kinders ontvang meer kritiek en negatiewe aandag as aanprysing. Onderwysers is ook geneig om hierdie leerders te ignoreer as gevolg van hulle swak interaksie met ander.
- **Swak selfkonsep.** Die leergestremde se verwerping deur ander en die negatiewe reaksie op sy gedrag maak dat die leerder 'n swak selfbeeld ontwikkel.

Al die bogenoemde faktore soos hiperaktiwiteit, afhanklikheid van ander, swak selfbeeld en impulsiewe optrede lei daartoe dat leergestremde leerders deur ander verstoot kan word. Hulle vind dit dan al hoe moeiliker om sosiaal te kan verkeer.

2.2.2.3 Intellektuele gestremdheid

Volgens Kapp (1991:41-43) en Bender (1992:68-69) beskik 'n stadige leerder oor 'n gemiddelde intelligensiekwasiënt van 65-85. Mwamwenda (1995:271) dui aan dat die normale intelligensie syfer van 85 tot 100 strek. Wanneer intelligensieonderseoeke versigtig uitgevoer word is dit 'n nuttige hulpmiddel in die onderwys, omdat 'n intelligensietoets 'n aanduiding kan gee van wat binne 'n kind se vermoë is.

Die intellektuele vermoë van 'n persoon word normaalweg deur oorerwing vasgelê en is een van die hoof determinante van 'n persoon om suksesvol te leer. Intelligensie is terselfdertyd ook onderworpe aan die omgewingservarings en omstandighede. Swak

voeding en mishandeling op 'n stadium wat die brein vinnig ontwikkel (2 jaar) kan die kognitiewe vermoëns van die kind negatief beïnvloed.

Swak omgewingsomstandighede lei tot stagnering van die kind se kognitiewe vermoëns. Soms gebeur dit dat in die normale klasopset 'n onderwyser met 'n klassamestelling met betrekking tot intellektuele vermoëns kan sit met leerders met IK-tellings wat van 65 -145 en hoër. Onderwysers kan nie almal akkommodeer nie en dit mag aanleiding gee tot onderprestasie en leerprobleme by leerders. Hierdie situasies kom dan ook baie algemeen in die Windhoek stadsgebied voor (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1997(c)).

2.2.2.4 Persoonlikheid

Persoonlikheid is die geïntegreerde en dinamiese totaliteitstruktuur van 'n persoon se karaktertrekke, houdinge, onderskeidende gedragspatrone en kwaliteite wat deur interaksie met sy totale omgewing verwerklik word (Le Roux 1992:13).

'n Belangrike komponent van die persoonlikheid is die selfkonsep van die persoon wat ontwikkel vanuit sy verhouding met ander belangrike persone in sy lewe. Gedurende die kleinkinderjare speel die verhouding met die moeder die belangrikste rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind. Elke kind het egter individuele persoonlikheidseienskappe wat reeds na geboorte uitgekien kan word. Die baba se persoonlikheidseienskappe beïnvloed dus die ouers se reaksie en houding teenoor die baba net soveel as wat die ouers se houding en optrede die kind sal beïnvloed (Le Roux 1992:54).

As die moeder moeg of gespanne is, gaan sy minder sensitief vir die kind se gevoelens en optrede wees. As sy min reaksie van die kind op haar aandag kry, kan sy 'n gevoel van verwerping deur die kind ervaar. 'n Moeder reageer egter nie net op die baba se persoonlikheidseienskappe nie, maar ook op sy geslag en veranderinge in gedrag en optrede soos ontwikkeling plaasvind. Die meer hardhandige hantering

van 'n seun teenoor 'n dogter, en die verskillende tipe speelgoed wat aan seuns en dogters gegee word, beklemtoon die geslagsverskille tussen hulle.

Motiverende eienskappe begin eers gedurende die middelkinderjare na vore tree. Daar kan egter gesê word dat baie min vroeë persoonlikheidsstrekke latere gedrag sal voorspel en dat konstantheid in persoonlikheid deur voortdurende sosiale invloede verander kan word.

Skooltoetrede gedurende die juniorprimêreskool-fase rig derhalwe 'n groter appél tot sekere persoonlikheidskenmerke van die leerder aangesien sy interaksie met ander mense en ervaringsveld nou aansienlik uitgebrei word. Die leerder begin teen die ouderdom van sewe jaar sy prestasie met sy maats te vergelyk om sy eie vermoëns en selfwaarde te bepaal. Waar die leerder daaglik aan sy leertekorte herinner word en daardeur mislukking en verwerping deur die groep ervaar, mag dit tot leermislukking en selfs skoolverlating lei (Le Roux 1992:101).

Volgens Mercer (1998:7-8) en Kapp (1991:118) mag die leerder wat onderpresteer al hoe meer in homself gekeer raak. Dit bring mee dat hy hom aan die sosiale interaksie in die klaskamer onttrek omdat hy bang is om te misluk. Die beeld van die skool word vir hierdie tipe leerder al hoe minder positief en hy vrees voortdurend om deur sy maatsgroep verwerp te word (Le Roux 1992:106). Negatiewe persoonlikheidskenmerke soos aandagsoekerigheid, aggressie en onttrekking word op hierdie manier versterk. Omstandighede en fasiliteite vir leerders in die Windhoek stadsgebied is nie altyd gunstig vir sommige leerders om suksesvol te leer nie. Dit gee aanleiding tot leermislukking en lei soms in meer ernstige gevalle tot skoolverlating (Namibia, National Planning Commission 1996:232).

2.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die moontlike oorsake van leermislukking in die algemeen met spesifieke verwysing na leerders in die Windhoek stadsgebied.

Soos reeds aangedui behels ekstrinsieke faktore daardie invloede wat van buite op die leerder inwerk en sy leer positief of negatief beïnvloed.

Aansluitend hierby is die intrinsieke oorsake wat tot leermislukking by die leerders mag lei. Hierdie faktore is in die leerder self geleë en is in baie gevalle aangebore. Die leerders wat hierdeur geraak word het gewoonlik nie direkte beheer oor die oorsake van hulle leerprobleme nie.

Ekstrinsieke probleme by die leerder kan lei tot intrinsieke probleme en kan ook intrinsieke oorsake hê. Leer en emosionele probleme kan voortspruit uit intrinsieke probleme van die leerder soos fisieke probleme, gestremdeidsvorme soos intellektuele gestremdeid, leergestremdeid en persoonlikheidstrekke van leerders. Al hierdie faktore dra in 'n meerdere of mindere mate by tot die leerprobleme wat in die juniorprimêreskool-fase van die leerder voorkom en waarvan Namibië en spesifiek die Windhoek stadsgebied geen uitsondering is nie.

2.4 VOORUITSKOU

In hoofstuk 3 sal die empiriese ondersoek uiteengesit word.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGVERLOOP

3.1 INLEIDING

Hoofstuk 3 word gewy aan die bespreking van die navorsing wat gebaseer is op die voorafgaande literatuuroorsig. Die navorsingsplan in terme waarvan die studie onderneem word, word eers uiteengesit. Daarna word die ondersoekgroep sowel as die metode van ondersoek en die afbakeningsveld beskryf.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp is volgens Huysamen (1994:11) en De Vos, Strydom, Fouche, Poggenpoel, Schurink en Schurink (1998:77), die plan, resep of bloudruk waarvolgens die navorsingsvraag geformuleer en inligting ingewin en geanaliseer word. In hierdie afdeling word die empiriese bloudruk beskryf in terme van die navorsingsdoelstellings, probleemstelling, vraelyste en die beskrywing van die ondersoek.

3.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

3.3.1 Algemene doelstellings

Soos in afdeling 1.5 uiteengesit, is die doel van hierdie navorsing soos volg:

- om ondersoek in te stel na die oorsake van leermislukking in die algemeen met spesifieke verwysing na skole in die Windhoek stadsgebied
- om aanbevelings te doen wat kan help om leermislukking teen te werk

3.3.2 Spesifieke doelstelling

Om die oorsake van leermislukking (volgens gekose onderwysers) van leerders in die juniorprimêreskool-fase van die Windhoek stadsgebied na te vors.

3.3.3 Probleemstelling

Soos aangedui in afdeling 1.4.3 word die navorsing aan die hand van die volgende navorsingsvraag gedoen:

- Watter algemene faktore lei tot leermislukking en druiwing in die juniorprimêreskool-fase in enkele skole in die Windhoek stadsgebied, volgens enkele onderwysers?

3.4 AFBAKENING VAN NAVORSINGSVELD

3.4.1 Steekproefneming

Die ondersoek vir hierdie navorsing word aan die hand van doelbewuste steekproefneming gedoen. De Vos et al (1998:191) en Neuman (1997:201) definieer 'n steekproef soos volg: "a process of systematically selecting cases for inclusion in a research project". Marshall en Rossman (1995:50) voer aan dat so 'n steekproef verteenwoordigend van 'n groter populasie moet wees. Volgens De Vos et al (1998:191) kan 'n steekproef beter informasie voorsien as die hele populasie omdat "with a sample, time, money and effort can be concentrated to produce better quality research".

3.4.2 Afbakening van navorsingsveld

Daar is besluit om die ondersoek tot die drie woongebiede in die Windhoek stadsgebied te beperk, omdat die ondersoeker vertrouwd is met die meeste van die

skole in die drie gebiede. Die strewe is dat die ondersoek moet ooreenstem met die realiteit van leermislukking in die algemeen (Lancy 1993:26) en met spesifieke leermislukking in die skole in die Windhoek stadsgebied.

Hiervolgens word twaalf staatskole in die Windhoek stadsgebied doelbewus gekies vir hierdie ondersoek. Die stadsgebied bestaan uit drie woongebiede naamlik:

3.4.2.1 Woongebied A

Daar is elf primêre skole in hierdie woonbuurt geleë. Uit hierdie area is ses skole doelbewus gekies. Die skole in woongebied A het oorwegend swart leerders. Hier speel negatiewe omgewingsinvloede soos geraas, dwelmmisbruik, bendes en swak leergeriewe 'n groot rol. Die meeste ouers van leerders in hierdie skole kom uit 'n lae inkomstegroep. Baie leerders kom uit huise met enkelouers en waar die ouers huisbediendes is of werkloos is. 'n Groot verskeidenheid van tale word in hierdie woonarea gebesig, wat nie noodwendig met die onderrigtaal van die skool ooreenstem nie. Die meeste oorvolklasse kom in hierdie area voor.

3.4.2.2 Woongebied B

Drie skole is doelbewus uit hierdie woonbuurt gekies. Hierdie skole het oorwegend kleurlingleerders. Ouers van leerders uit hierdie area is meestal albei werksaam en baie van die leerders is na skool aan hulleself oorgelaat. Sommige leerders woon ver van hul skole af. Omdat baie van hierdie leerders van huurmotors gebruik moet maak, daag baie òf laat òf glad nie by die skool op nie. Van hierdie leerders ondervind swak gesondheid weens swak ekonomiese omstandighede soos wat meestal in die plakkerskampe voorkom. Weens bogenoemde faktore word die geleentheid van onderwys vir almal gestrem. Daar kan nie in hul basiese behoeftes voorsien word nie en dit gee aanleiding tot persoonlike ongelukkigheid by hierdie leerders. Die leerders neem hul toevlug tot verkeerde maats en hieruit spruit leermislukking en vroeë skoolverlating voort wat jaarliks toeneem (Namibia, Ministry of Basic Education and

Culture 1997(a):15).

3.4.2.3 Woongebied C

Uit hierdie woongebied is drie skole doelbewus gekies. Hierdie skole is hoofsaaklik blankeskole. Leerders uit hierdie area kom uit groot en gerieflike huise. Hulle omgewing is stimulerend en bevorderlik vir leer. Die ouers is baie meer betrokke by die skoolaangeleenthede van hulle kinders.

Van die drie woongebiede is hierdie deel die beste toegerus wat skoolgeboue, voldoende onderwysers en kleiner getalle leerders in die klasse betref. Skoolbywoning is in hierdie woongebied baie meer bevredigend. Daar kom egter leerders van die ander twee woongebiede in die skole in hierdie area voor, wat beteken dat leerders uit verskillende taal- en kulturele agtergronde hier voorkom. Daarom is dit ook noodsaaklik dat skole uit hierdie woongebied betrek moes word.

3.4.3 Toestemming van die Ministerie van Onderwys, Sport en Kultuur

Soos genoem is twaalf skole doelbewus gekies om die oorsake van leermislukking in die Windhoek stadsgebied te ondersoek. Die skoolhoofde van die betrokke skole is vooraf geskakel om 'n afspraak te maak en om agtergrond te gee oor die voorgenome besoek.

By die eerste besoek is 'n brief van die Ministerie van Onderwys, Sport en Kultuur voorgelê waarin toestemming verleen is om die skole in die Windhoek stadsgebied te besoek (Kyk Bylae B). Nog 'n brief waarin die navorser die skoolhoof se toestemming vir die ondersoek vra is ook voorgelê (Kyk Bylae C).

3.4.4 Vertroulikheid van inligting en anonimiteit van respondente

Die anonimiteit van die respondente is verseker sowel as 'n waarborg dat alle inligting

as vertroulik hanteer sal word (De Vos et al 1998:157). Beide anonimiteit en vertroulikheid word deur Neuman (1997:452-453) soos volg beskryf: "anonymity means that subjects remain anonymous or nameless" en "confidentiality means that information may have names attached to it, but the researcher holds it in confidence or keeps it secret from the public". Een manier om vertroulikheid in die hand te werk, is om inligting van proefpersone anoniem te bekom (Huysamen 1994:190). Om dus te voorkom dat inligting aan individue gekoppel kan word, word dit as 'n persentasie weergegee (Neuman 1997:453).

3.4.5 Keuse van respondente

Vir die doel van hierdie navorsing is agt-en-veertig onderwysers uit bogenoemde woongebiede doelbewus gekies. Vier onderwysers uit elkeen van die twaalf geselekteerde skole is deur die skoolhoofde aangewys; een elk uit grade 1 tot 4.

Tydens die besoeke aan die skoolhoofde is dit duidelik gestel dat die inligtingsinsamelingsproses in die teenwoordigheid van die navorser sal geskied en dat die vraelys in beide Engels en Afrikaans beskikbaar sal wees. Enige onduidelikhede met betrekking tot die vraelys kan dus met die navorser bespreek word (De Vos et al 1998:157). Met die goedkeuring van die skoolhoof en betrokke onderwysers is 'n geskikte tyd bepaal wanneer die vraelyste afgeneem kan word.

Deur die inligting soos deur die respondente verkry, te ontleed kan moontlike oorsake van leermislukking geïdentifiseer word. Aangesien die steekproef nie verteenwoordigend van 'n bepaalde populasie is nie, sal nie veralgemeen word nie, maar tendense geïdentifiseer word. Daar sal bepaal word watter vrae gemeenskaplikheid toon wat kan help om die probleem van leermislukking na vore te laat kom. Sodoende kan die inligting help om die leemtes waarna gesoek word, te ontdek (Bogdan 1992:161).

3.5 DATA-INSAMELINGSMETODE

3.5.1 Die vraelys as insamelingsmetode

Volgens De Vos et al (1998:152) is 'n vraelys 'n stel vrae op 'n vorm wat spesiaal ontwerp is om data vir 'n navorsingsprojek in te samel. Respondente word gevra om dit gewetensvol in te vul. In die gebruik van vraelyste maak die navorser staat op die eerlikheid en akkuraatheid van die respondente se terugvoer (Marshall & Rossman 1995:96).

In hierdie navorsing oor leermislukking is van 'n vraelys gebruik gemaak om inligting oor 'n groter groep te bekom deur van 'n kleiner groep gebruik te maak. Hierdeur word die inligting gebruik om te beskryf wat moontlik in die populasie as oorsake van leermislukking dien (Marshall & Rossman 1995:96). Aangesien daar van 'n nie-waarskynlikheid steekproefneming gebruik gemaak is, sal daar egter nie veralgemeen kan word na die populasie nie. Neigings sal egter geïdentifiseer word.

'n Vraelys wat as instrument vir data-insameling gebruik word, kan oor beide oop en geslote vrae beskik. Neuman (1997:240) beskryf hierdie tipe vrae soos volg: "An *open-ended* (unstructured, free response) *question* asks a question (e.g., What is your favorite television program?) to which respondents can give any answer. A *closed-ended* (structured, fixed response) *question* both asks a question and gives the fixed responses from which to choose from". Daar is in hierdie vraelys van geslote vrae gebruik gemaak en daar is gepoog om die vrae so objektief as moontlik te stel. De Vos et al (1998:153) is van mening dat vraelyste die algemeenste instrument is wat gebruik word om inligting oor 'n sekere onderwerp in te win.

Vir hierdie navorsing is vraelyste per hand afgelewer. Enkele voordele hieraan verbonde is:

- Vraelyste word aan respondente gegee om voltooi te word, en die navorser is byderhand om onduidelikhede wat mag voorkom te bespreek.
- Baie tyd word hiermee gespaar.
- Reponskoerse weens persoonlike kontak word verhoog.
- Respondente wat andersins moeilik bekombaar sou wees word nou maklik betrek (De Vos et al 1998:154-155)

Sekere beginsels is nodig by die opstel van 'n vraelys. In hierdie ondersoek is daar voorsiening gemaak dat die vraelys kernagtig is, maar ook lank genoeg is om relevante inligting te bekom. 'n Begeleidende brief, waarin die navorser haar bekend gestel het en 'n kort beskrywing van die doel van die navorsing gegee het, is aan elkeen van die vraelyste geheg. Hierdie kort beskrywing van die ondersoek is nodig om die respondente te motiveer om hulle samewerking vir die ondersoek te gee. Die nodige instruksies en die telefoonnommer van die navorser is ook voorsien (Mertens 1998:127).

Spesifieke beginsels is toegepas by die formulering van vrae in die vraelys (Kyk Bylae A). Soos aanbeveel deur De Vos et al (1998:158), Neuman (1997:233-236) en Huysamen (1994:133-137) is die sinne wat gebruik is, kort en duidelik. Elke vraag het net een gedagte bevat. Elkeen van die vrae wat gestel is, was relevant vir die doel van die ondersoek (De Vos et al 1998:157). Tegniese terme soos byvoorbeeld, outoritêre ouerskap (vraag C01) en leergestremdheid (vraag D4), is verduidelik en woorde wat kultureel vreemd is of wat aanstoot kan gee, is nie gebruik nie (Huysamen 1994: 134). Daar is deurgans gewaak teen die dubbelsinnige formulering van vrae om te verhoed dat respondente die vrae verskillend interpreteer en uiteindelik verskillend beantwoord. Leidende vrae is deurgaans vermy omdat dit 'n antwoord in 'n sekere rigting kan suggereer. Dit geld ook vir gelaaide vrae. Die bewoording van vrae oor sensitiewe kwessies (vraag C33) is goed oorweeg.

Om die respondente oor die oorsake van leermislukking by leerders in die Windhoek stadsgebied op hulle gemak te stel, is die sogenaamde *tregtervolgorde* gevolg waar

daar met algemene vrae begin word wat met toenemend spesifieke vrae opgevolg is (Huysamen 1994:137). Daar is verder gepoog om met 'n paar maklike items wat duidelik met die gestelde titel verband hou te begin. Daarna is meer diepliggende vrae gestel. Die navorser het ook vrae wat met mekaar verband hou, bymekaar gegroepeer. Die doel hiermee was dat die respondente nie so baie van fokus moes verander nie. Die oorgang van een onderwerp na 'n ander is duidelik en is steeds aan die gestelde titel gekoppel.

3.5.2 Data-analise

In hierdie navorsing is gepoog om die moontlike oorsake van leermislukking van leerders in die juniorprimêreskool-fase van die Windhoek stadsgebied te verstaan en te analiseer. De Vos et al (1998:203) beskryf data-analise as volg: "data-analysis means the categorising, ordering, manipulating and summarising of data to obtain answers to research questions." Mertens (1998:350) sluit hierby aan deur te sê dat die data-analiseproses sistematies uitgevoer moet word. Dit moet omvattend wees maar nie te streng of onbuigsaam nie.

Volgens De Vos et al (1998:203) kan die analisering van navorsingsinligting nie altyd die navorsingsvrae beantwoord nie. Daarom is interpretasie van die data nodig. Om te interpreteer beteken om te verklaar. Dit is om betekenis te gee aan bepaalde stellings. Dit is dan ook, volgens De Vos et al (1998:203), onmoontlik om rou inligting te verklaar. Neuman (1997:335) sien interpretering as inligting wat aan die hand van beskrywings en diagramme gegee kan word.

Die navorser interpreteer die inligting deur dit verstaanbaar vir ander te maak. Die mening van 'n navorser word egter aan die hand van die informasie/data van die respondente gegee. Die interpretasie van die inligting geskied deur uit te vind wat die oorsake van leermislukking in die Windhoek stadsgebied is, volgens die onderwysers wat die vraelys voltooi het, en hoe die leerders die leersituasie waarin hulle is, hanteer. Die ondersoeker poog dan om objektief vas te stel wat die moontlike oorsake

van die leermislukking kan wees (Neuman 1997:335).

3.5.3 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelys.

Die geldigheid van 'n vraelys word soos volg gedefinieer: "As doing what it is intended to do, as measuring what it is supposed to measure and as yielding scores whose differences reflect the true differences of the variable being measured" (De Vos et al 1998:83). Die geldigheid van die vraelys bepaal dus of dit daarin slaag om te meet wat dit veronderstel is om te meet.

Geldigheid bestaan uit inhoudsgeldigheid en gesigsgeldigheid. Volgens Mark (1996:289) is inhoudsgeldigheid "the representativeness or sampling adequacy of the content... the substance, the matter, and the topics... of a measuring instrument". Inhoudsgeldigheid dui daarop of die vrae verteenwoordigend van die inhoud van die literatuurstudie is. Dit bepaal dus of die vraelys die oorsake van leermislukking, soos dit uit die literatuurnavorsing na vore gekom het, aanspreek. Gesigsgeldigheid vra of die vrae toets wat dit veronderstel is om te toets.

Betroubaarheid het te doen met die kwaliteit, stabiliteit oor tyd heen en geskiktheid van die navorsingsproses (Mertens 1998:184). Die betroubaarheid van 'n vraelys word gewoonlik statisties bepaal, byvoorbeeld met die Cronbach-Alpha korrelasiekoëffisiënt wat 'n verdeelدهelftemetode is.

Die vraelys verskyn as Bylae A.

3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar na die empiriese navorsingsontwerp gekyk. Die metode en probleemstelling is beskryf en 'n afbakeningsgebied is bepaal. Die proses van data-insameling is breedvoerig beskryf en die instrument wat vir die data-insameling gebruik is, naamlik die vraelys, is beskryf.

3.7 VOORUITSKOU

In hoofstuk 4 word die resultate en die ontleding van die resultate van die empiriese ondersoek bespreek.

Hoofstuk 4

NAVORSINGSRESULTATE

4.1 INLEIDING

Die navorsingsresultate word in hierdie hoofstuk sistematies (volgens die bloudruk uiteengesit in Afdeling 3.2) en logies ontleed en beskryf met behulp van 'n vraelys wat gebaseer is op die literatuurstudie soos in hoofstuk 2 bespreek is.

4.2 ADMINISTRASIE VAN DIE VRAELYS

Soos in afdeling 3.5 bespreek, is die vraelys aan 12 skole in drie verskillende woongebiede in die Windhoek stadsgebied gestuur. Vier onderwysers in die juniorprimêreskool-fase uit elke skool het die vraelys in die teenwoordigheid van die navorser beantwoord.

4.3 DATA-ANALISE

Die vraelys bestaan uit drie hoofkomponente, naamlik: persoonlike inligting van respondente, ekstrasieke oorsake en intrinsieke oorsake van leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied (kyk Bylae A).

4.3.1 Persoonlike inligting van respondente

Soos in afdeling 3.5.5 genoem is, is daar vir die doel van hierdie navorsing agt-en-veertig onderwysers doelbewus uit die drie woongebiede van die Windhoek stadsgebied gekies. Vier onderwysers uit elkeen van die twaalf geselekteerde skole is gekies, een elk uit grade 1 tot 4.

4.3.1.1 Hoogste onderwyskwalifikasie van respondente

Die volgende inligting rakende die opleiding van die onderwysers is uit die vraelys bekom:

Tabel 4.1 Hoogste onderwyskwalifikasie van respondente

	Frekwensie	Persentasie
Graad 12	5	10,4%
Onderwysdiploma	33	68,8%
Onderwysgraad	4	8,3%
Honneursgraad	1	2,1%
Ander kwalifikasies as onderwyskwalifikasie	5	10,4%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Soos in tabel 4.1 aangedui, blyk dit dat die hoogste kwalifikasie van die meeste respondente (68,8%) 'n onderwysdiploma is.

4.3.1.2 Onderwyservaring van respondente

Die volgende inligting rakende die onderwyservaring van die respondente het na vore gekom.

Tabel 4.2 Onderwyservaring van respondente

Jare	Frekwensie	Persentasie
0-5	2	4,2%
6-10	6	12,5%
11-15	8	16,7%
15 jaar en langer	32	66,7%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.2 blyk dit dat die meeste respondente (66,7%) se ervaringsjare 15 jaar en langer is.

4.3.1.3 Onderwysers se huistaal

Die volgende inligting rakende die huistaal van die onderwysers het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.3 Onderwysers se huistaal

	Frekwensie	Persentasie
Engels	1	2,1%
Afrikaans	29	60,4%
Oshierero	6	12,5%
Damara-Nama	7	14,6%
Duits	0	0%
Oshivambo	1	2,1%
Ander	4	8,3%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat meer as die helfte van die respondente (60,4%) aangedui het dat Afrikaans hul huistaal is.

4.3.1.4 Voertaal van die skool

Die voertaal van die gekose skole in die Windhoek stadsgebied is soos volg deur die respondente aangedui:

Tabel 4.4 Voertaal van die skool

	Frekwensie	Persentasie
Engels	39	81,3%
Afrikaans	7	14,6%
Oshierero	0	0%
Damara-Nama	0	0%
Duits	0	0%
Oshivambo	0	0%
Ander	2	4,2%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.4 blyk dit dat meer as drie-kwart (81,3%) van die respondente aangedui het dat Engels die voertaal in die meeste van die skole is.

4.3.1.5 Algemene gevolgtrekking

Die volgende persoonlike inligting rakende die respondente het tydens die navorsing na vore gekom: Die meeste gekose respondente se hoogste kwalifikasie is 'n onderwysdiploma. Aansluitend hierby blyk dit dat die meeste respondente se onderwyservaring, 15 jaar en langer is. Dit blyk dus dat die meeste onderwysers in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied gekwalifiseerd is en oor die nodige ondervinding beskik vir die poste wat hulle beklee.

Dit blyk dat meer as die helfte (60,4%) van die respondente Afrikaanssprekend is. Die voertaal van meeste van die skole is as Engels aangedui. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die huistaal van die onderwysers meestal verskil van die voertaal van hul skool. Dit kan meebring dat die meeste onderwysers self nie bedrewe is in die voertaal van die skool nie wat aanleiding tot leermislukking by sommige leerders kan gee.

4.3.2 Ekstrinsieke oorsake van leermislukking

Die volgende data, soos deur die respondente verstrekk, dui op die moontlike ekstrinsieke oorsake van leermislukking in die gekose skole van die drie woongebiede in die Windhoek stadsgebied.

4.3.2.1 Huislike en gesinsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee

Van die belangrikste ekstrinsieke oorsake van leermislukking by leerders is sekerlik dié oorsake wat voortspruit uit die huislike en gesinsomstandighede. Hieronder word die volgende faktore ingesluit: probleme in die ouerhuis, negatiewe opvoedingstyle van ouers, leerders uit gebroke gesinne en gevalle waar die huistaal van die ouers verskil van die amptelike onderrigtaal van die skool.

Die volgende afkortings sal deurgaans in die tabelle gebruik word:

Gem vir Gemiddeld

Onvolt vir Onvoltooid

a) Probleme in die ouerhuis

Die respondente het soos volg gerapporteer oor probleme in die ouerhuis wat aanleiding kan gee tot leermislukking by juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole van die Windhoek stadsgebied:

Tabel 4.5 *Probleme in die ouerhuis*

Probleme in die ouerhuis	Baie	Gem	Min	Geen	Onvold
Swak toesig oor kinders tuis (albei ouers werk)	60,4%	29,2%	8,3%	2,1%	
Vervoerprobleme	22,9%	22,9%	45,8%	6,3%	2,8%
Finansiële probleme	20,8%	37,5%	31,3%	10,4%	
Ouers motiveer nie leerders om die skool gereeld by te woon nie.	14,6%	22,9%	50%	10,4%	2,1%
Drankmisbruik van een of beide ouers	4,2%	47,9%	35,4%	10,4%	2,1%
Oorbewoonde huisvesting en blootstelling aan geraas	27,1%	33,3%	25,0%	12,5%	2,1%
Huise waar kinders voortdurend mishandel word	8,3%	18,8%	52,1%	20,8%	
Gebrek aan mediese dienste	10,4%	20,8%	52,1%	12,5%	4,2%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde inligting blyk dit dat die respondente *swak toesig oor die kinders tuis* as die grootste probleem in die ouerhuis beskou wat kan bydra tot leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied. *Drankmisbruik en finansiële probleme* wat aanleiding tot *swak voeding en fisieke versorging* kan gee, word ook deur die respondente as moontlike probleme in die ouerhuis gesien wat kan bydra tot leermislukking by hulle leerders. Dit blyk egter dat *vervoerprobleme, kindermishandeling, swak motivering aan die kant van die ouers dat die leerders die skool gereeld moet bywoon*, en 'n *gebrek aan mediese dienste* nie so 'n groot bydrae lewer tot die leermislukking van hulle leerders nie.

b) Negatiewe opvoedingstyle van ouers en die invloed daarvan op die leerders

Eerstens word daar verslag gedoen oor die negatiewe opvoedingstyle wat voorkom by ouers van leerders wat leermislukking ervaar in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied. Daarna word die respondente se menings oor die invloed van hierdie negatiewe opvoedingstyle op die leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling en op hulle skolastiese vordering aangedui.

i) Negatiewe opvoedingstyle van ouers

Die volgende negatiewe opvoedingstyle wat tot leermislukking aanleiding gee kom, volgens die respondente, voor by die ouers van die leerders in die gekose skole van die Windhoek stadsgebied.

Tabel 4.6 Negatiewe opvoedingstyle van ouers

Negatiewe opvoedingstyle	Meeste	Meer	Gemid	Minder	Minste	Onvolt
Outoritêre opvoedingstyl	8,3%	10,4%	31,3%	18,8%	27,1%	4,2%
Permissief-onverskillige opvoedingstyl	18,8%	25,0%	22,9%	22,9%	8,3%	2,1%
Permissief-toegeeflike opvoedingstyl	25,0%	18,8%	35,4%	6,3%	10,4%	4,2%
Koue opvoedingstyl	8,3%	8,3%	20,8%	22,9%	35,4%	4,2%
Dominante opvoedingstyl	10,4%	14,6%	25,0%	22,9%	22,9%	4,2%

Gevolgtrekking

Volgens die respondente kom die permissief-onverskillige en permissief-toegeeflike opvoedingstyle meer voor by die ouers van die leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied as die ander opvoedingstyle. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die ouers meer toegeeflik is en onverskillig staan teenoor hulle kinders as wat hulle hulle kinders domineer en met sterk dissipline regeer of heeltamal afsydig staan teenoor hulle kinders.

ii) Die invloed van die negatiewe opvoedingstyle op die leerders se emosionele ontwikkeling

Negatiewe opvoedingstyle van ouers kan grootliks daartoe bydra dat hulle kinders emosionele probleme ontwikkel. Die gevolg is dat hulle kinders onseker voel en meestal ongemotiveerd is ten opsigte van hulle skoolwerk. Hierdie negatiewe houding wat tot leermislukking aanleiding kan gee word by leerders in die juniorprimêreskool-fase van die gekose skole in die Windhoek stadsgebied ervaar.

Tabel 4.7 Die invloed van die negatiewe opvoedingstyle van ouers op die leerders se emosionele ontwikkeling

	Meeste	Meer	Gem	Minder	Minste	Onvold
Angstigheid by leerders	12,5%	20,8%	25,5%	22,9%	16,7%	2,1%
Onverantwoordelikheid	25,0%	18,8%	35,4%	14,6%	4,2%	2,1%
Afhanklikheid by leerders	22,9%	22,9%	31,3%	8,3%	10,4%	4,2%
Vyandigheid	4,2%	18,8%	27,1%	20,8%	27,1%	2,1%
Leerders toon min waagmoed	20,8%	25,0%	18,8%	20,8%	10,4%	4,2%
Minderwaardigheid	6,3%	20,8%	29,2%	18,8%	22,9%	2,1%
Swak selfbeeld	16,7%	22,9%	31,3%	6,3%	20,8%	2,1%

Gevolgtrekking

Hieruit blyk dit dat die meeste respondente van mening is dat *onverantwoordelikheid* en *afhanklikheid* faktore is wat die gevolg van negatiewe opvoedingstyle van ouers op hul kinders se emosionele ontwikkeling is. Negatiewe opvoedingstyle van ouers kan ook daartoe bydra dat leerders min waagmoed toon, 'n swak selfbeeld het en angstigheid in die klas ervaar, wat tot leermislukking kan lei. Voorts blyk dit egter dat 'n gevoel van vyandigheid en minderwaardigheid wat kan ontstaan as gevolg van negatiewe opvoedingstyle van ouers min voorkom by die leerders wat leermislukking ervaar.

iii) Die invloed van negatiewe opvoedingstyle op leerders se sosiale ontwikkeling

Die volgende inligting oor die invloed van negatiewe opvoedingstyle op leerders se sosiale ontwikkeling is uit die vraelys bekom:

Tabel 4.8 Die invloed van negatiewe opvoedingstyle op leerders se sosiale ontwikkeling

	Meeste	Meer	Gem	Minder	Minste	Onvold
Pas moeilik aan in die klas	10,4%	16,7%	25,0%	27,1%	18,8%	2,1%
Swak kommunikasievaardighede	25,0%	33,3%	14,6%	25,0%	2,1%	
Beïnvloedbaarheid van leerders	20,8%	33,3%	27,1%	14,6%	4,2%	

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.8 blyk dit dat negatiewe opvoedingstyle (soos die permissief-toegeeflike) van ouers volgens die meerderheid respondente meestal bydra tot swak kommunikasievaardighede by leerders in die gekose skole. As gevolg van die negatiewe opvoedingstyle van ouers (soos die permissief-toegeeflike opvoedingstyl)

huldig die meerderheid respondente die mening dat leerders wat leermislukking in hulle skole ervaar, ook maklik beïnvloedbaar is.

iv) *Die invloed van negatiewe opvoedingstyle op leerders se skolastiese vordering*

Die volgende inligting oor die invloed van negatiewe opvoedingstyle op leerders se skolastiese vordering is uit die vraelys bekom:

Tabel 4.9 Die invloed van negatiewe opvoedingstyle op leerders se skolastiese vordering

	Meeste	Meer	Gem	Minder	Minste	Onvult
Swak konsentrasie	31,3%	33,3%	25,0%	6,3%	4,2%	
Ongemotiveerdheid	18,8%	35,4%	29,2%	12,5%	4,2%	
Traak-my-nie-agtigheid	16,7%	22,9%	33,3%	14,6%	8,3%	4,2%
Stokkiesdraai	18,8%	12,5%	22,9%	18,8%	22,9%	4,2%
Eksamenvrees	8,3%	20,8%	18,8%	27,1%	22,9%	2,1%
Swak prestasie	25,0%	27,1%	31,3%	12,5%	4,2%	

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste respondente van mening is dat negatiewe opvoedingstyle soos permissief-toegeeflike en permissief-onverskillige opvoedingstyle tot swak konsentrasie en as gevolg daarvan tot swak prestasie by hulle leerders lei. Ongemotiveerdheid by leerders as gevolg van die negatiewe opvoedingstyle van ouers word ook deur die respondente as 'n moontlike oorsaak van leermislukking by hulle leerders gesien. Die respondente het verder aangedui dat eksamenvrees en stokkiesdraai by leerders as gevolg van die negatiewe opvoedingstyle van die ouers nie so 'n groot rol speel in die leermislukking van hulle leerders nie.

v) *Algemene gevolgtrekking*

Uit bogenoemde inligting blyk dit dat die negatiewe opvoedingstyle wat die meeste by die ouers van die leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom die permissief-toegeeflike en die permissief-onverskillige opvoedingstyle is.

Die gevolg van hierdie negatiewe opvoedingstyle van ouers is dat hulle baie onbetrokke in die lewe van hulle kinders is. Hulle stel ook weinig eise aan hulle kinders. Dit blyk uit die vraelys dat die kinders min of geen stimulering tuis ontvang nie en dat swak toesig oor die kinders tuis tot gevolg het dat daar weinig kontrole oor hulle skoolwerk is. Sulke kinders raak meestal agter in hul skoolwerk sonder dat die ouers dit agterkom.

Volgens die meeste respondente blyk dit dat negatiewe opvoedingstyle van ouers 'n invloed op leerders se emosionele ontwikkeling het. Dit gee aanleiding tot angstigheid by leerders en hulle bly afhanklik vir raad en ondersteuning van ander. Weens onsekerheid is hulle baie keer maklik vatbaar vir negatiewe beïnvloeding.

Dit blyk verder dat negatiewe opvoedingstyle van ouers soos die permissief-toegeeflike opvoedingstyl volgens die meeste respondente meestal bydra tot swak kommunikasievaardighede by hulle kinders. Die respondente dui egter aan dat hierdie leerders nie aanpassingsprobleme ervaar nie.

As gevolg van die negatiewe opvoedingstyle van ouers soos die permissief-toegeeflike opvoedingstyl kom swak konsentrasie voor wat tot ongemotiveerdheid by die leerders in die gekose skole lei.

c) *Gebroke gesinne wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee*

Vervolgens gaan daar oor die voorkoms van gebroke gesinne as 'n oorsaak van

leermislukking by leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied verslag gedoen word. Daarna word die respondente se sienings oor die invloed van gebroke gesinne op die leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as skolastiese vordering aangedui.

i) *Die voorkoms van gebroke gesinne*

Die voorkoms van gebroke gesinne waaruit die leerders wat leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied ervaar, kom, word soos volg gereflekteer:

Tabel 4.10 Voorkoms van gebroke gesinne as 'n oorsaak van leermislukking

	Meeste	Nie seker nie	Minste	Onvolt
Moeder is die enkelouer	70,8%	10,4%	16,7%	2,1%
Vader is die enkelouer	12,5%	27,1%	50%	10,4%
Leerders bly by ander familielede	54,2%	25,0%	16,7%	4,2%
Leerders bly by stiefpa en eie ma	31,3%	35,4%	29,2%	4,2%
Leerders bly by stiefma en eie pa	27,1%	43,8%	22,9%	6,3%
Enige ander	0%	0%	0%	0%

Gevolgtrekking

Volgens die meeste respondente blyk dit dat baie leerders wat leermislukking ervaar by hulle moeder as enkelouer (70,8%) en by ander familielede (54,2%) woonagtig is, terwyl 50 persent van die respondente van mening is dat die gebroke gesin met die vader as die enkelouer die minste voorkom. Wat betref die ander tipes gebroke gesinne, was daar 'n beduidende persentasie respondente wat onseker was oor die

gesinsamestelling waaruit die leerders wat leermislukking in hulle klasse ervaar, kom.

ii) *Die invloed van gebroke gesinne op die leerders se emosionele ontwikkeling*

In huise waar een ouer vir lang periodes afwesig is byvoorbeeld deur egskeiding, werk dit stremmend in op die kind se emosionele ontwikkeling. Volgens die respondente kom hierdie tendens ook voor by juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

Tabel 4.11 Die invloed van gebroke gesinne op die leerders se emosionele ontwikkeling

	Meeste	Nie seker nie	Minste	Onvolt
Verwardheid by leerders	56,3%	16,7%	25,0%	2,1%
Gevoel van onveiligheid by die leerders	50%	20,8%	25,0%	4,2%
Minderwaardigheid by die leerders	45,8%	29,2%	22,9%	2,1%
Onttrekking van leerders	33,3%	33,3%	31,3%	2,1%
Leerders vertel leuens	60,4%	18,8%	18,8%	2,1%

Gevolgtrekking:

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat meer as die helfte (60,4%) van die respondente die mening huldig dat die leerders wat die meeste met leuens vorendag kom, meestal uit gebroke gesinne kom. Faktore soos verwardheid by leerders, 'n gevoel van onveiligheid, en 'n minderwaardigheidskompleks is emosionele agterstande wat baie by leerders uit gebroke gesinne in die gekose skole voorkom. Die respondente was egter onseker of die feit dat sommige leerders uit gebroke gesinne kom, so 'n invloed op hulle emosionele ontwikkeling het dat hulle hul uit die leersituasie onttrek.

iii) *Die invloed van gebroke gesinne op die leerders se sosiale ontwikkeling*

Die respondente het soos volg gerapporteer oor die invloed van gebroke gesinne op die sosiale ontwikkeling van die juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

Tabel 4.12 *Die invloed van gebroke gesinne op die leerders se sosiale ontwikkeling*

	Meeste	Nie seker nie	Minste	Onvold
Verkeerde maats	66,7%	14,6%	16,7%	2,1%
Drankmisbruik van leerders	22,9%	50%	25,0%	2,1%
Leerders wat dwelms gebruik	20,8%	41,7%	35,4%	2,1%
leerders wat diefstal pleeg	39,6%	22,9%	35,4%	2,1%

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.12 blyk dit dat die meeste respondente *verkeerde maats* as die grootste invloed op hulle leerders se sosiale ontwikkeling beskou. Die pleeg van diefstal by leerders word ook deur die respondente as 'n moontlike negatiewe invloed op die leerders uit gebroke gesinne se sosiale ontwikkeling gesien. Dit blyk egter dat die meerderheid respondente onseker is of drankmisbruik en dwelmmisbruik by leerders van gebroke gesinne voorkom en derhalwe 'n invloed op hulle sosiale ontwikkeling kan hê.

iv) *Die invloed van gebroke gesinne op die leerders se skolastiese vordering*

Die volgende inligting rakende die invloed van gebroke gesinne op die leerders se skolastiese vordering in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole is uit die vraelys bekom.

Tabel 4.13 Die invloed van gebroke gesinne op die leerders se skoolstudiese vordering

	Meeste	Nie seker nie	Minste	Onvold
Aandagafleibaarheid	75%	8,3%	10,4%	6,3%
Druiping/ Leermislukking	58,3%	16,7%	22,9%	2,1%
Vroeë skoolverlating	41,7%	29,2%	25,0%	4,2%
Leerders voltooi nie take nie	54,2%	18,8%	22,9%	4,2%
Afwesigheid van leerders	47,9%	12,5%	37,5%	2,1%

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.13 is dit duidelik dat drie-kwart (75%) van die respondente van mening is dat *aandagafleibaarheid* 'n kenmerk is van leerders wat uit gebroke gesinne kom en word dit as die grootste oorsaak van leermislukking by hierdie leerders in hulle klasse gesien. Dit lei daartoe dat hulle sukkel om hul take in die gekose skole te voltooi en meer as die helfte (58,3%) van die respondente voel dat dit tot druiping by hulle leerders kan lei.

Volgens bykans die helfte van die respondente (47,9%) is leerders dikwels afwesig omdat hulle ouers hulle vir 'n dag of twee tuis hou om met take te help of na jonger kinders om te sien. Dit lei tot gapings in die leerder se kennis van die leerstof en vaardighede. Hierdie leerders in die gekose skole raak agter in hulle skoolwerk; hulle mag leermislukking daardeur ervaar en dit kan tot vroeë skoolverlating aanleiding gee (volgens 41,7% van die respondente).

v) *Algemene gevolgtrekking*

Wat betref die voorkoms van gebroke gesinne as 'n oorsaak van leermislukking by

leerders in die gekose skole het die volgende na vore gekom: Volgens die meeste respondente blyk dit dat 'n groot aantal leerders wat leermislukking ervaar by hulle moeder as enkelouer en by ander familieledede woonagtig is. Die helfte van die respondente is egter van mening dat die gebroke gesin met die vader as die enkelouer die minste voorkom. Dit kan wees omdat die vader soms weg van die huis moet werk en verkies dat die kinders deur hulle grootouers of ander familieledede versorg moet word.

Emosionele probleme gaan gewoonlik met leerprobleme gepaard. Leerders met emosionele probleme soos deur die respondente aangedui het gewoonlik 'n lae selfbeeld. Hierdie leerders kom baie keer met leuens vore omdat hulle nie hul skoolwerk kan baasraak nie.

Volgens die respondente kom sosialiseringprobleme ook dikwels onder die juniorprimêreskool- leerders in die gekose skole voor. Verkeerde maats word deur die meeste respondente as die grootste negatiewe invloed op hulle leerders se sosiale ontwikkeling beskou. Omdat die meeste leerders in die gekose skole uit gebroke gesinne kom waar die moeder as enkelouer optree en self werksaam is, is baie leerders aan hulleself oorgelaat na skool. Sulke leerders is verveeld en maklik beïnvloedbaar deur verkeerde maats. Diefstal word ook deur die respondente as 'n moontlike negatiewe invloed van gebroke gesinne op hulle leerders se sosiale ontwikkeling aangedui.

Die respondente is egter onseker of drankmisbruik en dwelmmisbruik by hulle leerders uit gebroke gesinne voorkom en sodoende 'n invloed op hulle sosiale ontwikkeling kan hê. Die rede hiervoor mag wees dat hierdie leerders nog in die juniorprimêreskool-fase is en gewoonlik nie toegang tot drank en dwelms het nie.

Skolasties kan leerders uit gebroke gesinne op die volgende wyses nadelig beïnvloed word: Volgens drie-kwart van die respondente is leerders in hulle skole maklik aandagafleibaar en onderpresteer as gevolg daarvan.

Dit blyk dus dat leerders wat uit gebroke gesinne kom emosioneel, sosiaal en skolasties nadelig beïnvloed word.

d) *Die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal van die leerders as 'n oorsaak van leermislukking en die invloed daarvan op leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling en skolastiese vordering*

i) *Die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal van die leerders wat leermislukking ervaar*

Die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal wat die leerders wat leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied die meeste raak, word deur die respondente soos volg aangedui:

Tabel 4.14 Invloed van die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal op leerders se leermislukking

	Frekwensie	Persentasie
Groot invloed	31	64,6%
Gemiddelde invloed	13	27,1%
Min invloed	3	6,3%
Onvoltooid	1	2,1%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Soos blyk uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die meeste respondente (64,6%) van mening is dat waar die huistaal en die amptelike onderrigtaal nie dieselfde is nie, dit 'n groot invloed op die leermislukking van juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied kan hê.

ii) *Die invloed van die verskil tussen huistaal en die amptelike onderrigtaal op die leerders se emosionele ontwikkeling*

Soos deur die respondente aangedui is Engels die tweede of selfs derde taal vir die meeste van hierdie leerders. As gevolg hiervan sukkel die leerders by die gekose skole om Engels onder die knie te kry en gee dit aanleiding tot emosionele probleme by die betrokke leerders.

Tabel 4.15 Die invloed van die verskil tussen huistaal en die amptelike onderrigtaal op leerders se emosionele ontwikkeling

	Baie	Nie seker nie	Geen	Onvold
Angstigheid by leerders	47,9%	35,4%	14,6%	2,1%
Aggressie by leerders	20,8%	58,3%	20,8%	
Onttrekking van leerders	52,1%	37,5%	10,4%	
Vrees vir leermislukking	58,3%	33,3%	8,3%	

Gevolgtrekking

Hieruit blyk dit dat die meeste respondente *vrees vir leermislukking* weens die verskil in tale as die grootste negatiewe invloed op die leerders se emosionele ontwikkeling sien. Dit blyk verder dat meer as die helfte (52,1%) van die respondente van mening is dat leerders hulle onttrek van die leersituasie. Angstigheid by leerders is ook deur 47,9 persent van die respondente opgemerk.

iii) *Die invloed van die verskil tussen huistaal en die amptelike onderrigtaal op leerders se sosiale ontwikkeling*

Die volgende inligting rakende die invloed van die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal op die leerders se sosiale ontwikkeling het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.16 Die invloed van die verskil tussen huistaal en die amptelike onderrigtaal op leerders se sosiale ontwikkeling

	Baie	Nie seker nie	Geen
Vrees vir foute	60,4%	22,9%	16,7%
Swak kommunikasievaardighede	77,1%	8,3%	14,6%
Onsekerheid	72,9%	16,7%	10,4%
Skaamheid	72,9%	14,6%	12,5%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat volgens die meeste respondente (77,1%) *swak kommunikasievaardighede* by die leerders in hulle klasse baie voorkom as gevolg van die verskil tussen die leerders se huistaal en die amptelike onderrigtaal. Onsekerheid by leerders en skaamheid tydens sosialisering word deur byna drie-kwart (72,9%) van die respondente as 'n negatiewe invloed op hulle leerders se sosiale ontwikkeling beskou. Dit blyk voorts dat vrees vir foute maak as gevolg van swak kommunikasie in Engels deur 60,4 persent van die respondente as 'n invloed op hul leerders se sosiale ontwikkeling gesien word.

iv) Die invloed van die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal op leerders se skolastiese vordering

Die volgende inligting rakende die invloed van die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal op die leerders se skolastiese vordering in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole is uit die vraelys bekom.

Tabel 4.17 Die invloed van die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal op leerders se skolastiese vordering

	Baie	Nie seker nie	Geen
Taalverwarring by leerders	85,4%	6,3%	8,3%
Ongemotiveerdheid	54,2%	33,3%	12,5%
Onsekerheid ten opsigte van korrekte taalgebruik by leerders	83,3%	8,3%	6,3%

Gevolgtrekking

Hieruit blyk dit dat die meeste respondente *taalverwarring by leerders* (85,4%) en *onsekerheid ten opsigte van korrekte taalgebruik by leerders* (83,3%) in die gekose skole hoog aanslaan as bydraende faktore wat tot leermislukking by leerders kan lei. Dit blyk verder dat ongemotiveerdheid weens die verskil in die huistaal en die amptelike onderrigtaal ook deur die respondente as 'n moontlike oorsaak van leermislukking beskou word.

v) *Algemene gevolgtrekking*

Uit bogenoemde inligting blyk dit dat die meeste respondente die mening huldig dat waar daar 'n verskil tussen die leerder se huistaal en die amptelike onderrigtaal is, dit tot leermislukking by leerders in die gekose skole aanleiding kan gee. Voorts dui dit daarop dat die verskil tussen die leerders se huistaal en hulle amptelike onderrigtaal vrees vir leermislukking by die leerders kan laat ontstaan. Dit kan verder 'n gevoel van angstigheid meebring indien daar nie betyds aandag aan gegee word nie.

As gevolg van hierdie angstigheid kan leerders sukkel om in die amptelike onderrigtaal (Engels) te kommunikeer. 'n Gebrek aan genoegsame blootstelling aan Engels kan bydra daartoe dat leerders onseker voorkom, skaam mag wees om spontaan aan Engelse gesprekvoering deel te neem, omdat hulle bang is om foute te begaan.

Volgens die respondente kan leerders ongemotiveerd raak in hul skoolwerk as gevolg van te min stimulering in die korrekte gebruik van Engels. Van die leerders kan hulle onttrek eerder as om hulself in Engels uit te druk.

Bogenoemde faktore kan dus bydra tot emosionele, sosiale en skolastiese probleme by leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied wat weer tot leermislukking aanleiding kan gee.

4.3.2.2 Die rol van die skool in die leerders se leermislukking

a) Redes waarom leerders ouer is as die res van die klas.

Volgens die skoolbeleid moet leerders op tienjarige-ouderdom reeds die juniorprimêreskool-fase deurloop het. Dit gebeur egter nie altyd nie en die respondente het die volgende faktore daarvoor aangedui.

Tabel 4.18 Redes waarom leerders wat leermislukking ervaar ouer is as die res van die klas.

	Altyd	Soms	Nooit
Laat skooltoetrede	27,1%	66,7%	6,3%
Baie skoolverwisseling/verhuising	27,1%	64,6%	8,3%
Herhaling van grade/leermislukking	47,9%	50%	2,1%
Leerders met swak gesondheid/gereeld in hospitaal	10,4%	68,8%	20,8%

Gevolgtrekking:

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste respondente *herhaling van grade* as die grootste oorsaak beskou waarom sommige leerders ouer is as die genoemde ouderdom in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied. Laat skooltoetrede, en

baie skoolverwisseling/verhuising word deur die respondente as moontlike redes beskou waarom leerders ouer is as die genoemde ouderdom. Dit blyk egter dat swak gesondheid by leerders nie noodwendig 'n rol speel dat hulle ouer as die genoemde ouderdom is nie.

b) Die toekenning van leerders per onderwyser in 'n klas en die invloed daarvan op die leermislukking van die leerders

Voorts word die toekenning van leerders per onderwyser bespreek sowel as die invloed daarvan op die leermislukking van die juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied. Aansluitend hierby word die invloed daarvan op die leerders se emosionele, sosiale en skolastiese vordering bespreek.

i) Invloed van oorvol klasse op die onderwyser se onderrig in die klaskamer

Hoewel die onderwysbeleid voorsiening maak vir 'n bepaalde toekenning van leerders per onderwyser (1:35), gebeur dit soms dat die skool daarvan afwyk, en meer leerders per klas toelaat.

Tabel 4.19 *Invloed van oorvol klasse op die onderwyser se onderrig in die klaskamer*

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvolt
Skryfbehoeftes is nie genoegsaam nie	45,8%	31,3%	22,9%	
Probleme met dissipline kom voor	75%	22,9%	2,1%	
Onvoldoende individuele aandag	87,5%	10,4%	2,1%	
Handboeke moet gedeel word	54,2%	37,5%	8,3%	
Lei tot rigiede en outoritêre optrede deur die onderwyser	37,5%	39,6%	20,8%	2,1%
Min geleentheid aan leerders om eie inisiatief aan die dag te lê	31,3%	54,2%	12,5%	2,1%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat 'n groot aantal respondente (87,5%) aangedui het dat oorvol klasse tot onvoldoende individuele aandag aan hulle leerders lei en tot leermislukking by die leerders in die gekose skole aanleiding gee. Aansluitend hierby het drie-kwart (75%) van die respondente te kenne gegee dat dissiplinêre probleme grootliks deur oorvol klasse teweeg gebring word.

Handboeke wat gedeel moet word en skryfbehoeftes wat nie genoegsaam is nie word deur die respondente as moontlike oorsake van leermislukking in die gekose skole beskou. Dit blyk egter dat, volgens 37,5 persent van die respondente, rigiede en

outoritêre optrede deur onderwysers en min geleentheid aan leerders (31,3%) om eie inisiatief aan die dag te lê in 'n geringe mate in hulle klasse voorkom.

ii) Invloed van oorvol klasse op die leerders se emosionele ontwikkeling

Die volgende inligting rakende die invloed van oorvol klasse op die leerders se emosionele ontwikkeling het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.20 Die invloed van oorvol klasse op leerders se emosionele ontwikkeling

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvolt
Spelerigheid by leerders	85,1%	12,5%	2,1%	2,1%
Aandagsoekerigheid van leerders	62,5%	35,4%	2,1%	
Rusteloosheid van leerders	75%	22,9%	2,1%	

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit duidelik dat die meeste respondente (85,1%) van mening is dat oorvol klasse die grootste oorsaak is van spelerigheid by hul leerders. Rusteloosheid (75%) en aandagsoekerigheid (62,5%) as gevolg van oorvol klasse word ook deur die respondente as negatiewe invloede op hul leerders se emosionele ontwikkeling beskou.

iii) Die invloed van oorvol klasse op leerders se sosiale ontwikkeling

Oorvol klasse in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied het 'n nadelige invloed op die leerders se sosiale ontwikkeling soos blyk uit die inligting wat uit die vraelys verkry is.

Tabel 4.21 Die invloed van oorvol klasse op leerders se sosiale ontwikkeling

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie
Afknoery	58,3%	37,5%	4,2%
Ongehoorsaamheid	72,9%	20,8%	6,3%
Verkeerde maats	45,8%	43,8%	10,4%

Gevolgtrekking

Hieruit blyk dit dat byna drie-kwart (72,9%) van die respondente *ongehoorsaamheid* van leerders as gevolg van oorvol klasse as die grootste stremming op die leerders se sosiale ontwikkeling sien. Afknoery onder leerders (58,3%) in oorvol klasse en die invloed van verkeerde maats word deur die respondente as moontlike negatiewe invloede op hulle leerders se sosiale ontwikkeling aangedui.

iv) *Invloed van oorvol klasse op die leerders se skolastiese vordering*

Die volgende inligting rakende die invloed van oorvol klasse op die leerders se skolastiese vordering het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.22 *Invloed van oorvol klasse op die leerders se skolastiese vordering*

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvolt
Konsentrasieprobleme		62,5%	35,4%	2,1%
Leerders sukkel om netjies te skryf	47,9%	41,7%	10,4%	
Kennisgapings ontwikkel	60,4%	37,5%	2,1%	
Kan lei tot druiping	68,8%	27,1%	4,2%	

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat meer as die helfte (68,8%) van die respondente oorvol klasse as die grootste bydraende faktor tot druijing by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied beskou. Kennisgapings wat by leerders ontstaan (60,4%) en swak handskrif omdat leerders banke moet deel (47,9%) as gevolg van oorvol klasse word ook as moontlike oorsake van leermislukking by hulle leerders gesien. Dit blyk voorts dat konsentrasie van leerders in 'n geringe mate deur oorvol klasse beïnvloed word.

v) Algemene gevolgtrekking

Dit blyk uit die navorsing dat die skool wel 'n rol kan speel in die leermislukking van hulle leerders.

Leerders wat ouer is as die res van die klas, kom algemeen in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voor. Herhaling van grade word deur die meeste respondente as die grootste oorsaak van leerders wat ouer is as die res van die klas in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied beskou. Tesame hiermee word laat skooltoetreding sowel as baie skoolverwisseling wat met verhuising gepaard gaan ook as moontlike oorsake deur die respondente aangedui.

Dit blyk egter dat swak gesondheid by leerders in die gekose skole nie as 'n oorsaak van hulle hoë ouderdomme beskou word nie.

Alhoewel die onderwysbeleid bepaal dat daar 35 leerders in 'n klas behoort te wees, is daar in die gekose skole in die huidige stadium 'n groter aantal leerders in die klasse. Die meeste respondente is van mening dat oorvol klasse hulle daarvan weerhou om genoegsame individuele aandag aan hulle leerders te skenk. Die gevolg is dat leerders se leerprobleme steeds toeneem en tot leermislukking by die leerders kan lei. Weens oorvol klasse word dissiplinêre probleme in die meeste van die gekose skole ervaar.

Hierdie groot getalle maak dit onmoontlik vir die gekose onderwysers om hoë kwaliteit aandag aan elke leerder in die klas te gee al werk hulle soms in groepe. Afknouery kom ook onder die leerders voor.

'n Tekort aan skryfbehoeftes en handboeke word ook as 'n oorsaak van leermislukking by leerders in die gekose skole beskou. Die rede hiervoor kan wees dat toegekende hoeveelhede skryfbehoeftes en handboeke te min is vir die aantal leerders in die klasse en noodwendig gedurende lesure onderverdeel moet word. Dit mag tot die dissiplinêre probleme van die gekose skole bydra.

Dit blyk egter dat, ten spyte van die oorvol klasse, rigiede en outoritêre optrede deur onderwysers wat tot leermislukking by hulle leerders kan lei nie so gereeld in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom nie.

Voorts huldig die meeste respondente die mening dat oorvol klasse die grootste oorsaak is van spelerigheid by hulle leerders. Dit mag wees omdat sommige leerders hul werk vinniger klaar maak as ander en dan nie altyd konstruktief besig gehou word nie. 'n Ander faktor wat ook 'n negatiewe invloed op die leerders se emosionele ontwikkeling het, is rusteloosheid wat by baie leerders voorkom.

Volgens die meeste respondente, lei oorvol klasse tot ongehoorsaamheid by die leerders in hulle gekose skole. Die rede hiervoor mag wees dat onderwysers nie altyd konsekwent in hulle opdragte aan leerders is nie en leerders dus nie omgee of hulle dit betyds uitvoer nie.

c) *Toename van verskillende kultuurgroepe in die skoolpopulasie*

Opvoeding en onderwys is kultuurgebonde. Aan die een kant word kultuur informeel deur middel van opvoeding aan die kinders oorgedra. Aan die anderkant word kultuur formeel deur onderwysers in die gekose skole oorgedra. Verskillende kultuurgroepe in dieselfde klas kan tot leermislukking by leerders in die gekose skole in die

Windhoek stadsgebied aanleiding gee.

Tabel 4.23 *Toename in verskillende kultuurgroepe*

Toename in verskillende kultuurgroepe		
	Frekwensie	Persentasie
Ja	44	91,7%
Nee	4	8,3%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.23 blyk dit duidelik dat die meeste respondente (91,7%) van mening is dat hulle 'n toename in verskillende kultuurgroepe in hulle klasse ervaar. Slegs 8,3 persent van die respondente het aangedui dat hulle nie 'n toename in verskillende kultuurgroepe in hulle klasse ervaar nie.

i) Die invloed van kultuurverskille op die leerders se emosionele ontwikkeling

Weens die toename van verskillende kultuurgroepe in een klas in die Windhoek stadsgebied kan dit 'n negatiewe invloed op sommige van die leerders se emosionele ontwikkeling hê.

Tabel 4.24 Die invloed van kultuurverskille op leerders se emosionele ontwikkeling

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvold
Onsekerheid by leerders	64,6%	22,9%	8,3%	4,2%
Kultuurverwarring	45,8%	41,7%	8,3%	8,3%
Uitbreiding van ervaringswêreld van leerders	45,8%	43,8%	6,3%	4,2%
Senuweeagtigheid	37,5%	50%	8,3%	4,2%

Gevolgtrekking

Soos blyk uit die bogenoemde tabel het 64,6% persent van die respondente *onsekerheid by leerders* as gevolg van kultuurverskille in die klas as die grootste negatiewe invloed op hulle leerders se emosionele ontwikkeling aangedui. Byna 50 persent van die respondente is van mening dat kultuurverskille in die klas bydra tot die uitbreiding van die leerders se ervaringsveld. Kultuurverskille in die klas kan egter bydra tot kultuurverwarring by leerders omdat kultuurinhoud van die huis verskil van dié van die skool wat, volgens 45,8 persent van die respondente, wel 'n negatiewe invloed op die leerders se emosionele ontwikkeling kan hê.

ii) Die invloed van kultuurverskille op leerders se sosiale ontwikkeling

Die volgende inligting rakende die invloed van kultuurverskille op leerders se sosiale ontwikkeling is van die respondente verkry.

Tabel 4.25 Die invloed van kultuurverskille op leerders se sosiale ontwikkeling

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvold
Stil leerder	35,4%	50%	10,4%	4,2%
Leerders vertel leuens	20,8%	56,3%	18,8%	4,2%
Vrees vir foute	29,2%	60,4%	6,3%	4,2%
Onvolwassenheid	33,3%	47,9%	14,6%	4,2%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste respondente van mening is dat kultuurverskille min invloed op hulle leerders se sosiale ontwikkeling het.

iii) Invloed van kultuurverskille op die leerders se skolastiese vordering

Die volgende inligting rakende die invloed van kultuurverskille op die leerders se skolastiese vordering het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.26 Die invloed van kultuurverskille op die leerders se skoolastiese vordering

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvold
Benadeel kritiese denke	37,5%	39,6%	18,8%	4,2%
Taalverwarring by leerders	75%	18,8%	2,1%	4,2%
Swak redeneringsvermoë	50%	35,4%	10,4%	4,2%
Leerders is nie instaat tot selfstandige interpretasie van inhoude nie	45,8%	41,7%	8,3%	4,2%
Beïnvloed kennis van leerders	35,4%	52,1%	8,3%	4,2%
Beïnvloed begrip van leerders	41,7%	45,8%	6,3%	6,3%
Leerprobleme in spesifieke vakke in die klas	54,2%	35,4%	6,3%	4,2%
Leesboeke verskil	35,4%	27,1%	31,1%	6,3%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat drie-kwart (75%) van die respondente taalverwarring by leerders as gevolg van verskillende kultuurgroepe in dieselfde klas as 'n belangrike oorsaak van leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied beskou. Aansluitend hierby word swak redeneringsvermoë van leerders (50%) en leerprobleme in spesifieke vakke (54,2%) weens die kultuurverskille ook as vername oorsake van leermislukking by hulle leerders gesien.

iv) *Algemene gevolgtrekking*

Weens die toename van verskillende kultuurgroepe in dieselfde klasse het 64,6 persent van die respondente aangedui dat onsekerheid by hulle leerders in die meeste gevalle voorkom.

Voorts blyk dit ook dat die verskillende kultuurgroepe in dieselfde klasse in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied die leerders se sosiale ontwikkeling slegs in 'n geringe mate negatief beïnvloed. Dit mag wees omdat leerders in die gekose skole groter blootstelling aan ander kultuurgroepe het en dus makliker met hulle kan sosialiseer. Volgens die respondente kan taalverwarring egter by die leerders in 'n klas voorkom waar daar leerders van verskeie kulture en tale teenwoordig is, wat neerslag kan vind in spesifieke vakke soos tale.

d) *Bestuurstyl van die gekose skole in die Windhoek stadsgebied wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee.*

Die bestuurstyle van die gekose skole word as volg aangedui:

Tabel 4.27 Bestuurstyle van gekose skole

	Frekwensie	Persentasie
Outokraties	6	12,5%
Permissief (toestemmend)	12	25,0%
Demokraties (verteenwoordigend)	30	62,5%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat meer as die helfte (62,5%) van die respondente 'n demokratiese bestuurstyl in hulle klasse in die Windhoek stadsgebied handhaaf.

i) Invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se emosionele ontwikkeling

Die inligting oor die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se emosionele ontwikkeling word soos volg gereflekteer.

Tabel 4.28 Die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se emosionele ontwikkeling

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvult
Leerders wat stotter	6,3%	31,3%	60,4%	2,1%
Angs	10,4%	35,4%	52,1%	2,1%
Onsekerheid	16,7%	35,4%	45,8%	2,1%
Leerders wat aggressie toon	12,5%	29,2%	56,3%	2,1%
Vrees	12,5%	37,5%	47,9%	2,1%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel is dit duidelik dat die demokratiese bestuurstyl van die gekose skole nie 'n negatiewe invloed op die leerders se emosionele ontwikkeling het nie.

ii) Die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se sosiale ontwikkeling

Die invloed van die verskillende bestuurstyle op die leerders se sosiale ontwikkeling is soos volg deur die respondente aangedui:

Tabel 4.29 Die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se sosiale ontwikkeling

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvold
Minderwaardigheid	12,5%	37,5%	47,9%	2,1%
Swak selfbeeld	12,5%	37,5%	47,9%	2,1%
Bevorder spontaniteit by leerders	35,4%	39,6%	20,8%	4,2%
Onveilige gevoel by leerders	10,4%	47,9%	39,6%	2,1%
Gevoel van verwerping	8,3%	35,4%	54,2%	2,1%

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.29 is die meerderheid van die respondente van mening dat 'n demokratiese bestuurstyl spontaniteit by leerders in die klas bevorder. 'n Demokratiese bestuurstyl het dus nie 'n merkwaardige negatiewe invloed op leerders se sosiale ontwikkeling nie.

iii) Die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se skolastiese vordering

Die volgende inligting rakende die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se skolastiese vordering is van die respondente verkry.

Tabel 4.30 Die invloed van die demokratiese bestuurstyl op leerders se skolastiese vordering

	Grootliks	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvolt
Ongehoorsaamheid by leerders	29,2%	45,8%	20,8%	4,2%
Traak-my-nie-agtigheid	16,7%	52,1%	29,2%	2,1%
Demp kreatiewe denke	12,5%	39,5%	45,8%	2,1%
Beperk besluitneming	25,0%	37,5%	35,4%	2,1%
Bevorder selfontdekking	50%	37,5%	10,4%	2,1%
Stimuleer denke	56,3%	35,4%	6,3%	2,1%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste respondente (56,3%) van mening is dat die demokratiese bestuurstyl in die klasse van die gekose skole grootliks daartoe bydra dat leerders se denke gestimuleer word. Aansluitend hierby het die helfte (50%) van die respondente te kenne gegee dat hulle bestuurstyl selfontdekking bevorder. Verder het 45,8 persent van die respondente aangedui dat die demokratiese bestuurstyl kreatiewe denke by leerders aanwakker.

iv) Algemene gevolgtrekking

Soos blyk uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat die meeste respondente 'n demokratiese bestuurstyl in hulle klasse in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied handhaaf.

Dit blyk voorts dat die demokratiese bestuurstyl wat in die gekose skole gehandhaaf word 'n positiewe invloed op die juniorprimêreskool-leerders se emosionele ontwikkeling het. Die leerders in die gekose skole word meestal die geleentheid gebied om ook hulle eie insette te lewer.

Voorts dui dit daarop dat die demokratiese bestuurstyl in die klasse van die gekose skole grootliks daartoe bygedra dat leerders se denke gestimuleer word. Aansluitend hierby is die helfte (50%) van die respondente van mening dat die bestuurstyl in hul klas selfontdekking bevorder. Dit blyk dus dat die demokratiese bestuurstyl wat die meeste onderwysers in die gekose skole handhaaf tot voordeel van hulle leerders se ontwikkeling en vordering op skool strek.

e) *Die onderwyser*

Leerders wil graag met hul onderwysers assosieer omdat hulle afhanklikheid van die volwassene veral in die juniorprimêreskool-fase sterk is. Die onderwyser se houding en gedrag teenoor die leerders kan baie keer tot leermislukking by die leerders aanleiding gee.

i) *Die persoonlikheidseienskappe van die ideale onderwyser*

Die volgende inligting wat behels die persoonlikheidseienskappe van die ideale onderwyser het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.31 Die persoonlikheidseienskappe van die ideale onderwyser

	Beslis	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvold
Onderlinge vertrouwe	93,8%	4,2%		2,1%
Aanvaarding	91,7%	6,3%		2,1%
Verantwoordelikheid	95,8%	4,2%		
Gemotiveerdheid	97,9%		2,1%	
Verdraagsaamheid	89,6%	8,3%	2,1%	
Voorbeeldig wees	97,9%	2,1%		
Simpatiek wees	91,7%	6,3%	2,1%	
Positiewe ingesteldheid hê	95,8%	4,2%		
Eerlikheid	95,8%	4,2%		
Beleefdheid	93,8%	6,3%		

Gevolgtrekking

Hieruit blyk dit dat byna al die respondente die bogenoemde persoonlikheidseienskappe van die ideale onderwyser baie hoog aanslaan.

ii) Taalbevoegdheid van onderwysers in Engels wat tot leermislukking kan lei

Die noodsaaklikheid van taalbevoegdheid in die amptelike onderrigtaal in die junioprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied is soos volg deur die respondente aangedui.

Tabel 4.32 Taalbevoegdheid van die onderwyser

	Frekwensie	Persentasie
Ja	44	91,7%
Nee	3	6,3%
Onvoltooid	1	2,1%
Totaal	48	100%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat byna al die respondente (91,7%) van mening is dat die bevoegdheid van die amptelike onderrigtaal by die onderwyser van die grootste belang is.

iii) Die invloed van taalbevoegdheid van die onderwyser op die leermislukking by leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

Feitlik sonder uitsondering is die moedertaal van die meeste leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied 'n ander taal as Engels. Inligting rakende die invloed van swak taalbevoegdheid van die onderwyser op leerders se leermislukking is deur die gekose skole soos volg aangedui:

Tabel 4.33 Die invloed van swak taalbevoegdheid van die onderwyser op leerders se leermislukking

	Beslis	In 'n geringe mate	Glad nie	Onvolt
Swak uitspraak benadeel leerders	93,8%		2,1%	4,2%
Lei tot ongemotiveerdheid by leerders	68,8%	22,9%	4,2%	4,2%
Dui op onvermoë tot kennisuitbreiding	68,8%	20,8%	6,3%	4,2%
Lei tot gebrek aan belangstelling by leerders	62,5%	27,1%	4,2%	6,3%
Praat bo die vermoëns van die leerders	56,3%	31,3%	6,3%	6,3%
Kennisgapings ontstaan tussen leerders met 'n goeie taalvermoë en die wat die onderwyser nie so goed verstaan nie.	72,9%	18,8%		8,3%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat byna al die respondente (93,8%) swak uitspraak van woorde as een van die gevolge van swak taalbevoegdheid van onderwysers beskou. Kennisgapings ontstaan beslis (volgens 72,9 persent van die respondente) tussen leerders met 'n goeie taalvermoë en dié wat die onderwyser nie so goed verstaan nie.

Ongemotiveerdheid by leerders om te leer (68,8%), 'n gebrek aan belangstelling (62,5%), 'n onvermoë om hul kennis uit te brei (68,8%) en dat onderwysers bo die vermoëns van leerders praat (56,3%), is deur die respondente as faktore aangedui wat tot leermislukking kan bydra.

iv) Algemene gevolgtrekking

Volgens voorafgaande inligting blyk dit dat 'n groot aantal respondente (62,5%) 'n demokratiese bestuurstyl in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied handhaaf. As gevolg van die demokratiese bestuurstyl word leerderdeelneme deurgaans bevorder.

Voorts dui dit daarop dat die demokratiese bestuurstyl wat deur die meeste respondente toegepas word nie die leerders se emosionele ontwikkeling skaad nie. Dit mag wees omdat die leerders toegelaat word om met voorstelle en deelneme na vore te kom wat tot voordeel van die klas mag strek.

As gevolg van die demokratiese bestuurstyl word spontaniteit by leerders bevorder. Die afleiding kan dus gemaak word dat die gekose bestuurstyl 'n belangrike rol speel in die emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as die skolastiese vordering van die leerders.

'n Demokratiese bestuurstyl dra dus grootliks daartoe by dat leermislukking by die gekose skole aansienlik verminder kan word.

Voorts blyk dit dat die respondente dit eens is dat 'n onderwyser oor goeie persoonlikheidseienskappe moet beskik. Geduld is een van die belangrikste persoonlikheidtrekke wat 'n onderwyser moet besit wanneer hy of sy met leerders wat leermislukking ervaar werk. Aanpasbaarheid en eerlikheid is ook belangrike eienskappe waarvoor onderwysers wat met leerders met leerprobleme werk, behoort te beskik. Elke situasie verskil egter omdat die leerders se probleme meestal uiteenlopend van aard is, al skyn hulle ooreen te stem. Persoonlikheidseienskappe

soos gemotiveerdheid, beleedheid, netheid en 'n gesonde lewenstyl dra ook by tot die sukses en hulpverlening aan leerders wat leermislukking ervaar. Hoe meer positiewe persoonlikheidseienskappe 'n onderwyser besit hoe groter is die kans dat leerhulp suksesvol sal verloop. Benewens akademiese begeleiding en hulpverlening het die onderwyser ook 'n belangrike rol te vervul met betrekking tot die leerder se behoefte aan liefde, geluk, veiligheid, aanmoediging en aanprysing.

Die taalbevoegdheid van die onderwyser (in die onderrigtaal Engels) word deur die meerderheid van die respondente as 'n noodsaaklikheid vir die leervoltrekking van leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied beskou. Volgens die respondente is die meeste onderwysers nie Engelssprekend nie (Kyk Tabel 4.3). Dit is dus moontlik dat die Engels wat hulle in die klaskamer gebruik nie as 'n ideale voorbeeld vir die leerders in die gekose skole dien nie. Hulle uitspraak word deurgaans beïnvloed deur die inheemse taaluitspraak wat verskil van die uitspraak wat in die media gebruik word. Dit kan die leerders se begrip van Engels beperk. Die gevolg is dat hulle uitspraak dikwels nie duidelik is nie en dit maak dit dus vir die leerders moeilik om die taal te verstaan.

Die onderwyser mag taal gebruik wat bo sommige leerders se vermoë is, veral as die onderwyser Engels goed magtig is en die leerders nie. Dit mag daartoe lei dat leerders sukkel om die les te volg. Inhoud en belangrike feite gaan dus by hulle verby. Hierdie leerders is ongemotiveerd om skool toe te kom. Sodoende kan agterstande in hulle skoolwerk ontstaan wat tot leermislukking aanleiding kan gee.

f) Aspekte om leermislukking by leerders in die klas teen te werk

Die aspekte wat 'n rol kan speel om leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied teen te werk, word soos volg gereflekteer:

Tabel 4.34 *Aspekte om leermislukking by leerders in die klas te verminder*

	Meestal	Soms	Noolt	Onvolt
Deeglike voorbereiding	93,8%	2,1%	2,1%	2,1%
Boesem vertrouwe by leerders in	85,4%	10,4%	2,1%	2,1%
Is positief tydens lesaanbieding	91,7%	4,2%	2,1%	2,1%
Belonings aan leerders	52,1%	43,8%	2,1%	2,1%
Prys die leerder	91,7%	6,3%	2,1%	
Skenk individuele aandag	87,5%	8,3%	4,2%	
Goeie beligting in klaslokaal	87,5%	8,3%	2,1%	2,1%
Moedig leerderdeelname aan	95,8%	4,2%		
Stimuleer denke	93,8%	4,2%	2,1%	

Gevolgtrekking

Volgens tabel 4.34 blyk dit dat respondente *leerderdeelname* (95,8%) as die belangrikste faktor sien om leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied teen te werk.

Deeglike voorbereiding deur die onderwysers (93,8%), stimulering van denke (93,8%), prys van leerders (91,7%), 'n positiewe ingesteldheid tydens lesaanbiedinge (91,7%), individuele aandag aan leerders (87,5%), om vertrouwe by leerders in te boesem (85,4%) en om leerders te beloon (52,1%) is verder van die faktore wat respondente aangedui het wat meestal aangewend word om leermislukking by leerders in hulle klasse teen te werk.

Algemene gevolgtrekking

Onderwysers moet vir die leerders 'n voorbeeld wees. Waar die onderwyser nie geïnteresseerd is in die vakke wat hy aanbied nie kan dit die leerders se ingesteldheid teenoor die werk nadelig beïnvloed. Onderwysers wat egter in hulleself en hulle onderrigmetodes glo, sal 'n leerder wat leermislukking ervaar as onderrigbaar en die aandag en inspanning waardig ag.

4.3.2.3 Omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding gee

Eerstens word verslag gedoen oor die omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied aanleiding kan gee. Daarna word die invloed van omgewingsfaktore op leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as hulle skolastiese vordering aangedui.

a) Omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding gee

Die respondente het soos volg op die omgewingsfaktore wat tot leermislukking aanleiding gee gereageer:

Tabel 4.35 Omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee

	Meestal	Soms	Nooit	Onvolt
Portuurgroep	27,1%	52,1%	16,7%	4,2%
Gebruik van dwelms	6,3%	31,3%	58,3%	4,2%
Stokkiesdraai	35,4%	39,6%	22,9%	2,1%
Diefstal	22,9%	45,8%	27,1%	4,2%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat die respondente *stokkiesdraai* (35,4%) by hulle leerders as 'n oorsaak van leermislukking sien. Die invloed van die portuurgroep, die

gebruik van dwelms, en diefstal het nie noodwendig 'n direkte invloed op leermislukking nie.

b) Invloed van omgewingsfaktore op leerders se emosionele ontwikkeling

Die volgende inligting rakende die invloed van omgewingsfaktore op leerders se emosionele ontwikkeling het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.36 Die invloed van omgewingsfaktore op leerders se emosionele ontwikkeling

	Meestal	Soms	Nooit	Onvold
Onsekerheid	52,1%	35,4%	8,3%	4,2%
Oneerlikheid	39,6%	47,9%	8,3%	4,2%
Leerders voel onveilig	47,9%	37,5%	10,4%	4,2%
Leerders voel verwerp	12,5%	56,3%	27,1%	4,2%
Min selfvertroue	29,2%	54,2%	12,5%	4,2%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat meer as die helfte (52,1%) van die respondente van mening is dat *onsekerheid* by leerders as gevolg van negatiewe omgewingsfaktore 'n negatiewe invloed op hul leerders se emosionele ontwikkeling kan hê.

c) Invloed van omgewingsfaktore op leerders se sosiale ontwikkeling

Die volgende inligting wat behels die invloed van omgewingsfaktore op leerders se sosiale ontwikkeling is uit die vraelys bekom:

Tabel 4.37 Die invloed van omgewingsfaktore op leerders se sosiale ontwikkeling

	Meestal	Soms	Nooit	Onvold
Leerders bied geen ondersteuning aan ander nie	20,8%	62,5%	12,5%	4,2%
Leerders is doelloos en lusteloos	35,4%	52,1%	8,3%	4,2%
Leerders word moeilik deur die groep aanvaar	25,0%	56,3%	14,6%	4,2%
Leerders vertrou ander moeilik	56,3%	37,5%	4,2%	4,2%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste respondente (56,3%) van mening is dat leerders wat leermislukking ervaar, min selfvertroue as gevolg van negatiewe omgewingsinvloede openbaar. Doelloosheid en lusteloosheid kom, volgens die respondente by hierdie leerders voor.

d) Invloed van omgewingsfaktore op leerders se skolastiese vordering

Die invloed van omgewingsfaktore op leerders se skolastiese vordering was soos volg deur die respondente aangedui:

Tabel 4.38 Die invloed van omgewingsfaktore op leerders se skoolstudiese vordering

	Meestal	Soms	Nooit	Onvold
Druiping	37,5%	50%	8,3%	4,2%
Traak-my-nie-agtige houding	31,3%	54,2%	10,4%	4,2%
Onderprestasie	39,6%	50%	6,3%	4,2%
Ongemotiveerdheid	54,2%	37,5%	4,2%	4,2%
Leerders slaap gedurende lesure	39,6%	41,7%	14,6%	4,2%
Min stimulering	33,3%	47,9%	12,5%	6,3%
Vroeë skoolverlating	31,3%	39,6%	22,9%	6,3%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat 54,2 persent van die respondente van mening is dat negatiewe omgewingsfaktore ongemotiveerdheid kan veroorsaak en dat dit tot leermislukking kan bydra.

e) *Algemene gevolgtrekking*

Maats en die portuurgroep uit die omgewing het 'n invloed op die leerder. Hierdie invloede raak die leerder se emosionele, en sosiale ontwikkeling en speel ook 'n belangrike rol in sy skoolvordering.

Negatiewe omgewingsinvloede kan veroorsaak dat leerders ongemotiveerd in hulle skoolwerk is. Weens die negatiewe omgewingsfaktore soos byvoorbeeld blootstelling aan geraas gedurende die aand en onstabiele huishoudings kan dit gebeur dat leerders gedurende lesure sit en slaap. Die swak persepsie van homself as akademiese mislukker dra by tot 'n traak-my-nie-agtige houding wat tot druiping en vroeë skoolverlating aanleiding kan gee.

4.3.3 Intrinsieke oorsake van leermislukking

Intrinsieke faktore wat aanleiding gee tot leermislukking by leerders is in die leerder self geleë en is in baie gevalle aangebore. Intrinsieke probleme kan ook 'n invloed hê op die leerder se ekstrinsieke vordering.

4.3.3.1 Faktore wat in die leerder self geleë is

a) Gesondheidsprobleme by leerders

Die volgende inligting rakende die gesondheidsprobleme by leerders wat aanleiding tot leermislukking in die gekose skole kan gee is uit die vraelys bekom:

Tabel 4. 39 Gesondheidsprobleme by leerders wat tot leermislukking aanleiding kan gee

	Ja	Nee	Onvold
Nie goed kan sien nie, veral nie op die skryfbord nie	83,3%	14,9%	2,1%
Nie goed in die klas kan hoor nie	62,5%	35,4%	2,1%
Gedurig ooginfeksie het	25,0%	68,8%	6,3%
Gedurig oorinfeksie het	35,4%	58,3%	6,3%
Hooikoors-sinus	50%	45,8%	4,2%
Asma	45,8%	50%	4,2%
Allergieë soos veluitslag	50%	43,8%	6,3%
Gedurige verkoue of lopende neus het	77,1%	22,9%	
Wat skielik sit en "droom" en dan net so skielik weer "bykom"	64,6%	27,1%	8,3%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit duidelik dat die meeste respondente (83,3%) van mening is dat swak afstandsvisie van leerders moontlik tot leermislukking in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied kan bydra.

Gedurige verkoue of lopende neus (77,1%), om skielik te sit en "droom" en net so skielik weer "by te kom" (64,6%) en om nie goed in 'n geraas te kan hoor nie (62,5%) word ook deur die respondente as moontlike oorsake van leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied beskou.

Dit blyk verder dat allergieë (50%), hooikoors/sinus (50%) en asma (45,8%) ook tot leermislukking by leerders in die gekose skole kan aanleiding gee. Volgens die meerderheid van die respondente speel oorinfeksie (35,4%) en gedurige ooginfeksie (25,0%) nie so 'n groot rol by leerders se leermislukking in die gekose skole nie.

ii) Invloed van gesondheidsprobleme op die leerder se leermislukking

Die respondente het soos volg gerapporteer oor die invloed van gesondheidsprobleme op die leerders se leermislukking by juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

Tabel 4.40 Die invloed van gesondheidsprobleme op die leerder se leermislukking

	Meestal	Soms	Nooit	Onvold
Lompheid	20,8%	60,4%	16,7%	2,1%
Skryf verkeerd van die bord af	60,4%	37,5%		2,1%
Moegheid tree in en inhoud gaan verlore	43,8%	52,1%	4,2%	
Onderprestasie	39,6%	60,4%		
Aandag van leerders is maklik afeibaar	47,9%	47,9%	2,1%	2,1%
Leerders verloor vinnig belangstelling	54,2%	43,8%	2,1%	
Ongemotiveerdheid by leerders	50%	47,9%	2,1%	
Kennisgapings ontstaan	39,6%	56,3%	4,2%	
Afwesigheid	29,2%	64,6%	6,3%	
Bepaalde deelname aan skolastiese aktiwiteite	41,7%	54,2%	2,1%	2,1%

Gevolgtrekking

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die respondente die verkeerde afskryf van werk vanaf die skryfbord (60,4%) as die grootste invloed van gesondheidsprobleme sien. Verder is baie respondente ook van mening dat min belangstelling (54,2%), ongemotiveerdheid (50%) en aandagafleibaarheid van leerders moontlik deur gesondheidsprobleme veroorsaak kan word.

iv) Algemene gevolgtrekking

Goeie visuele skerpte is noodsaaklik vir visueel-perseptuele vaardighede. 'n Leerder wat nie voorwerpe duidelik kan sien nie, veral nie op die skryfbord nie, sal byvoorbeeld probleme ondervind om dit wat hy sien visueel-perseptueel te verwerk. Sodanige beelde word maklik deur leerders vergeet en gevolglik sal hulle ook nie taal wat daarmee verband hou maklik onthou nie, soos duidelik blyk uit Tabel 4.41.

Gesproke taal word aangeleer deur middel van gehoor. Goeie gehoorskerpte is noodsaaklik vir normale ouditiewe vaardighede. Taal wat vir die leerders onduidelik is, maak dit vir hulle onverstaanbaar, en hulle vergeet dit gewoonlik maklik. Dit beperk die leerder in sy deelname en kan tot leermislukking aanleiding gee.

Ander gesondheidsfaktore wat tot leermislukking by die leerders van die gekose skole aanleiding gegee het is: gedurige verkoues of 'n lopende neus wat ook daartoe bydra dat leerders nie na wense kan presteer nie.

b) Manifestasies van leergestremdheid by leerders as gevolg van intrinsieke probleme

Leergestremdheid kom voor by 'n leerder wat probleme ondervind met die verwerwing van gesproke taal, lees, skryf redenerings- en wiskundevaardighede. Hierdie agterstande is gewoonlik intrinsiek van aard en word aanvaar dat dit neurologies van oorsprong is. Die persentasie van leergestremdheid in skole wissel van gemeenskap tot gemeenskap.

Die manifestasies van leergestremdheid by leerders wat leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied ervaar, word soos volg gereflekteer:

Tabel 4.41 Manifestasies van leergestremdheid by leerders as gevolg van intrinsieke probleme

	Altyd	Soms	Nooit	Onvold
Aandagstoornisse	27,5%	60,4%	2,1%	
Impulsiewe leerstyl	14,6%	70,8%	14,6%	
Swak motoriese vermoëns	27,1%	62,5%	8,3%	2,1%
Inligtingprosseserings-probleme	31,3%	58,3%	8,3%	2,1%
Verbale taalprobleme	47,9%	50%	2,1%	
Leesprobleme	64,6%	33,3%	2,1%	
Geskrewe taalprobleme	43,8%	52,1%	4,2%	
Wiskundige probleme	52,1%	47,9%		
Ontoepaslike sosiale gedrag	25,0%	72,9%	2,1%	
Probleme met skoolverhoudinge	14,6%	77,1%	6,3%	2,1%
Swak selfkonsep	22,9%	72,9%	4,2%	
Probleme met stigting van gesinsbande	18,8%	64,6%	12,5%	4,2%

Gevolgtrekking

Volgens die meeste respondente (64,6%) blyk dit dat leesprobleme baie voorkom by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied. Wiskundige probleme (52,1%), verbale taalprobleme (47,9%) en geskrewe taalprobleme (43,8%) kom volgens die respondente baie by hulle leerders voor.

Volgens die respondente (31,3%) blyk dit dat inligtingsprosseseringsprobleme, aandagstoornisse (27,5%), swak motoriese vermoëns (27,1%), ontoepaslike sosiale gedrag (25%), probleme met stigting van gesinsbande (18,8%), 'n swak selfkonsep (22,9%), 'n impulsiewe leerstyl (14,6%) en probleme met skoolverhoudinge (14,6%) nie so baie by die leerders van die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom nie.

c) *Persoonlikheidskenmerke van leerders wat leermislukking ervaar as gevolg van intrinsieke probleme*

Die volgende inligting rakende die persoonlikheidskenmerke van leerders wat leermislukking ervaar het uit die vraelys na vore gekom.

Tabel 4.42 Die persoonlikheidskenmerke van leerders wat leermislukking ervaar

	Meestal	Soms	Nooit
Aggressie	22,9%	62,5%	14,6%
Aandagsoekerigheid	20,8%	77,1%	2,1%
Onttrekking	20,8%	77,1%	2,1%
Leerders wat nie maats het nie	14,6%	62,5%	22,9%

Gevolgtrekking

Volgens bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste respondente die mening huldig dat persoonlikheidskenmerke van leerders wat leermislukking ervaar faktore soos : aggressie, onttrekking van leerders, aandagsoekerigheid van leerders en leerders wat nie maats het nie, net soms 'n rol speel in die leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

d) *Algemene gevolgtrekking*

Dit blyk dat die meeste respondente in die gekose skole leesprobleme as van die grootste oorsake van leermislukking by hulle leerders sien. Die vermoë om te kan lees, is anders as die vermoë om 'n taal te kan praat, want dit is nie aangebore nie. Dit is 'n vaardigheid wat doelbewus aangeleer moet word. Leesgereedheid is 'n voorvereiste vir lees. Indien 'n kind nie leesgereed is wanneer hy aan formele leesonderrig in die klas onderwerp word nie, mag hy probleme ondervind om die leeshandeling te bemeester.

4.3.3.2 *Wyses waarvolgens leergestremdhede hanteer kan word*

Die inligting wat betref die hantering van leergestremdhede by leerders in die junioprimeerskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied, is deur die respondente soos volg aangedui:

Tabel 4.43 Wysies waarvolgens leergestremdhede hanteer kan word

	Altyd	Soms	Nooit
Deur leerderobservasie	87,5%	10,4%	2,1%
Betrek leerder by groepaktiwiteite	87,5%	12,5%	
Stimuleer denke	85,4%	10,4%	4,2%
Bevorder selfwerkzaamheid	87,5%	12,5%	
Beloon leerders	68,8%	29,2%	2,1%
Moedig leerders aan	93,8%	6,3%	
Wees sensitief teenoor leerders	81,3%	14,6%	4,2%
Gee bepaalde opdragte	81,3%	18,8%	
Verleen individuele hulp	93,8%	6,3%	

Gevolgtrekking

Respondente het aanmoediging aan leerders en individuele hulp as die belangrikste wyses van hulpverlening beskou (93,8% in beide gevalle). Ook het 87,5 persent van die respondente aangedui dat betrokkenheid by groepaktiwiteite en die bevordering van selfwerkzaamheid effektiewe metodes is waarop hierdie leerders gehelp kan word.

Verder beskou 85,4 persent van die respondente die stimulering van hul leerders se denke as 'n vername wyse waarop hierdie leerders gehelp kan word. Nog 'n wyse waaraan 81,3 persent van die respondente glo is die gee van bepaalde opdragte aan hul leerders.

4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontleding van die resultate soos in die empiriese ondersoek verkry, ontleed en beskryf. Die administrasie van die vraelys en data-analise is kortliks aangedui. Die drie hoof-komponente naamlik, persoonlike inligting, ekstrinsieke en intrinsieke oorsake van leermislukking soos in die vraelys aangedui is ontleed en beskryf.

4.5 VOORUITSKOU

In hoofstuk 5 word die bevindinge in hoofstuk 4 verkry, met die literatuurstudie (hoofstuk 2) vergelyk.

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN BEVINDINGE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die hoofpunte van die oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die Windhoek stadsgebied bespreek soos uit die literatuuroorsig (hoofstuk 2) en uit die empiriese ondersoek (hoofstuk 4) blyk.

Aangesien daar van 'n nie-waarskynlikheidsteekproefneming gebruik gemaak is, bring dit mee dat daar op grond van die bevindinge nie veralgemeen kan word na die populasie nie. Dit kan tog aanvaar word dat die bevindinge lig sal werp op die oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in skole in die Windhoek stadsgebied.

Die vraagstelling wat hierdie ondersoek gerig het, (kyk 3.3.3), dien as raamwerk vir die bespreking, naamlik:

- Watter algemene faktore lei tot leermislukking en druiping in die juniorprimêreskool-fase in enkele skole in die Windhoek stadsgebied, volgens enkele onderwysers?

Die bevindinge sal verder bespreek word na aanleiding van die volgende afdelings:

- Persoonlike inligting van respondente
- Ekstrinsieke oorsake van leermislukking
- Intrinsieke oorsake van leermislukking

5.2 PERSOONLIKE INLIGTING VAN RESPONDENTE

Soos reeds in afdeling 3.5.3 aangedui, is die respondente gekies op grond van hul ervaring in die betrokke grade en jare ervaring by dieselfde skole. Die hoogste onderwyskwalifikasie is deur 68,8 persent van gekose respondente as 'n onderwysdiploma aangedui. Die meeste respondente (60,4%) se huistaal is Afrikaans, terwyl die voertaal 81,3 persent van die skole in die Windhoek stadsgebied waaruit die respondente kom, Engels is.

Voorts beskik 10,4 persent van die respondente oor 'n ander kwalifikasie as 'n onderwyskwalifikasie. Dit beteken dat hulle nie opgelei is om onderwys te gee nie en kan dus ook nie leerondersteuning aan leerders wat leerprobleme ervaar, gee nie. Die leerders se agterstande in hul skoolwerk word dus net groter wat uiteindelik tot leermislukking aanleiding gee.

Ten spyte van die feit dat 66,7 persent van die onderwysers 15 jaar en langer onderwyservaring het, maak oorvol klasse (as gevolg van semi-outomatiese promoveringsbeleid) dit vir hulle moeilik om individuele hulp aan leerders wat dit die nodigste het, te verleen.

5.3 EKSTRINSIEKE OORSAKE VAN LEERMISLUKING

Die volgende algemene ekstrinsieke faktore wat tot leermislukking kan lei word bespreek naamlik:

- Huislike en gesinsfaktore
- Opvoedingstyle van ouers
- Gebroke gesinne
- Huistaal/onderrigtaal
- Rol van die skool
- Omgewingsfaktore

By elke faktor is die invloed van hierdie faktor op die leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as op hulle skolastiese vordering bespreek.

5.3.1 Huislike en gesinsfaktore wat tot leermislukking aanleiding kan gee

5.3.1.1 Inleiding

Leermislukking by leerders kan veroorsaak word deur 'n aantal eksterne faktore wat wedersyds op mekaar inwerk soos byvoorbeeld huislike en gesinsfaktore soos dit in die literatuuroorsig (hoofstuk 2) en die empiriese ondersoek (hoofstuk 4) na vore gekom het.

5.3.1.2 Bevindinge uit die literatuur

Hoewel volledige gesinne deur die meeste navorsers gesien word as die beste opvoedingsgeleentheid vir kinders, kan min belangstelling in die kind en sy skoolwerk en te hoë of te lae verwagtinge lei tot verhoudingsprobleme in die gesin wat die kind in sy opvoeding nadelig kan beïnvloed (vergelyk afdeling 2.2.1.1).

Die hoë werkloosheidsyfer wat algemeen in Namibia voorkom dra by tot armoede, oorbewoonde huisvesting, drankmisbruik en ondervoeding. Basiese behoeftes soos klere en kos ontbreek voortdurend. Omdat 'n groeiende kind voedsame voedsel nodig het vir fisieke ontwikkeling, kan wan- en ondervoeding tot leermislukking bydra. Baie van die juniorprimêreskool-leerders in Namibia kom uit sulke ontoereikende huislike omstandighede. Leerders wat altyd om oorlewing moet veg kom dikwels ongedissiplineerd voor en is nie gemotiveerd om die skool gereeld by te woon nie. Langdurige afwesigheid van die skool kan tot hulle leermislukking en vroeë skoolverlating bydra.

Dit blyk dus uit die literatuuroorsig (hoofstuk 2) dat waar daar armoede is daar nie in die daaglikse behoeftes van die leerders voorsien kan word nie. Dit bring mee dat

leerders nie gemotiveer word om die skool gereeld by te woon en dus ook nie om te leer nie.

5.3.1.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Tydens die ondersoek het dit na vore gekom dat 60,4 persent van die respondente swak toesig oor die kinders tuis as die grootste oorsaak van leermislukking by hulle leerders beskou. Voorts word drankmisbruik en finansiële probleme wat aanleiding tot swak voeding en kleding kan gee ook deur die meerderheid respondente as oorsake van leermislukking by die leerders in die Windhoek stadsgebied genoem.

Verder is die helfte van die respondente van mening dat ouers om die een of ander rede nie hul kinders genoegsaam motiveer om die skool gereeld by te woon nie, en dat leerders as gevolg van ongereelde skoolbywoning leermislukking in hulle klasse ervaar.

Ander faktore wat in 'n mindere mate tot leermislukking by leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied bydra, is vervoerprobleme en kindermishandeling. 'n Gebrek aan mediese dienste word egter nie as 'n beduidende oorsaak van leermislukking deur die respondente gesien nie. Dit kan toegesryf word aan die feit dat verpleegsters die gekose skole gereeld besoek en sodoende mediese dienste voorsien en aanbevelings maak waar nodig.

5.3.1.4 Gevolgtrekking

Dit blyk uit die literatuuroorsig dat armoede in die ouerhuis en afwesigheid van ouers weens werkomstandighede tot leermislukking by leerders kan lei. Hierdie stelling is ook in die empiriese ondersoek bewys waar in die meeste gevalle aangedui is dat probleme in die ouerhuis soos, byvoorbeeld, swak toesig oor kinders tuis en drankmisbruik sowel as finansiële probleme 'n negatiewe invloed op die leerders se vordering in die klas kan hê.

5.3.2 Invloed van opvoedingstyle van ouers op leerders se emosionele, sosiale en skolastiese vordering

5.3.2.1 Inleiding

Opvoedingstyle word bepaal deur die ouers se persoonseienskappe. Navorsing het getoon dat verskillende negatiewe opvoedingstyle van ouers met leerders se emosionele, sosiale en skolastiese vordering in verband gebring kan word (Santrock 1995:237).

5.3.2.2 Bevindinge uit die literatuur

Soos reeds gesien, dui 'n outoritêre opvoedingstyl van die ouers daarop dat streng dissipline gehandhaaf word. Hoë eise word aan die kinders gestel, besluite word meestal deur die ouers geneem en min vryheid word aan die kind oorgelaat (vergelyk afdeling 2.2.1.3). Dit blyk verder dat 'n outoritêre opvoedingstyl die kinders onveilig in die huislike opset laat voel. Die gevoel van angstigheid wat die kind in homself omdra, dra daartoe by dat hy te bang is om te waag. In die klaskamer gaan inhoud by die leerder verlore weens hierdie angstigheid wat die konsentrasie van die kind affekteer en tot leerprobleme in die skool mag lei. Die kind uit die outoritêre opvoedingstyl sukkel om aan te pas in sy omgewing en om met sy maats te sosialiseer. Dit kan meebring dat hy minder deur sy omgewing aanvaar word en dat hy as gevolg daarvan, 'n swak selfbeeld ontwikkel (vergelyk afdeling 2.2.1.3).

Die permissief-onverskillige opvoedingstyl dui daarop dat die ouers baie onbetrokke by die lewe van hulle kinders is. As gevolg van hierdie onbetrokkenheid van die ouers wat gewoonlik gepaard gaan met 'n gebrek aan dissipline, is die kinders geneig om 'n traak-my-nie-agtige houding in te neem, en te doen wat hulle wil. Die probleme wat meestal hieruit kan voortspruit is dat hierdie kinders ongemotiveerd kan raak, belangstelling in die skoolwerk kan verloor en as gevolg daarvan kan stokkiesdraai

(vergelyk Namibia, Ministry of Basic Education and Culture (1994) in afdeling 2.2.1.3).

Volgens navorsing (vergelyk Santrock (1995) in afdeling 2.2.1.3) verwys 'n permissief-toegeeflike opvoedingstyl na ouers wat betrokke by hulle kinders is, maar weinig kontrole oor hulle kinders uitoefen of weinig eise aan hulle stel. Kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderworpe is, is in die klassituasie huiwerig om ten volle deel te neem aan klasaktiwiteite, omdat hulle voortdurend verwag om deur die onderwyser of maats gehelp te word. Hierdie houding kan tot leermislukking in die skoolopset lei.

Uit die literatuuroorsig kom dit verder na vore dat 'n koue opvoedingstyl van ouers hulle negatief en soms vyandig teenoor hulle kinders maak. Van 'n vertrouensverhouding en ondersteuning aan die kant van die ouers is daar geen sprake nie. 'n Gesellige gesinsatmosfeer ontbreek meestal en die kinders voel oorangstig, vrees hulle ouers en is ongemotiveerd in hulle handelwyse. Selfs in die klaskamer mag die kinders negatief teenoor hulle skoolwerk wees en dit kan tot onderprestasie by die leerder lei.

Nog 'n negatiewe opvoedingstyl van ouers wat tot leermislukking by die leerder kan lei is die dominante opvoedingstyl (vergelyk Le Roux (1992) in afdeling 2.2.1.3). Die ouers wil die kind voortdurend in al sy handelingse kontroleer en korrigeer. Hierdie opvoedingstyl kom in 'n sekere mate ooreen met die outoritêre opvoedingstyl en in beide gevalle word daar soms van dwang in die opvoedingsproses gebruik gemaak. Hierdie kinders word meestal die geleentheid ontnem om 'n eie standpunt in te neem en sodoende uiting aan hul gevoelens en denke te gee. Die kind uit 'n dominante opvoedingstyl mag bang wees dat hy verkeerd sal werk. Die leerder waag al hoe minder in die klas en dit mag tot onderprestasie by die leerder lei.

Dit blyk dus duidelik uit die literatuuroorsig dat negatiewe opvoedingstyle van ouers tot die leermislukking van hul kinders kan bydra.

5.3.2.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Uit die empiriese ondersoek oor negatiewe opvoedingstyle van ouers is 43,8 persent van die respondente van mening dat die permissief-toegeeflike opvoedingstyl en permissief-onverskillige opvoedingstyl die meeste by die ouers van die leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die ouers baie onbetrokke by die lewe van hulle kinders voorkom. Weens hierdie onbetrokkenheid van die ouer is die kind geneig om te doen wat hy wil. Dit dui verder daarop dat ouers meer toegeeflik mag wees as wat hulle hul kinders domineer en met sterk dissipline regeer.

Tydens die ondersoek is twee opvoedingstyle, die koue opvoedingstyl deur 35,4 persent van die respondente en die outoritêre opvoedingstyl deur 27,1 persent van die respondente as die opvoedingstyle wat die minste by die ouers van die leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom, aangedui.

Wat betref die invloed van negatiewe opvoedingstyle op die leerders se emosionele ontwikkeling, het 25 persent van die respondente die onverantwoordelikheid van leerders en 22,9 persent van die respondente afhanklikheid van hulpverlening van ander, as dié faktore wat 'n negatiewe rol speel in die emosionele ontwikkeling van die leerders in hulle klasse aangedui.

Die invloed van, byvoorbeeld, die permissief-toegeeflike opvoedingstyl, van ouers op die leerders se sosiale ontwikkeling, dui daarop dat leerders wat aan hierdie opvoedingstyl blootgestel is nie verantwoordelikheid vir hul eie besluite hoef te aanvaar nie. Weens die feit dat die ouers weinig kontrole oor die kinders uitoefen is hulle makliker vatbaar vir negatiewe beïnvloeding. Omdat hierdie leerders hulle meestal laat lei deur die raad van ander, kan dit hulle eie kommunikasie- en redeneringsvermoëns nadelig beïnvloed.

Die negatiewe opvoedingstyle van ouers kan ook 'n invloed op die leerders se

skolastiese vordering hê. Leerders wat uit 'n huis kom waar 'n permissief-onverskillige opvoedingstyl voorkom, waar min stimulering ontvang word en waar ouers meestal onbetrokke by hul kinders is openbaar'n traak-my-nie-agtige houding en ongemotiveerdheid. 'n Kwart van die respondente (25%) het aangedui dat hulle leerders swak presteer weens die negatiewe opvoedingstyle van die ouers. Hierdie leerders se aandag dwaal maklik van hul werk af en hulle sukkel om te konsentreer.

5.3.2.4 Gevolgtrekking

Die permissief-toegeeflike opvoedingstyl en die permissief-onverskillige opvoedingstyl is deur die respondente as dié negatiewe opvoedingstyle wat die meeste voorkom onder ouers van leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied, aangedui.

Dit blyk uit die empiriese ondersoek dat die permissief-toegeeflike en permissief-onverskillige opvoedingstyle van ouers wel 'n negatiewe invloed op die leerders in die gekose skole se emosionele, sosiale en sy skolastiese vordering kan hê en dus tot leermislukking by hierdie leerders kan bydra.

5.3.3 Die invloed van gebroke gesinne op leerders se leermislukking

5.3.3.1 Inleiding

Die belangrikste komponente van die gesin is die ouers en hulle kinders. Elkeen van die lede het 'n rol om te vervul wat belangrik is vir die gesonde emosionele, sosiale en skolastiese ontwikkeling van die kind. Wanneer daar steurnisse in die gesin is, mag dit tot leermislukking by die leerder aanleiding gee.

5.3.3.2 Bevindinge uit die literatuur

Soos reeds gesien, kom 'n enkelouergesin deur 'n bepaalde sosiale gebeurtenis tot

stand: 'n verlies as gevolg van die dood van een van die ouers, egskeiding deur die wettige ontbinding van die huwelik en ongehude moederskap waar die moeder besluit om die kind te behou (vergelyk afdeling 2.2.1.2).

In die geval van 'n egskeiding of ongehude moederskap word die band tussen die kind en die een ouer wat nie in die huis is nie (gewoonlik die vader) erg verswak weens die gebrek aan of geen kontak met hierdie ouer nie (McLanahan & Sandefur 1994:3). Landsberg (1994:55) wys verder daarop dat as gevolg van die feit dat die moeder nou die broodwinner word, sy as enkelouer gewoonlik te veel verantwoordelikhede het. Dit kan meebring dat die kind (ers) nie genoegsame aandag van die moeder ontvang nie (vergelyk afdeling 2.2.1.2).

In gevalle waar die gesin wel volledig is, en die vader 'n trekarbeider is wat op die myne ver van die huis werk en slegs een keer per jaar huis toe gaan, vind daar weinig emosionele binding tussen die vader en sy kinders plaas. Die gevolgtrekking kan dus uit die literatuuroorsig gemaak word dat waar een ouer vir lang periodes afwesig is hetsy deur egskeiding, of andersins dit stremmend inwerk op die kind se intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling.

5.3.3.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Tydens die empiriese ondersoek het byna drie-kwart van die respondente (70%) aangedui dat die meeste leerders wat leermislukking ervaar uit enkelouergesinne kom waarvan die moeder die hoof van die huishouding is. Voorts is die helfte van die respondente van mening dat die enkelouergesinne waar die vader die enkelouer is baie min in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom.

Dit blyk verder dat wat die ander tipes gebroke gesinne betref, die respondente onseker is oor die gesinsamestelling waaruit die leerders wat leermislukking in hulle klasse ervaar, kom.

Tydens die empiriese ondersoek het meer as die helfte van die respondente (60,4%) te kenne gegee dat die vertel van leuens die grootste negatiewe invloed van gebroke gesinne op hulle leerders se emosionele ontwikkeling is.

Uit die ondersoek blyk dit verder dat twee-derdes van die respondente (66,7%) die mening huldig dat gebroke gesinne daartoe bydra dat leerders met verkeerde maats betrokke mag raak en hulle sosiale ontwikkeling daardeur nadelig beïnvloed word.

Gebroke gesinne kan volgens drie-kwart van die respondente 'n oorsaak wees van aandagafleibaarheid by die leerders in die gekose skole. Onderprestasie van leerders as 'n gevolg van gebroke gesinne is deur twee-derdes van die respondente (66,7%) aangedui. Volgens 62,5 persent van die respondente bied gebroke gesinne min stimulering tuis aan die leerders. Druiping van leerders in die juniorprimêreskool-fase is volgens meer as die helfte van die respondente (58,3%) die gevolg van gebroke gesinne.

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat gebroke gesinne 'n negatiewe invloed het op die leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as op hulle skolastiese vordering in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

5.3.3.4 Gevolgtrekking

Dit blyk uit die literatuuroorsig dat gebroke gesinne wel tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee. Hierdie stelling is ook in die empiriese ondersoek bewys soos in die volgende gevalle aangedui word:

- Gebroke gesinne mag daartoe aanleiding gee dat leerders met leuens vorendag kom om hulle teen die verleentheid wat hulle huislike omstandighede vir hulle mag inhou, te beskerm.
- Gebroke gesinne mag veroorsaak dat die leerders verkeerde maats kies.

Omdat leerders uit gebroke gesinne smiddae op hulleself aangewese is, is hulle geneig om met verkeerde maats te assosieer wat nie in die skool is nie wat by hulle die houding kan laat posvat dat skool onbelangrik is. Dit kan 'n negatiewe invloed op die leerder se sosiale ontwikkeling sowel as hulle skolastiese vordering hê.

- Gebroke gesinne kan daartoe bydra dat leerders met verdeelde aandag in die klas mag sit wat tot leermislukking aanleiding kan gee. Leerders uit gebroke gesinne in die gekose skole is volgens die respondente geneig om hul skoolwerk te verwaarloos. Hulle houding in die skool is negatief wat weer tot druiing en afwesigheid van die skool kan lei.

5.3.4 Die invloed van die huistaal op die leerders se amptelike onderrigtaal

5.3.4.1 Inleiding

Die Windhoek stadsgebied is dié area waar die grootste verskeidenheid huistale binne een gebied in die land aanwesig is. In die meeste skole is dit die geval dat die leerders se huistaal en die amptelike onderrigtaal (naamlik Engels) nie dieselfde is nie.

5.3.4.2 Bevindinge uit die literatuur

Uit die literatuuroorsig blyk dit dat die skoolvordering van leerders grootliks beïnvloed word deur die verskeidenheid van tale en dialekte wat in 'n land soos Namibië gepraat word. Afrikaans en Oshiwambo is die oorheersende tale in Windhoek. Beide tale is die huistaal van omtrent sestig persent van die inwoners (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1991(b):218). Damara / Nama en Otjiherero is die huistaal van tien tot twaalf persent van die inwoners, terwyl Engels en Duits die huistale van minder as tien persent van die inwoners is (vergeelyk afdeling 2.2.1.2).

Engels word as die land se amptelike onderrigtaal beskou. Die meeste Namibiese leerders kom net tydens skoolure met Engels in aanraking waar blootstelling aan Engels in elk geval beperk is.

Tuis het die meeste gesinne nie kommunikasiemiddele soos radio's en televisiestelle deur middel waarvan die kinders Engels kan hoor nie. In baie gevalle is daar ook geen tydskrifte tuis wat die kinders kan lees nie. Hulle ouers en ander lede in die gesin is self nie Engels magtig nie en kommunikasie vind gevolglik in hulle huistaal plaas. Die kinders gesels onderling met mekaar in hulle huistaal. Die onderwyser gebruik die huistaal van die leerders in die klaskamer as die onderwerp nie met die formele skoolwerk verband hou nie. Buite die klaskamer praat onderwysers feitlik net die huistaal met die leerders.

Verder blyk dit uit die literatuur dat, omdat baie ouers ongeletterd is, aanvaar hulle die skoolsisteem, die onderwysers en inligting wat die kinders ontvang sonder enige verdere ondersoek. Hulle bevraagteken dus geensins die kwaliteit van die onderrig wat in die skole plaasvind nie en so ook nie die kwaliteit van Engels wat aan die leerders gebied word nie. Jonger kinders word ook dikwels deur ouer broers, susters of ander familieledede gehelp wat self nie Engels ten volle onder die knie het nie.

Daarmee saam is die inhoud van voorgeskrewe boeke en Engelse leesboeke waarmee die meeste leerders in aanraking kom vir hulle onbekend en kultuurvreemd (vergelyk afdeling 2.2.1.4).

Taal vorm die basis vir die verstaan en vaslegging van begrippe, en daarom sal leerders wat nie Engels ten volle magtig is nie sukkel om bevredigend op skool te vorder (vergelyk Namibia, Ministry of Basic Education and Culture (1999) afdeling 2.2.1.4). Daarby dra min blootstelling aan Engelse literatuur wat leerders met woordeskatuitbreiding en kommunikasie in Engels kan help, by tot hulle swak beheersing van Engels.

Dit blyk verder uit die literatuur dat baie ouers verkies om hul kinders reeds vanaf skooltoetrede deur die medium van Engels te laat onderrig. Feitlik sonder uitsondering is die moedertaal van die meeste kinders by skooltoetrede dus 'n ander taal as Engels (vergelyk afdeling 2.2.1.4).

Die gevolgtrekking kan dus saam met Natriello, McDill en Pallas (1990:25-27) gemaak word dat waar die huistaal van die amptelike onderrigtaal verskil dit wel tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee.

5.3.4.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Tydens die empiriese ondersoek het meer as die helfte van die respondente (64,6%) te kenne gegee dat waar die huistaal en die amptelike onderrigtaal verskil, dit tot die leermislukking van hulle leerders kan bydra.

Aansluitend hierby het 58,3 persent van die respondente aangedui dat die verskil tussen die leerder se huistaal en die amptelike onderrigtaal tot vrees vir leermislukking by die leerders kan lei en sodoende 'n negatiewe invloed op die leerders se emosionele ontwikkeling kan hê.

Meer as drie-kwart van die respondente (77,1%) is van mening dat waar die huistaal van die leerder van die amptelike onderrigtaal verskil, dit sy kommunikasievaardighede nadelig kan beïnvloed. Vrees vir foute maak tydens sosialisering met ander, word deur meer as die helfte van die respondente (60,4%) by leerders in hulle klasse ervaar. Daar is deur 72,9 persent van die respondente aangedui dat skaamheid en onsekerheid by die leerders veroorsaak word deur die verskille tussen huistaal en amptelike onderrigtaal.

Aansluitend hierby is 83,3 persent van die respondente van mening dat die verskil tussen die leerder se huistaal en die amptelike onderrigtaal in 'n groot mate tot onsekerheid ten opsigte van korrekte taalgebruik by leerders aanleiding kan gee.

Uit die empiriese ondersoek blyk dit duidelik dat waar die huistaal en die amptelike onderrigtaal verskil dit deurgaans die leerder nadelig kan beïnvloed.

5.3.4.4 Gevolgtrekking

Dit blyk uit die literatuuroorsig sowel as uit die empiriese ondersoek dat waar die huistaal van die amptelike onderrigtaal verskil dit tot leermislukking by leerders kan lei. Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat taalvervarring voorkom wat die kommunikasievaardighede van leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied nadelig beïnvloed. Soos in die literatuuroorsig, blyk dit ook in die empiriese ondersoek dat waar die huistaal van die onderrigtaal verskil, dit 'n invloed op die leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as hulle skolastiese vordering kan hê.

5.3.5 Die rol van die skool in die leerders se leermislukking

5.3.5.1 Inleiding

Wanneer daar van die skool gepraat word, word die departementele sowel as die skoolbeleid daarby ingesluit.

5.3.5.2 Bevindinge uit die literatuur

Wat die Namibiese skoolbeleid betref word 'n leerder tot graad 1 toegelaat in die jaar waarin die leerder sewe word (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture (1996(a)) afdeling 2.2.1.4). Dit bring mee dat leerders op tienjarige ouderdom reeds in graad 4 moet wees. Soms is dit egter nie moontlik nie en is leerders ouer aan die einde van die juniorprimêreskool-fase (vergeelyk afdeling 2.2.1.4).

Volgens die beleid van semi-outomatiese promovering word leerders egter vanaf

1995 oorgeplaas na 'n volgende graad na slegs een herhaling van daardie graad (vanaf graad 1 tot graad 4) (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1996(a):33).

Baie van die leerders ervaar agterstande in hulle skoolwerk en beland as gevolg daarvan in spesiale klasse. Dit dui daarop dat die semi outomatiese promovering nie die leerder tot voordeel strek nie maar eerder tot agterstande in hulle skoolwerk lei (vergelyk afdeling 2.2.1.4).

Aansluitend hierby blyk dit dat, hoewel die onderwysbeleid voorsiening maak vir 'n bepaalde toekenning van leerders per onderwyser (een onderwyser vir vyf-en-dertig leerders), dit soms gebeur dat die skool daarvan afwyk en meer leerders per klas toelaat. Dit, enersyds en die aantal drupelinge andersyds, maak oorvol klasse aan die orde van die dag in Namibië. Ook laat inskrywings by skole maak dat onderwysers teen die middel van die jaar met oorvol klasse sit (vergelyk afdeling 2.2.1.4 (iv)).

Oorvol klasse dra daartoe by dat daar te min banke, skryfbehoeftes, boeke en kaste is vir die aantal leerders in die klas. Dit gebeur dus dat tot drie leerders 'n bank en handboeke moet deel. Oorvol klasse veroorsaak verder dat leerders nie voltyds op hul werk kan konsentreer nie. Die leerders sukkel om netjies te skryf. Weens die ongemak wat uit oorvol klasse spruit, kan dissiplinêre probleme ontstaan. Dit kan die leerders ongemotiveerd maak vir skoolgaan en daartoe bydra dat hulle sukkel om akademies na wense te presteer. Die leerders kan as gevolg hiervan leerprobleme en kennisgapings ontwikkel. Leerders word dus die geleentheid ontnem om optimaal te presteer. Dit veroorsaak dat leerders se ingesteldheid teenoor hulle skoolwerk negatief kan wees. Al hierdie faktore kan aanleiding tot druping en vroeë skoolverlating gee (Kruger 1989:59).

5.3.5 3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat 47,9 persent van die respondente aangedui

het dat die herhaling van grade/leermislukking die oorsaak is waarom leerders wat ouer is as die genoemde ouderdom in klasse voorkom. Voorts huldig 27,1 persent van die respondente die mening dat laat skooltoetrede en baie skoolverwisseling/verhuising verdere bydraende faktore is dat ouer leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom.

'n Groot aantal, naamlik 87,5 persent van die respondente, het verder aangedui dat oorvol klasse individuele aandag byna onmoontlik maak en dat dit tot leermislukking aanleiding kan gee. Aansluitend hierby het drie-kwart van die respondente (75%) te kenne gegee dat hulle dissiplinêre probleme ervaar weens die oorvol klasse in die gekose skole.

Verder het meer as die helfte van die respondente (54,2%) aangedui dat handboeke te min is. Aansluitend hierby het 45,8 persent van die respondente die mening gehuldig dat skryfbehoeftes wat nie genoegsaam is nie, ook as moontlike oorsake van leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied gesien kan word.

Die meerderheid respondente is van mening dat spelerigheid, rusteloosheid en aandagsoekerigheid die algemeenste gevolge van oorvol klasse is, en dat dit 'n negatiewe uitwerking op hul leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling kan hê.

Voorts huldig byna drie-kwart van die respondente (72,9%) die mening dat ongehoorsaamheid by hulle leerders 'n uitvloeisel van oorvol klasse mag wees. Afknouery by leerders en verkeerde maats word as verdere negatiewe invloede op die leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling gesien.

Daarby huldig meer as twee-derdes van die respondente (68,8%) die mening dat oorvol klasse by die gekose skole 'n bydraende faktor tot die hoë druiopsyfer by die skole kan wees.

5.3.5.4 Gevolgtrekking

Dit blyk uit beide die literatuuoroorsig en die empiriese ondersoek dat oorvol klasse meestal tot die nadeel van leerders mag strek. Tesame hiermee dra die skoolbeleid van semi-outomatiese promovoring ook by tot die leerders se leermislukking in die volgende graad. Soos aangedui in die ondersoek kan die onderrig in die klas nie effektief geskied nie, omdat negatiewe invloede soos byvoorbeeld te min banke en dissiplinêre probleme die leerders verhoed om optimaal te kan konsentreer en hulle as gevolg daarvan leermislukking in die gekose skole ervaar.

Dit blyk dus uit die literatuuoroorsig sowel as die empiriese ondersoek dat oorvol klasse leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling sowel as hulle skolastiese vordering nadelig kan beïnvloed.

5.3.6 Toename van kultuurgroepe in die skoolpopulasie

5.3.6.1 Inleiding

Kultuur omsluit die universele, tradisionele gebruike, produkte, waardes en onderskeidende karaktertrekke van 'n bepaalde menslike samelewing. Materiële kultuur sluit in tegnologie en kunste, terwyl nie-materiële kultuur verwys na taal en ander simbole, vaardighede, geloof en norme (Le Roux 1992:9).

5.3.6.2 Bevindinge uit die literatuur

Kultuur word op beide formeel en informele wyse aan leerders in Namibië oorgedra omdat opvoeding en onderwys kultuurgebonde is. In Namibië kom 'n verskeidenheid van tale en dialekte voor. Dit lei tot kultuur-en taalverwarring by die kind en kan tot leerprobleme in hulle skoolwerk laanleiding gee (Namibia, Ministry of Basic Education and Culture 1991(a):218).

Volgens die literatuuroorsig is dit duidelik dat leerders gekonfronteer word met leesboeke en voorgeskrewe boeke waarvan die inhoud heeltemal vreemd aan hulle is. 'n Ander kultuuraspek wat uit die oog verloor word is die tradisionele kulturele gebruike tussen die verskillende etniese groepe. Wanneer leerders dus in 'n kultuuranderse omgewing onderwys ontvang mag dit aanleiding tot leerprobleme gee (Du Toit 1997:76-77).

Uit die literatuuroorsig blyk dit verder dat, die skoolpopulasie in Namibië'n samestellings met verskillende kulture en tradisies in skole toon. In die meeste gevalle kom dit voor dat die kinders se huiskultuur van die skoolkultuur verskil. Die gevolg is dat leerders nie hou by die skoolreëls nie en 'n negatiewe houding teenoor die skoolwerk kan inneem, wat tot agterstande in die skoolwerk kan lei (Le Roux 1992:35-36) (vergelyk afdeling 2.2.1.2).

5.3.6.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Uit die ondersoek blyk dit dat meer as die helfte van die respondente (64,6%) onsekerheid weens kultuurverskille as 'n negatiewe invloed op hulle leerders se emosionele ontwikkeling sien.

Die respondente was egter verdeeld oor die invloed van kultuurverskille op die leerders se sosiale ontwikkeling. Dit mag dalk wees omdat leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied makliker aanpas by die gemengde skole, of dat die onderwysers dalk nie genoegsaam daarop ingestel is om hierdie verskille agter te kom en dit bevredigend kan hanteer nie.

Drie-kwart van die respondente (75%) het taalverwarring by leerders as gevolg van kultuurverskille binne die huis as een van die grootste oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied beskou.

Voorts word leerprobleme in spesifieke vakke in die klas deur 54,2 persent van die

respondente en swak redeneringsvermoë van leerders deur die helfte van die respondente (50%) by die gekose skole aan kultuurverskille toegeskryf.

5.3.6.4 Gevolgtrekking

Uit die literatuuroorsig blyk dit dat kultuurverskille 'n invloed op die leerder se leermislukking kan hê. Hierdie stelling is ook in die empiriese ondersoek bewys deurdat taalverwarring en onsekerheid by leerders weens kultuurverskille deur die meeste respondente aangedui is as faktore wat leerders se emosionele ontwikkeling en hulle skolastiese vordering nadelig kan beïnvloed.

5.3.7 Die bestuurstyl van skole wat tot leermislukking aanleiding kan gee

5.3.7.1 Inleiding

Elke skool beskik oor 'n bestuurstyl wat tot die klimaat wat binne die skool heers kan bydra.

5.3.7.2 Bevindinge uit die literatuur

In die skool word daar van leerders verwag om by die skool-en leerklimaat aan te pas. Die skool lê bepaalde reëls en prosedures neer om die skoolprogram vlot te laat verloop en ook om goeie dissipline te handhaaf. Die leerders moet dus aan hierdie reëls en prosedures voldoen. Dit dra by tot 'n leerder se sukses of mislukking in sy leer (Kruger 1989:59). Ten spyte van die belangrike rol wat die skool in die kognitiewe, fisieke, geestelike en sosiale ontwikkeling van die leerder speel, slaag nie alle skole daarin om leerders suksesvol vir toetreding tot die volwassewêreld voor te berei nie (vergelyk Le Roux (1992) in afdeling 2.2.1.4).

Waar daar 'n outokratiese bestuurstyl by 'n skool toegepas word en dissipline te streng is, mag onderwysers weinig insette gee oor dinge rakende die skool en word

leerders ook nie toegelaat om insette te lewer wat tot voordeel van die skool mag strek nie. Hierdie bestuurstyl kan dus tot leerders se leermislukking bydra.

Waar die bestuur van die skool egter te permissief is en waar daar weinig reëls is wat nagekom moet word, gee dit aan onderwysers vrye reg om na goeie dinge op te tree. Dit bring mee dat daar geen eenvormige beleid is nie. Dit verwar leerders en kan tot swak motivering by leerders aanleiding gee (vergelyk afdeling 2.2.1.4).

5.3.7.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Tydens die empiriese ondersoek het meer as die helfte van die respondente (62,5%) te kenne gegee dat hulle 'n demokratiese bestuurstyl in hulle klasse handhaaf. Die respondente is van mening dat 'n demokratiese bestuurstyl 'n positiewe uitwerking op die leerders se emosionele en sosiale sowel as skolastiese vordering kan hê. Meer as 50 persent van die respondente is van mening dat 'n demokratiese bestuurstyl die leerders se denke stimuleer terwyl die helfte van die respondente van mening is dat hulle bestuurstyl in die klas geleentheid tot selfontdekking gee.

5.3.7.4 Gevolgtrekking

Dit blyk uit die literatuuroorsig dat bestuurstyl by skole 'n rol kan speel in die leermislukking van leerders. In die empiriese ondersoek het dit egter na vore gekom dat 'n demokratiese bestuurstyl by die meeste van die gekose in die Windhoek stadsgebied voorgekom het. Aangesien die demokratiese bestuurstyl in die literatuur as die aangewese bestuurstyl om leersukses te bevorder aangedui is, en dit ook in die empiriese ondersoek na vore kom, behoort die bestuurstyl van die skole nie tot leermislukking van leerders by te dra nie.

5.3.8 Die rol van die onderwyser

5.3.8.1 Inleiding

Die onderwyser neem die rol van die ouers oor in die skool. Benewens akademiese begeleiding en hulpverlening, het die onderwyser ook 'n belangrike rol te vervul met betrekking tot die leerder se behoefte aan liefde, geluk, veiligheid, aanmoediging en aanprysing.

5.3.8.2 Bevindinge uit die literatuur

Uit die literatuuroorsig blyk dit dat die onderwyser binne die klaskamer die geleentheid het om 'n warm, intieme en vertroulike klasatmosfeer te skep. Hierbinne moet daar ruimte wees vir ervaring en beleving van 'n gevoel van onderlinge vertrouwe, wedersydse begrip en onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar (vergelyk afdeling 2.2.1.4).

Dit kan egter gebeur dat onderwysers nie genoegsaam sensitief vir die behoeftes van die leerders in hulle klasse is nie. Die gevolg is dat die leerder wat 'n stadiger pas handhaaf of 'n ander leerstyl het, nie in die klas geakkommodeer word nie (vergelyk Thale (1991) in afdeling 2.2.1.4).

Landsberg (1994:56-57) is van mening dat die onderwyser se houding en gedrag baie keer 'n negatiewe gesindheid by leerders kan kweek. Waar die onderwyser nie geïnteresseerd is in die vakke wat hy aanbied nie, kan dit die leerders se ingesteldheid teenoor die werk nadelig beïnvloed. 'n Onderwyser met 'n ongeduldige, onrustige en soms onsimpatieke spreektoon kan tot 'n gevoel van angs en onsekerheid by die leerders in sy klas bydra. Gedragsmanifestasies soos belangeloosheid, 'n volgehoue swak ingesteldheid teenoor leerders wat nie na wense presteer nie, onsimpatieke kritiek of die gebruik om 'n leerder bloot te ignoreer, dra verder by tot 'n negatiewe gesindheid by leerders teenoor hulle skoolwerk (vergelyk afdeling 2.2.1.4).

Leerders wat voortdurend met hulle skoolwerk sukkel as gevolg van die optrede van

'n onsimpatieke onderwyser kan die skool as 'n plek van mislukking en vergelding sien. Hulle verloor belangstelling en kan skoolverlating as 'n uitweg sien om van hulle onsekerheid en angs weg te kom (vergelyk Le Roux (1992) in afdeling 2.2.1.4). As die onderwyser deur outoritêre gedrag of negatiewe opmerkings die leerder onveilig laat voel, sal die leerder nie in staat wees om in die betrokke vak of vakke sy beste te lewer nie. Dit mag verder tot leerprobleme aanleiding gee (Du Toit 1997:72-73).

5.3.8.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Tydens die empiriese ondersoek het byna al die respondente (97,9%) gemotiveerdheid en voorbeeldigheid as die vernaamste persoonlikheidseienskappe van onderwysers in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied aangedui. Volgens 95,8 persent van die respondente is eerlikheid, beleefdheid en verantwoordelikheid verdere belangrike karaktereieskappe waarvoor onderwysers moet beskik om suksesvol onderrig te kan gee.

Verder is 91,7 persent van die respondente van mening dat onderwysers in die gekose skole oor 'n goeie taalbevoegdheid in die amptelike onderrigtaal (Engels) moet beskik. Swak uitspraak aan die kant van die onderwyser kan volgens 93,8 persent van die respondente, die leerders se leerproses nadelig beïnvloed. Verder het 72,9 persent van die respondente aangedui dat kennisgapings kan ontstaan tussen leerders met 'n goeie taalvermoë en dié wat die onderwyser nie so goed verstaan nie.

Dit blyk dus uit die ondersoek dat onderwysers oor besondere persoonlikheidseienskappe sowel as oor 'n goeie vermoë in Engels moet beskik omdat dit in 'n groot mate bepaal of hulle die leerders in die gekose skole suksesvol sal onderrig of nie.

5.3.8 4 Gevolgtrekking

Uit die literatuuroorsig blyk dit dat die ideale onderwyser oor bepaalde persoonlikheidseienskappe moet beskik. Hierdie stelling is ook in die empiriese ondersoek bewys waar byna al die respondente goeie karaktereienskappe van 'n onderwyser beklemtoon het. Dit blyk verder uit die literatuuroorsig sowel as die empiriese ondersoek dat die taalbevoegdheid van die onderwyser in die amptelike onderrigtaal (Engels) 'n baie belangrike rol speel in die leersukses van leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

5.3.9 Omgewingsfaktore wat tot leermislukking by leerders aanleiding kan gee

5.3.9.1 Inleiding

Namate kinders groot word, na buite beweeg en die skool begin bywoon, kom hulle onder die invloed van hulle sosiale omgewing. Hierdie invloede raak leerders se emosionele en sosiale ontwikkeling en speel ook 'n belangrike rol in hulle skoolvordering.

5.3.9.2 Bevindinge uit die literatuur

Die invloede wat vanuit die sosiale omgewing op leerders uitgeoefen word, beïnvloed in 'n groot mate hul siening van hul aspirasies en die wil om in die lewe te vorder. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die sosiale omgewing nie soseer kan opvoed nie, maar dat dit slegs leerders kan beïnvloed (vergelyk afdeling 2.2.1.3).

Leerders word by skooltoetrede positief of negatief deur mede leerders beïnvloed (vergelyk Le Roux (1992) in afdeling 2.2.1.6). Die verwagtinge van die onderwysers word meestal gekoppel aan die beter of swakker sosiale omgewing waaruit die leerders kom Bakker & Ubachs (1993:20).

Soos reeds genoem kan die positiewe invloede wat leerders opmekaar het lei tot goeie ondersteuning en begrip vermekeer. Negatiewe invloede mag lei tot agterstande in die leerder se skoolwerk en kan tot vroeë skoolverlating lei (vergelyk afdeling 2.2.1.3).

Dit blyk dus uit die literatuuroorsig dat die omgewingsdeterminante soos die portuurgroep wel 'n invloed op die leerder se vordering op skool kan uitoefen.

5.3.9.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Tydens die empiriese ondersoek het die respondente te kenne gegee dat die genoemde omgewingsfaktore nie noodwendig tot leermislukking by leerders in die juniorprimêreskool-fase in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied aanleiding gee nie.

Meer as die helfte van die respondente (52,1%) het egter aangedui dat swak omgewingsinvloede soos negatiewe portuurdruk tot onsekerheid by die leerders kan bydra en sodoende 'n negatiewe invloed op hulle emosionele ontwikkeling kan hê. Verder het 47,9 persent van die respondente te kenne gegee dat leerders onveilig voel weens hulle swak omgewingsinvloede.

Voorts is 56,3 persent van die respondente van mening dat swak omgewingsinvloede 'n negatiewe rol kan speel in die sosiale ontwikkeling van leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

Volgens 54,2 persent van die respondente kan negatiewe omgewingsfaktore tot ongemotiveerdheid by leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied aanleiding gee.

5.3.9.4 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking kan dus uit beide die literatuuoroorsig en die empiriese ondersoek gemaak word dat negatiewe omgewingsfaktore'n rol kan speel in die leermislukking van juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied.

5.3.10 Samevattende gevolgtrekking

Uit bogenoemde bevindinge uit die literatuuoroorsig sowel as die empiriese ondersoek blyk dit dat ekstrinsieke faktore soos die invloed van die huis en die gesin, die skool en die omgewing kan bydra tot die leermislukking van die leerders in die juniorprimêreskool-fase in die Windhoek stadsgebied.

Negatiewe faktore soos swak toesig oor kinders tuis, oorvol huise, negatiewe opvoedingstyle (soos die permissief-toegeeflike en die permissief-onverskillige opvoedingstyle wat, volgens die respondente, die meeste in die ouerhuise in die Windhoek stadsgebied voorkom), armoede en enkelouer-gesinne dra grotendeels daartoe by dat leerders nie die nodige ondersteuning van hulle ouers ontvang om sukses op skool te behaal nie.

'n Ander aspek wat tot leermislukking by die juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied kan bydra is die feit dat die meerderheid leerders en onderwysers se huistaal van die amptelike onderrigtaal in die skool verskil. Dit bring mee dat leerders en onderwysers uit verskillende kulture in een skool saamgevoeg is. 'n Kultuuranderse skoolomgewing kan tot leermislukking by sekere leerders aanleiding gee.

Wat die rol van die skool in die leerder se leermislukking betref, het die empiriese ondersoek bewys dat oorvol klasse tot te min ruimte per leerder, te min skryfbehoeftes dissiplinêre probleme, aandagafleibaarheid en eventueel, tot leermislukking, aanleiding kan gee.

'n Demokratiese bestuurstyl wat by die meeste van die gekose skole gehandhaaf word, behoort nie tot leermislukking by leerders in die gekose skole by te dra nie.

Negatiewe omgewingsfaktore speel, volgens die meeste respondente, nie so 'n beduidende rol in die leermislukking van die juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied nie.

Laastens is die belangrikste karaktereienskappe waarvoor onderwysers moet beskik om leerders in die gekose skole suksesvol te kan onderrig, beklemtoon.

5.4 INTRINSIEKE OORSAKE VAN LEERMISLUKING

5.4.1 Inleiding

Intrinsieke faktore wat aanleiding gee tot leermislukking is in die leerder self geleë en is in baie gevalle aangebore. Die leerder self het selde of ooit direkte beheer oor sy probleem of die oorsake daarvan. So byvoorbeeld, mag kinders met fisieke gebreke ook spraakprobleme ervaar, en emosionele en gedragsprobleme mag aanleiding gee tot leerprobleme.

5.4.1.1 Bevindinge uit die literatuur

Wanneer 'n kind 'n fisieke gestremdheid ervaar mag dit wissel van 'n geringe mate van lompheid tot die kind wat van 'n rolstoel gebruik moet maak (Dean 1996:107). As gevolg van die beperkinge wat fisieke gestremdhede kan meebring word daar verwag dat voortdurende en spesiale hulp verleen moet word sodat die kind sy take volledig en korrek kan uitvoer.

Volgens Dean (1996:28-29) mag daar kinders wees wie se spesifieke fisieke gestremdhede sekere aspekte van hul skoolwerk mag bemoeilik. So mag daar leerders wees wat gehoorprobleme het wat kan lei tot taalprobleme omdat die

leerders nie al die spraakklanke behoorlik kan hoor nie. Hulle verstaan nie die spreker nie en sonder hulle af en beperk sodoende hul geleenthede om die gesproke taal te gebruik.

Gebrekkige visueleskerpte lei ook tot taal- en leerprobleme omdat die basiese taalkonsepte deur middel van die visuele sintuig aangeleer word. Leergestremde leerders wat as dislekties beskou word omdat hulle weens neurologiese oorsake probleme ondervind mag ook 'n swak selfbeeld en leesangs as gevolg daarvan ervaar (vergelyk afdeling 2.2.2.1). Algemene liggaamlike gestremdhede soos byvoorbeeld abnormaliteit van die ledemate kan lompheid veroorsaak wat dit vir leerders moeilik maak om te skryf. Hierdie handeling asook lees en spel is noodsaaklik vir die leerder se vordering op skool. Om agterstande hierin te hê mag tot leermislukking aanleiding gee (vergelyk afdeling 2.2.2).

Verder mag daar leerders in die klasse wees wat spesifieke gesondheidsprobleme beleef soos hartsiektes, asma, diabetes mellitus of kanker. Onderwysers wat nie kennis daarvan dra hoe om leerders met hierdie siektetoestande in die klaskamer te hanteer nie, kan daartoe bydra dat hierdie leerders leermislukking ervaar. As 'n onderwyser byvoorbeeld nie weet hoe om 'n leerder wat 'n epileptiese toeval in die klas kry te hanteer nie, kan hy of sy daartoe bydra dat die leerder deur die portuur verwerp word.

Volgens Dean (1996:108) kan leerders wat vir lang tye in die hospitaal opgeneem is, min geleenthede kry om na wense in hulle skoolwerk te vorder. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie faktore in ag geneem word anders mag die leerder nie volgens sy vermoë presteer nie en onveilig voel wanneer hy met soveel veranderinge gekonfronteer word.

Baie onderwysers in die Namibiese opset neem nie hierdie faktore in ag in hul daaglikse onderrig nie (vergelyk afdeling 2.2.2.1) en kan dus vir hierdie leerders 'n struikelblok tot hulle leer en ontwikkeling wees.

5.4.1.2 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Volgens 83,3 persent van die respondente kom leerders wat nie goed kan sien nie (veral nie op die skryfbord nie) in hulle klas voor en kan hulle leermislukking as gevolg daarvan in hulle klasse ervaar.

Dit blyk verder dat meer as 'n drie-kwart van die respondente (77,1%) gedurige verkoue by leerders of 'n lopende neus as bydraende faktore tot leermislukking by hul leerders in die gekose skole ondervind.

Dit blyk uit die ondersoek dat gesondheidsprobleme in 'n mindere mate tot afwesigheid van leerders in die gekose skole bydra. Dit wil egter voorkom of gesondheidsprobleme by leerders in die gekose skole wel tot leermislukking bydra.

5.4.1.3 Gevolgtrekking

Dit blyk uit die literatuuroorsig sowel as die empiriese ondersoek dat gesondheidsprobleme by leerders voorkom en in beide gevalle 'n negatiewe invloed op hulle skolastiese vordering kan hê. Anders as die literatuuroorsig dui die empiriese ondersoek daarop dat afwesigheid van leerders weens gesondheidsprobleme in 'n mindere mate by die juniorprimêreskool-leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voorkom.

5.4.2 Die manifestasies van leergestremdheid by leerders

5.4.2.1 Inleiding

Leergestremdheid is 'n probleem van neurologiese oorsprong en dus intrinsiek van aard. Volgens Du Preez en Steenkamp (1986:1) en Hallahan en Kauffman (1991:124-126) verwys die term, leergestremdheid, na leerders wat oor 'n gemiddelde tot bo-

gemiddelde verstandsvermoë beskik maar wat nie hulle potensiaal kan verwesenlik nie ten spyte van normale visie, gehoor en goeie onderwysgeleentheid.

5.4.2.2 Bevindinge uit die literatuur

Baie leergestremde leerders openbaar dikwels dieselfde gedragsprobleme soos hiperaktiwiteit, impulsiwiteit en aandagstoornisse wat direk met neurologiese disfunksie verband hou. Hallahan en Kauffman (1991:135-136) onderskei tussen aandagstoornisse en hiperaktiewe gedrag, omdat die een toestand dikwels tot die ander aanleiding gee.

Waar aandagprobleme by leerders voorkom veroorsaak dit dikwels leerprobleme ten opsigte van baie aspekte van die leerders se skoolwerk. In baie skole is daar min plek vir byvoorbeeld hiperaktiewe leerders omdat die onderwysers dikwels nie die probleme wat daaraan vebonde is, begryp nie en die leerders as ongedisiplineerd beskou (vergelyk afdeling 2.2.2.2).

By sommige leerders wat leermislukking ervaar, is die intrinsieke en ekstrinsieke faktore wat tot hulle leerprobleme bydra, so ineengestremmel dat dit soms moeilik is om te bepaal of hulle leerprobleem primêr of sekondêr van aard is (vergelyk afdeling 2.2.2.2).

Verder blyk dit uit die literatuuroorsig dat swak motoriese ontwikkeling tot leerprobleme by leerders kan lei. Leerders wat agterstande in oog-hand koördinasie het en wie se fynmotoriese vaardighede nie so goed ontwikkel het nie, mag probleme soos 'n swak handskrif hê (vergelyk afdeling 2.2.2.2).

Die literatuur beklemtoon dit verder dat 'n bepaalde vlak van leergereedheid van leerders vereis word ten einde te kan lees. Indien die leerders leer lees voordat hulle daarvoor gereed is ontwikkel baie leerders leesprobleme en kom dit meer algemeen by leergestremde leerders voor (Lerner 1993:209).

Leergestremde leerders ondervind probleme in wiskundige begrippe omdat hulle mag sukkel om byvoorbeeld woordsomme te lees en te begryp. Hulle vind dit ook moeilik om lang vermenigvuldiging en deling te voltooi (vergelyk Lerner (1993) in afdeling 2.2.2.2). Verdere faktore wat kan bydra tot wiskunde probleme is ruimtelike verhoudinge, taal en 'n swak konsep van tyd. Sommige leerders vind dit moeilik om wiskunde idees te lees en te begryp en om hoofrekenes te doen. Baie leergestremde leerders vind dit moeilik om optelling, aftrekking, deling en vermenigvuldiging te voltooi (vergelyk Lerner (1993) in afdeling 2.2.2.2).

Persepsie is die vermoë om betekenis te gee aan inligting wat deur die sintuie waargeneem is. Die volgende perseptuele tekorte word deur Lerner (1993: 323-327) en Derbyshire (1991:401) onderskei: voorgrond-agtergrond onderskeiding geheue, sluiting, opeenvolging en ruimtelike verhoudinge. Tekorte in bogenoemde persepsies mag emosionele, sosiale en kognitiewe stremming op die leerder plaas.

Leergestremde leerders se gedrag is soms irriterend en aggressief. Dit veroorsaak dat leergestremde leerders se verwerping deur ander en die negatiewe reaksie op hulle gedrag maak dat die leerders 'n swak selfbeeld ontwikkel. Dit lei daartoe dat leergestremde leerders dit al hoe moeiliker vind om sosiaal te kan verkeer (vergelyk afdeling 2.2.2.2).

5.4.2.3 Bevindinge uit die empiriese ondersoek.

Tydens die empiriese ondersoek het 64,6 persent van die respondente bevestig dat leerders met leesprobleme in hulle klasse voorkom. Dit mag wees omdat leesgereedheid 'n voorvereiste vir lees is. Indien leerders nie leesgereed is wanneer hulle in die juniorprimêreskool-fase aan formele leesonderrig onderwerp word nie, sal hulle waarskynlik sukkel om die leeshandeling te bemeester.

Verder is 52,1 persent van die respondente van mening dat probleme met wiskundige berekenings tot leermislukking aanleiding kan gee. Wiskundige probleme ontstaan in

die meeste leerders se eerste skooljaar alhoewel dit by sommige leerders ook later kan ontstaan. Hulle is soms oorafhanklik van konkrete hulpmiddels om 'n antwoord te kan uitwerk. Leerders met probleme se algemene werkspoed is baie stadig en hulle maak dikwels foute, selfs met die eenvoudigste bewerkings.

Ongeveer 20 persent van alle respondente het aangedui dat 'n impulsiewe leerstyl, 'n lae selfkonsep en ontoepaslike sosiale gedrag nie noodwendig as faktore gesien kan word wat tot leermislukking bydra nie.

5.4.2.4 Gevolgtrekking

Uit die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek blyk dit dat leergestremdheid wel tot leermislukking by leerders kan lei. Dit wil egter voorkom of leergestremdheid in 'n mindere mate onder leerders in die gekose skole voorkom.

5.4.2.5 Samevattende gevolgtrekking

Wat betref die intrinsieke oorsake van leermislukking by leerders in die gekose skole is die volgende inligting deur die respondente verskaf. Swak visie, gedurige verkoue en 'n lopende neus kom baie in hulle klasse voor. Dit kan meestal tot leermislukking by hulle leerders bydra. Voorts is leesprobleme ook as 'n groot oorsaak van leermislukking deur die respondente aangedui.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in skole in die Windhoek stadsgebied aan die hand van die literatuuroorsig en die empiriese ondersoek te probeer bepaal.

5.6 VOORUITSKOU

In hoofstuk 6 word sekere aanbevelings om leermislukking in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied teen te werk, na aanleiding van die navorsingsresultate gemaak. Die tekortkominge van die studie en voorstelle vir verdere navorsing word ten slotte uiteengesit.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Eerstens word die vernaamste bevindinge van hierdie studie saamgevat en bespreek. Ten slotte word sekere leemtes in die studie uitgewys en aanbevelings vir verdere navorsing gemaak.

6.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek was om die oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase van skole in die Windhoek stadsgebied vas te stel. Dit is na aanleiding van die volgende gedoen:

- * Om ondersoek in te stel na die oorsake van leermislukking in die algemeen met spesifieke verwysing na die Windhoek stadsgebied.
- * Om aanbevelings te doen wat kan help om leermislukking teen te werk.

6.3 METODE VAN NAVORSING

In 'n poging om die probleem in diepte te ondersoek, is 'n literatuuoroorsig sowel as 'n empiriese ondersoek gedoen. Die literatuuoroorsig het die volgende behels: 'n studie is van die bestaande literatuur en beskikbare ministeriële-verslae gemaak om die moontlike oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase van skole in die Windhoek stadsgebied na te vors. Die literatuuoroorsig het bygedra tot die verkryging van agtergrondkennis betreffende die ekstrinsieke en die intrinsieke oorsake van leermislukking in die algemeen en ook met spesifieke verwysing na die Windhoek stadsgebied.

Die empiriese navorsing oor die oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase van skole in die Windhoek stadsgebied is gebaseer op 'n vraelys wat oor spesifieke vrae beskik wat konstant bly dwarsdeur die hele navorsing. Deur die vraelys is gepoog om die realiteit aan die hand van frekwensies en persentasies te beskryf soos dit van die respondente van doelbewusverkose skole in die Windhoek stadsgebied verkry is.

Die vraelys is voorgelê aan agt-en-veertig vrywillige onderwysers aan twaalf skole wat doelbewus uit drie woongebiede (woongebiede a, b en c) in die Windhoek stadsgebied gekies is. Vier onderwysers uit elkeen van die twaalf geselekteerde skole is gekies; een elk uit grade 1 tot 4 wat verteenwoordigend van die drie woongebiede a, b en c is.

6.4 NAVORSINGSBEVINDINGE

6.4.1 Bevindinge uit die literatuur

Ekstrinsieke oorsake van leermislukking is daardie faktore wat van buite af op 'n leerder inwerk byvoorbeeld vanuit die gesin, skool, kultuur en die omgewing.

Volgens Derbyshire (1989:64) vind die primêre opvoeding van die kind in die ouerhuis en gesin plaas. Die belangrikste komponente van die gesin is die ouers en hulle kinders. Dit dui dus daarop dat die invloed wat van die ouerhuis uitgaan, van kardinale belang vir die kind se totale ontwikkeling is.

Waar ouers versuim om hul kinders genoegsaam te stimuleer kan dit tot onderprestasie by die leerders lei. 'n Streng opvoedingstyl van die ouers dra daartoe by dat leerders nie die geleentheid gegun word om hul eie mening te lig nie. Ouers wat weens hul werksomstandighede laat by die huis kom, dra daartoe by dat leerders meestal aan hulself oorgelaat is, en maklik onder die invloed van verkeerde maats kan beland.

Dit blyk verder uit die literatuuroorsig dat die sosio-ekonomiese status van 'n gesin gerig is op die beskikbaarheid van lewensmiddele. Koopman (1993:155) wys daarop dat waar die inkomste van die hoofbroodwinner swak is, of waar die hoofbroodwinner werkloos is, dit aanleiding kan gee tot probleme soos swak en oorbewoonde huisvesting, lae lewenstandaard en lae toekomsaspirasies wat gevolglik swak skolastiese vordering tot gevolg kan hê. In baie armoedige omstandighede gebeur dit soms dat leerders aan wan- en ondervoeding blootgestel word. Die gevolg is dat hierdie leerders sukkel om in die klas te konsentreer wat hulle leer nadelig mag beïnvloed. Waar langdurige ondervoeding voorkom by 'n kind kan dit selfs aanleiding gee tot leergestremdheid by sodanige leerders.

Enkelouergesinne of huise waar kinders voortdurend mishandel word, waar ouers aan drank verslaaf is en waar een ouer vir lang periodes afwesig is, byvoorbeeld, as gevolg van werksomstandighede, het 'n negatiewe invloed op die kinders se emosionele, sosiale en skolastiese vordering.

Volgens Davey (1994:125) dra elke groep mense hulle eie kultuur deur middel van opvoeding aan hul kinders oor. Daarbenewens word kultuur formeel deur die onderwysers in die skole oorgedra. Dit bring mee dat in 'n gemeenskap waar daar 'n verskeidenheid van kulture voorkom, die kultuur van die een groep nie altyd met die kultuur van ander groepe ooreenstem nie. 'n Verdere aspek wat die skoolvordering van leerders grootliks kan beïnvloed, is die verskeidenheid van tale wat in Namibië gepraat word. Dit lei baie keer tot kultuur- en taalverwarring by kinders en kan tot leerprobleme in hulle skoolwerk lei.

Benewens sy gesinslede verwerf 'n kind kennis en vaardighede tydens sy daaglikse verhoudings met sy portuurgroep, kennisse en ander persone. Die lede van 'n portuurgroep kan mekaar nadelig beïnvloed. Maats wat byvoorbeeld verdowingsmiddels gebruik mag 'n leerder nadelig beïnvloed om ook dwelms te gebruik. Dit lei tot swak vordering op skool en kan selfs stokkiesdraai by die leerders tot gevolg hê. Swak verhoudings met maats lei meestal tot emosionele onstabieleit

met gepaardgaande leermislukking.

In die skoolopset bevind leerders hulle in 'n meer formele leersituasie as tuis. Van die leerders word verwag om by die skoolomgewing aan te pas en 'n goeie verhouding met hulle onderwyser en mede klasmaats aan te knoop. Dit blyk egter dat faktore soos die bestuurstyl in die klas, die toekenning van leerders per onderwyser, en die hantering van kultuurverskille in een klas 'n rol kan speel in die leermislukking van die leerder.

Indien die onderwyser in die klas negatief teenoor 'n leerder wat leermislukking ervaar ingestel is, gebeur dit soms dat die ander leerders dikwels ook negatief teenoor so 'n leerder ingestel is. Sulke situasies lei soms tot emosionele en sosiale probleme en lei tot agteruitgang in die leerder se skoolvordering. Die verskil tussen die leerder se huistaal en die onderrigtaal en die onderwyser se onbevoegdheid daarin is faktore wat bydra tot die leerder se leermislukking en die gedrag wat hy binne en buite die klaskamer sal openbaar.

Voorts kan gesondheidsprobleme ook tot leermislukking by leerders lei. Waar daar byvoorbeeld gehoorprobleme by leerders voorkom kan dit tot taalprobleme aanleiding gee omdat die leerder nie al die spraakklanke goed genoeg kan hoor nie. Baie keer kan hulle ook nie die onderwyser goed hoor nie en om verleentheid te voorkom, vermy hulle dan sulke situasies. Die grootste gedeelte van die inligting wat mense uit hulle omgewing bekom, word deur middel van die visuele sintuig verkry. Dit beteken dus dat visuele probleme tot leerprobleme aanleiding kan gee. Epilepsie en ander gesondheidsprobleme kan ook aanleiding tot leermislukking gee.

Navorsers soos Hallahan en Kauffman (1991:142) en Lerner (1993:515-517) het gevind dat leerders wat leermislukking ervaar 'n lae selfbeeld openbaar omdat hulle nie altyd deur hul ouers, onderwysers en sy portuur aanvaar word nie. Leerders met 'n lae selfbeeld wat gepaardgaan met angs is meestal so vasgevang in hulle onsekerheid dat hulle dit meestal moeilik vind om te leer. Hulle neem dus weinig deel

aan die leerhandeling.

Aggressiewe gedrag, hiperaktiwiteit, impulsiwiteit, aandagsoekerigheid en aandagafleibaarheid is enkele van die gedragsprobleme wat dikwels met leergestremdheid gepaard gaan.

6.4.2 Bevindinge uit die empiriese ondersoek

Soos genoem, is die empiriese navorsing in twaalf gekose skole in die Windhoek stadsgebied gedoen. Die ekstrinsieke oorsake van leermislukking wat in die navorsing na vore gekom het, dui op die volgende:

- Wat die huislike en gesinsomstandighede betref, is bevind dat die permissief-onverskillige en permissief-toegeeflike opvoedingstyle in die meeste ouerhuise in die Windhoek stadsgebied voorkom. Dit dra by tot swak toesig oor kinders tuis wat as 'n groot oorsaak van leermislukking by leerders gesien word. Waar die moeder 'n enkelouer is en dus te veel verpligtinge het om genoeg aandag aan die kinders te gee, kan dit bydra tot leermislukking by leerders.
- Die verskil tussen die huistaal en die amptelike onderrigtaal kan 'n nadelige invloed uitoefen op leerders se skolastiese vordering, sowel as hul emosionele en sosiale ontwikkeling.
- Die invloed van kultuurverskille by leerders in dieselfde klasse dra by tot taalverwarring by leerders. Dit lei tot onsekerheid by leerders wat betref hulle kommunikasie in die ander taal. Daar is egter bevind dat kultuurverskille die leerders in hulle sosiale ontwikkeling in 'n mindere mate raak. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat daar in Windhoek groter blootstelling aan ander kultuurgroepe is as op die platteland, en dat leerders in die Windhoek stadsgebied dus makliker kan sosialiseer.

- Die taalbevoegdheid van die onderwyser in die onderrigtaal (Engels) is as van kardinale belang beskou. Waar onderwysers nie die taalbevoegdheid in Engels het nie, kan dit tot leermislukking by leerders in die gekose skole lei.
- Die demokratiese bestuurstyl kom die meeste in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied voor. Die leerders word hierdeur bevoordeel in baie van hul skoolaktiwiteite omdat hulle toegelaat word om eie ontdekkings te maak.
- Die respondente was dit verder eens dat persoonlikheidseienskappe van onderwysers soos 'n goeie voorbeeld, gemotiveerdheid, positiewe ingesteldheid en verantwoordelikheid daartoe bydra dat leermislukking minder kan voorkom.
- Oorvol klasse is 'n algemene tendens in die skole in die Windhoek stadsgebied. Dit dra by tot 'n tekort aan meublement en skryfbehoeftes. Die meeste respondente het aangedui dat graadherhaling tot oorvol-klasse kan lei.
- By die meeste van die gekose skole het invloede uit die omgewing nie 'n noemenswaardige invloed op die leerders se emosionele ontwikkeling gehad nie. Wat wel voorgekom het is dat leerders se sosiale ontwikkeling en hulle skolastiese vordering wel in 'n mindere mate deur hul omgewingstoestande beïnvloed word. 'n Leerder kan dus deur sy omgewing beïnvloed word ongeag die huislike omstandighede waaruit hy kom.

Die volgende intrinsieke probleme wat tot leermislukking kan bydra, het tydens die navorsing na vore gekom:

- Gesondheidsprobleme by leerders soos gedurige verkoues en moontlike visuele probleme is as die vernaamste oorsake van leermislukking by die gekose skole beskou.

- Enkele manifestasies van leergestremdheid soos leesprobleme, wiskundige probleme, gesproke taalprobleme en geskrewe taalprobleme is van die algemeenste oorsake van leermislukking by leerders in die gekose skole aangedui.

6.4.3 Gevolgtrekking

Uit die navorsing kom dit sterk na vore dat leerders ten spyte van goeie bestuurstyle by die gekose skole nog sukkel om te alle tye leersukses te behaal. Dit blyk dat ekstrinsieke sowel as intrinsieke faktore aanleiding gee tot leermislukking by leerders in die gekose skole in die Windhoek stadsgebied. Wat die ekstrinsieke oorsake betref, blyk dit dat die armoedige omstandighede van die meeste leerders by die gekose skole as die hooforsaak vir hul swak vordering gesien word. Die skoolsisteem is ook te blameer vir oorvol klasse en swak organisasie. Daarby speel intrinsieke oorsake soos voortdurende verkoues en swak visie ook 'n groot rol in die leerders se leermislukking.

6.5 TEKORTKOMINGE IN DIE NAVORSING

Hoewel daar drie skole uit elkeen van woonbuurte a, b en c gekies is, sou dit beter gewees het om meer skole te betrek wat vir 'n nog beter verteenwoordiging van die populasie kon sorg. 'n Navorsing soos oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase behoort van toepassing te wees op al die skole in Namibië omdat leermislukking 'n algemene verskynsel in Namibië is.

In ag genome dat geen vorige navorsing oor *oorsake van leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die Windhoek stadsgebied* gedoen is nie, kan 'n enkele navorsing soos hierdie nie noodwendig die kernprobleme blootlê soos gereelde en meer diepgaande navorsing nie.

Die ouers van die leerders in die juniorprimêreskool-fase in skole in die Windhoek stadsgebied is nie by die navorsing betrek nie. Daar kan dus nie aanvaar word dat die respondente se persepsie van die huislike omstandighede van hulle leerders altyd objektief en korrek is nie.

Weens die feit dat sommige van die gekose onderwysers van die geselekteerde skole middagskof-sessies moes werk, was dit nie altyd maklik om 'n tyd te kon bepaal waar dit almal gepas het nie.

'n Algemeen erkende beperking van soortgelyke studies is die gebrek aan tyd om gereelde opvolgnavorsing te doen en kontak met die respondente en hulle behoeftes te hou.

6.6 AANBEVELINGS

6.6.1 Aanbevelings wat voortspruit uit die navorsing

Die volgende aanbevelings wat uit die navorsing voortspruit kan geïmplementeer word om leermislukking in die juniorprimêreskool-fase in die Windhoek stadsgebied teen te werk.

- Alhoewel die leerder en onderwyser direk by die opvoedingsituasie betrokke is, is die indirekte invloed wat die ouer(s) uitoefen van net soveel belang. Daarom is dit nodig dat onderwysers soms die ouerhuise van hulle leerders besoek om beter ouer-onderwyser samewerking te verkry en om die ouers betrokke te kry by die werksaamhede van die skool en die leerders. Besoeke aan ouers is verder aan te beveel sodat onderwysers bewus kan word van die omstandighede van die leerders tuis. 'n Sterk ouer-onderwysersvereniging kan ook bydra om ouers meer betrokke by die skool te maak.

- Weens die feit dat baie ouers nie preprimêre onderwys kan bekostig nie, sou dit van groot nut wees indien 'n verpligte aanvangsjaar by skole ingestel kan word sodat leerders skoolgereed vir formele onderwys kan wees. Skoolhoofde moet verder daarop let dat onderwysers wat opgelei is in kleinkindonderwys vir die aanvangsjaar aangestel word. Omdat hierdie jaar as 'n belangrike grondleggingsfase beskou word moet onderwysers nie voortdurend verskuif word nie.
- Om leerders met leerprobleme te help verg 'n grondige kennis van onderrig en leer. Die onderwyser moet leerders wat leermislukking ervaar kan identifiseer en weet hoe om hulp aan hulle te verleen. Dit is dus belangrik dat alle onderwysers reeds in hulle basiese opleiding kennis moet opdoen van leerders met spesifieke onderwysbehoefte en veral van leerders met leerprobleme. Meer indiensopleiding behoort in die loop van elke jaar gedoen te word, om op die hoogte van die jongste ontwikkelings in die onderwys te bly. Dit sal die onderwysers in die juniorprimêreskool-fase op hoogte hou van nuwe hulpverleningstrategie wat in leergesentreerde onderwys sterk na vore kom. Dit sou geleenthede tot individuele aandag verhoog en hulpverlening aan goeie sowel as swakker leerders bevorder.
- Omdat die semi-outomatiese promovoring in die skole toegepas word, het dit noodsaaklik geword dat onderwysers opgelei word in die hulpverlening aan leerders wat na 'n volgende graad oorgeplaas is terwyl hulle nie die werk van die vorige graad bemeester het nie.
- Om die probleem van oorvol klasse aan te spreek wat by die meeste van die skole voorkom, word aanbeveel dat die Ministerie van Basiese Onderwys, Kultuur en Sport meer skole moet oprig.

- Meer vakadviseurs word aanbeveel asook inspekteurs om gereelde besoeke aan skole te bring en onderwysers gereeld op te lei in vakgebiede waar leiding die nodigste is.
- Wat mediese dienste betref het dit noodsaaklik geword dat beter samewerking verkry moet word tussen die Ministerie van gesondheid en die Ministerie van Basiese Onderwys, Kultuur en Sport sodat visuele en gehoorprobleme betyds ontdek en behandel kan word.
- Om die leerders wat uit armoedige huislike omstandighede kom te voed, is dit raadsaam dat meer skole voedingskemas soos 'n sopkombuis by die skole instel. Dit verseker dat die leerders ten minste een maaltyd per dag kan hê en sodoende meer bestand teen siektes soos gedurige verkoues kan wees. Die ouer-onderwysersvereniging kan hiermee behulpsaam wees.

6.6.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Die ontwerp en daarstel van 'n hulpverleningsprogram aan onderwysers in die juniorprimêreskool-fase wat met die kurrikulum ooreenstem om leerders wat met behulp van die semi-outomatiese promovoring na 'n volgende graad bevorder word te help, is nodig.

6.7 SLOT

Soos reeds aangedui kan die oorsake van leermislukking van leerders van buite sowel as in die leerder self geleë wees.

Die gesin en huislike omstandighede dra grootliks by tot die leerder se ervaring van leersukses of leermislukking op skool. Baie gevalle van enkelouergesinne (moeder as enkelouer) het by die gekose skole voorgekom wat die kind se vordering in sy totaliteit kan raak. Die negatiewe opvoedingstyle van ouers van die leerders het in die

leermislukking van die leerders uitgewys. Ook die verskillende kultuurgroepe in een klas na die onafhanklikheidswording van Namibia het bygedra tot verskille in die huistaal en die amptelike onderrigtaal van die skole, en leerders ervaar leermislukking as gevolg daarvan.

Dit het na vore gekom dat die portuurgroep ook 'n negatiewe invloed op die leerders by die gekose skole getoon het. Mense stroom jaarliks na Windhoek vir beter werksgeleenthede wat nie altyd realiseer nie en net nog bydra tot meer plakkerskampe en swakker omgewingstoestande soos byvoorbeeld geraas en oorbewoonde huise. Leerders van die gekose skole is aan sulke omstandighede blootgestel en kan nie na wense in die skool presteer nie.

Wat die skool betref behoort die opleiding van onderwysers hulle in staat te stel om die kennis en vaardighede wat leerders in grade 1 tot 4 moet bemeester op 'n suksesvolle wyse aan hulle oor te dra. Dit is egter nie altyd moontlik nie weens die oorvol klasse wat by die gekose skole voorgekom het. Ook is kennis van die leerders se agtergrond, hulle mediese rekord en hulle huislike omstandighede van kardinale belang.

Leerders wat leermislukking ervaar in die juniorprimêreskool-fase behoort dus onderrig te word deur onderwysers wat ten volle gekwalifiseerd is en wat reeds die noodsaaklike basiese onderwysondervinding opgedoen het maar wat gereeld indiensopleiding ontvang om ingelig te bly.

Leerders wat fisieke gestremdhede ervaar het nie voorgekom nie maar wel leerders wat nie goed kan sien of hoor nie, en hulle moet verkieslik die naaste aan die skryfbord geplaas word en om die toepaslike aandag van die leerders te verseker is dit nodig dat die onderwyser oogkontak met hulle behou.

Soos duidelik geword het uit die empiriese navorsing, kry menige onderwyser in die juniorprimêreskool-fase daagliks te doen met leerders wat leermislukking ondervind.

Die leerders kan probleme met 'n vak of net met 'n aspek daarvan ondervind. Die onderwyser se hulpverlening moet dus van so 'n aard wees dat dit die leerders kan help om nie net hulle leerprobleem te bowe te kom nie, maar hulle ook in staat te stel om vorentoe as onafhanklike volwassenes hul plek in die samelewing vol te staan.

Elke kind se belewing van sy sosio-ekonomies, fisiek of skolastiese omstandighede is uniek, derhalwe kan veralgemeende stellings net as raamwerk dien om oorsake van leermislukking aan te spreek. Leermislukking kan geïdentifiseer en reggestel word. Dit vra net toewyding van die onderwyser, kind asook die ouer.

BIBLIOGRAFIE

Bakker, J Th A & Ubachs, CBLM. 1993. Oordeelsvorming en remediëringskansen in het speciaal onderwijs. *Tijdschrift voor Orthopedagogiek* 32:19-29.

Bear, GG, Juvonen, J & McInerney, F. 1993. Self-perceptions and peer relations of boys with and boys without learning disabilities in an integrated setting: a longitudinal study. *Learning Disability Quarterly* 16 (2):127-136

Bender, WN. 1992. *Learning disabilities: characteristics, identification, and teaching strategies*. 3rd edition. Boston: Allyn & Bacon.

Bogdan, R. 1992. *Qualitative research for education: An introduction to theory and methods*. Boston: Allyn & Bacon.

Botha, A, van Ede, DM & Piek, JP. 1992. Die kleutertydperk., in *Menslike ontwikkeling*. onder redaksie van DA Louw. Pretoria: HAUM-Tersiër, 243-245.

Botha, PN. 1991. 'n Neurologiese, fisiologiese en genetiese oriëntering, in *Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese perspektief* onder redaksie van JA Kapp. Pretoria: Van Schaik, 205-262.

Brierley, J. 1987. *Give me a child until he is seven-brain studies and early childhood education*. London: Falmer.

Bricklin, PM. 1991. The concept of "self as learner": its critical role in the diagnosis and treatment of children with reading disabilities. *Journal of reading, writing and learning disabilities* 7(3):207-217.

Burden, A 1995. Inclusion as an educational approach in assisting people with disabilities. *Educare* 24(2):44-56.

Chuard, DJD, & Jarousse A. 1995. *Cost financing and development in Namibia*: Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Davey, CW. 1994. *Worrying: Perspectives on theory, assessment and treatment*. Chichester: Wiley.

Dean, J. 1996. *Managing special needs in the primary school*. London: Routledge.

Derbyshire, EJ. 1989. Die begeleidingsfunksie van die gesin ten aansien van die kind se sosiale volwasse wording. *Educare* 18(1):63-70.

Derbyshire, EJ. 1991. Leergestremdheid, in *Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese perspektief* onder redaksie van JA Kapp. Pretoria: Van Schaik, 390-433.

De Vos, AS, Strydom, H, Fouché, CB, Poggenpoel, M, Schurink, E & Schurink, W. 1998. *Research at grass roots a primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik.

Donald, D, Lazarus, S & Lolwana, P. 1997. *Educational psychology in social context: challenges of development, social issues, and special need in Southern Africa*. Cape Town: Oxford University Press.

Du Preez, JJ & Steenkamp, WL. 1986. *Spesifieke leergestremdhede - 'n neurologiese perspektief*. 2de uitgawe. Durban: Butterworths.

Du Toit, L. 1991. Die kind met probleme, in *Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese perspektief* onder redaksie van JA Kapp. Pretoria: Van Schaik, 23-34.

Du Toit, L. 1997. *Onderwys vir almal. Studiegids vir OSN 421-Q*. Pretoria: Unisa.

Gerdes, LC & van Ede, DM. 1992. Volwassenheid. in *Menslike ontwikkeling*. onder redaksie van DA. Louw. Pretoria: HAUM Tersier, 531-534.

Gross, J. 1993. *Special Education needs in the primary school: a practical guide*. Philadelphia: Pa: Open University Press.

Gross, J. 1996. *Special Education needs in the primary school: a practical guide*. 2nd edition. Philadelphia Pa: Open University Press.

Hallahan, DP & Kauffman, JM. 1991. *Exceptional children*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

Huysamen, GK. 1994. *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Jordaan, J, Tshabalala, M & Mfono, Z. 1991. *Bevolkingsgroeioens tydbom. Die oplossing vir Suid-Afrika se bevolkingsprobleem*. Pretoria: Van Schaik.

Kapp, JA. 1991. *Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese perspektief*. Pretoria: Van Schaik.

Koopman, PB. 1984. 'n Psigologiese- pedagogiese beeldlegging van die adolessent in standerd sewe in sekondêre skole vir kleurlinge op die platteland van die Suid - Kaapstreek. Ongepubliseerde Med - verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Koopman, PB. 1993. Leer en prestasie motivering van sekondêre skoolleerlinge in Namibië. Ongepubliseerde D.Ed-tesis. Pretoria: Unisa.

Kruger, AG. 1989. Bestuurstyl en skoolklimaat as determinante van ouerbetrokkenheid by formele Onderwys. *Educare* 18(1):54-61.

Lancy, DF. 1993. *Qualitative Research in Education: An introduction to the major traditions*. London: Publishing Group.

Landsberg, EI. 1994. Causes of underachievement, in *The underachiever in the classroom. Study guide for ORP 441-X* edited by L. du Toit. Pretoria: Unisa.

Landsberg, EI. 1995. Die verband tussen persoonlikheid in leerstyl by leergestremde adolessente seuns. Ongepubliseerde Med - verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Landsberg, EI & Burden, A. 1997. *Quality education for all: overcoming barriers to learning and development*. Tutorial letter EDUFAC-N301/1997. Pretoria: Unisa.

Lemmer, EM. 1995. Selected linguistic realities in South African schools: problems and prospects. *Educare* 24(2):82-96.

Le Roux, J. (red) 1992. *Temas in die Sosio-pedagogiek*. Pretoria: Van Schaik.

Le Roux, J & Gildenhuys, FP. 1994. The phenomenon of a "culture of poverty" in contemporary society, in *The black child in crisis: a socio-economical perspective*,. Volume 2, edited by J le Roux. Pretoria: Van Schaik, 25-52.

Le Roux, J. (red).1994. *The black child in crisis:a socio-educational perspective*, Volume 2. Pretoria: Van Schaik.

Lerner, J. 1993. *Learning disabilities: theories, diagnosis, and teaching strategies*. 5th edition. Boston, Mass: Houghton Mifflin.

Lewis, RB & Doorlag, DH. 1995. *Teaching special students in the mainstream*. 4th edition. Engelwood Cliffs, NJ: Merrill.

Lion-Cachet, S. 1992. Parent involvement in organised sport. *Educare* 21(1&2):97-105.

Louw, DA, Gerdes, LC & Meyer, WF. 1992. *Menslike Ontwikkeling*. Pretoria: Haum.

Marshall, C & Rossman, B. 1995. *Designing qualitative research*. 2nd edition. California: Sage

McLanahan, S & Sandefur, G. 1994. *Growing up with a single parent*. London: Harvard University.

Mercer, CD. 1998. *Teaching Students with learning problems*. 5th edition. Columbus, Ohio: Merrill.

Mertens, DM. 1998. *Research Methods in Education and Psychology. Integrating diversity with quantitative & qualitative approaches*. Thousand Oaks, Ca: Sage.

Miller N. 1992. *Single parent by choice: a growing trend in family life*. New York: Insight Books.

Mwamwenda, TS. 1995. *Educational Psychology, An African perspective*. 2nd edition. Durban: Butterworths.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1991(a). *Referral system, 1991*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1991(b). *The language policy for schools, 1992-1996 and beyond*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1993(a). *The state of education, culture and training in Namibia - an annual review*. Windhoek: Ministry of

Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1993(b). *Towards Education for All: A development brief for education, culture and training*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.

Namibia, Office of the Prime Minister. 1993. *Working for a better Namibia*. Windhoek: Universal Printing & Packing.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1994. *School statistics*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, National Planning Commission. 1994. *Living conditions in Namibia*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1995(a). *Circular 3/1994. Requirements for promotion in 1994., Grades 1-9 & 11*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1995(b). *School statistics*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1995(c). *Education Management Information System (EMIS): Education statistics*. Windhoek: Universal Printing & Packing.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1996(a). *Educational statistics 1992*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1996(b). *Educational statistics in the Republic of Namibia*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1996(c). *Education Management Information System (EMIS): Education statistics*. Windhoek: Universal Printing & Packing.

Namibia, National planning commission. 1996. *Central Statistics Office*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1997(a). *Education Management Information System (EMIS): Education statistics*. Windhoek: Universal Printing & Packing.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture (1997(b)). *Circular 4/1997: Requirements for promotion in 1997. Grades 1-9 & 11*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry of Basic Education and Culture. 1997(c). *National survey of schools*. Windhoek: Ministry of Basic Education and Culture.

Namibia, Ministry Basic Education, Sport and Culture. 1999. *Referral system, 1999*. Windhoek: Ministry of Basic Education, Sport and Culture.

Natriello, G McDill, EL. & Pallas, AM. 1990. *Schooling disadvantaged children: racing against catastrophe*. New York: Teachers College.

Neuman, WL. 1997. *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches*. 3rd edition. Boston: Allyn and Bacon.

Pierson, LH & Connell, JP. 1992. Effect of grade retention on self-system processes, school engagement, and academic performance. *Journal of Educational Psychology*. 84(2):300-307.

Roberts, H, Smith AJ & Bryce, C. 1995. *Children at risk? Safety as a social value.* Buckingham: Open University Press.

Santrock, JW. 1995. *Life-span development*, 5th edition. Madison, Iowa: Wim C Brown.

Shea, E. 1991. *The immortal "I": towards a fourth psychology of being/loving/knowing* Lanham, Md: University Press of America.

South Africa, Department of Education. 1997. *Quality Education for all: Overcoming barriers to learning and development.* Report of the National Commission on Special Needs in Education and Training (NCSNET) and National Committee on Education Support Services (NCESS). Pretoria: Government Publishers.

